



Die NWU se Visie, Waardes en Missie

Visie

Om 'n toonaangewende universiteit in Afrika te wees, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie.

Waardes

Die Noordwes-Universiteit onderskryf die waardes van menswaardigheid, gelykheid, vryheid, integriteit, verdraagsaamheid, respek, verbondenheid tot uitnemendheid, vakkundige betrokkenheid, akademiese vryheid en geregtigheid.

Missie

Ten einde die visie te verwesenlik, is ons van voorneme om die volgende te doen:

- Die Noordwes-Universiteit te posisioneer as 'n waardegedrewe universiteit wat daarna streef om 'n verskil te maak deur die strewe na kennis en innovasie, en deur plaaslik betrokke, nasionaal relevant en internasionaal erken te wees.
- Deur middel van onderrig-leer van gehalte, afgeronde graduandi te ontwikkel, te onderrig en te bemagtig wat lateraal en krities kan dink en in staat is om die land en sy mense te dien.
- Relevante en gefokusde navorsing van hoë gehalte – basies sowel as toegepas – voort te bring, en sodoende innoverende oplossings te bied vir uitdagings waarvoor die wetenskaplike gemeenskap, die land, die vasteland en die wêreld te staan kom.
- Navorsingsresultate en kundigheid – kommersieel sowel as gemeenskapsgerig – tot voordeel van die land, die vasteland en die wêreld te implementeer.
- Daarna te streef om wêreldwyd erken te word as 'n goed bestuurde en innoverende universiteit, met 'n kliëntefokus, deur die skep van 'n bevorderlike omgewing wat die universiteit se kernbesigheid sal uitbou en verbeter.
- 'n Finansiële lewensvatbare instelling te skep wat oor die vermoë beskik om voortdurend te transformeer om aan die land se maatskaplike en ekonomiese behoeftes te voldoen.
- Sensitief vir ons omgewing en die land se maatskaplike behoeftes te wees, en volhoubare ontwikkeling te bevorder.

Inhoudsopgawe

1 Die NWU se visie, waardes en missie

INSTITUSIONELE KORPORATIEWEBEHEEROORSIG

7 Bestuursopsomming (Afrikaans, Engels, Sesotho en Setswana)

11 Institusionele hoogtepunte

14 Samestelling van die Raad

18 Samestelling van die Institusionele Bestuur

20 Boodskap van die Kanselier

22 Verslag van die Voorsitter van die Raad

24 Raadsverslag oor korporatiewe beheer

INSTITUSIONELE BESTUURSOORSIG

35 Verslag van die Visekanselier

42 Verslag van die Adjunkhoof

47 Verslag van die Institusionele Registrateur

50 Verslag van die Tussentydse Institusionele Forum

52 Verslag van die Senaat

63 Mensehulpbronne

-
- 68 Studente
 - 71 Navorsing
 - 75 Innovasie
 - 78 Inligtingstegnologie
 - 82 Fasiliteite

KAMPUSOORSIG

- 87 Kampusoorsig: Mafikeng
- 92 Kampusoorsig: Potchefstroom
- 98 Kampusoorsig: Vaaldriehoek

FINANSIËLE OORSIG

- 105 Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite
- 111 Gekonsolideerde balansstaat soos op 31 Desember 2006
- 111 Gekonsolideerde inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2006

- 112 Lys van afkortings
- 113 Kontakbesonderhede

*“Deur voort te bou op die suksesvolle samesmelting-integrasiefase het die Noordwes-Universiteit (NWU) 2006 op ’n gesonde grondslag en met ’n duidelike strategie vir die toekoms binnegegaan. Hierdie strategie, soos vervat in die Institusionele Plan vir 2006 tot 2008 en **verder** is om ’n doeltreffende, getransformeerde en gebalanseerde onderrig- en navorsingsinstelling te word.”*

Dr Theuns Eloff, Visekanselier



Institusionele Korporatiewebeheeroorsig

2006 - 2008 EN VERDER

- 7** Bestuursopsomming (Afrikaans, Engels, Sesotho en Setswana)
- 11** Institusionele hoogtepunte
- 14** Samestelling van die Raad
- 18** Samestelling van die Institusionele Bestuur
- 20** Boodskap van die Kanselier
- 22** Verslag van die Voorsitter van die Raad
- 24** Raadsverslag oor korporatiewe beheer



Bestuursopsomming



Die NWU het voortgebou op die stabiliteit wat in die eerste twee jaar na die samesmelting bereik is en het 2006 op 'n stewige grondslag betree. Met dié dat die NWU hom op die mark as 'n lewenskragtige en innoverende universiteit met 'n entrepreneursoriëntasie gevestig het, is daar 'n rekordtal studente-inskrywings gelok en, ten einde oorlading van bestaande kapasiteit te vermy, moes daar perke aan die eerstejaarinnames gestel word. Die totale studentegetalle het op 38 736 vir die jaar te staan gekom, 'n styging van 0,4 persent vergeleke met die vorige jaar.

Daar was gesonde toenames in navorsingsuitsette en studente-deurvloeiysifers, sowel as in die NWU se vermoë om "derdegeldstroom-inkomste" te genereer, met ander woorde, ander inkomste as subsidiebefondsing en studentegelde. Meer as 'n kwart van die universiteit se begroting van R1,2 miljard vir 2006 was afkomstig uit ander bronne, insluitende patente en uitvindings wat deur die NWU ontwikkel is.

Met die basiese voorvereistes vir 'n volhoubare toekoms in plek, het die NWU sy aandag gerig op die implementering van sy strategie vir 2006 tot 2008 en verder, soos in die Institusionele Plan (IP) vervat. Die IP is ná omvattende oorlegpleging met universiteitsbelanghebbendes opgestel en in Mei 2006 aan die Onderwysdepartement voorgelê. Dit bevat duidelike strategiese doelstellings en aksieplanne, volledig met teikens vir die verwesenliking van die NWU se gekose strategie. In wese streef hierdie strategie daarna om die universiteit, wat tans 'n onderriggebaseerde universiteit met gefokusde navorsing is, in 'n doeltreffende, getransformeerde en gebalanseerde onderrig-en-navorsing-universiteit te verander.

Terwyl die eerste stappe in hierdie strategiese rigting in 2006 gedoen is, het die NWU nog 'n belangrike mylpaal bereik: die implementering van die NWU se Statuut. Die NWU het by die Minister van Onderwys se sperdatum van 8 Augustus 2006 vir voldoening aan die Statuut gehou en 'n nuwe Senaat, Konvokasierol en Raad van Skenkers tot stand gebring en hierdie strukture het ook hul lede in die NWU-Raad aangestel.

Na gelang die jaar gevorder het, het die NWU pogings versnel om integrasie op alle vlakke te bewerkstellig. Dit het die implementering van 'n enkele gesentraliseerde stelsel vir studente-administrasie ingesluit, asook geïntegreerde stelsels vir finansiële bestuur en mensehulpbronne. Beleid, reëls en prosedures is regdeur die universiteit in ooreenstemming gebring, wat 'n gelyke speelveld vir alle personeel en studente verseker het.

Gedurende die laaste kwartaal van die jaar is die hele universiteitsgemeenskap die geleentheid gegee om insette te lewer oor die ontwikkeling van 'n nuwe handelsmerkvestigingstrategie vir die NWU. Hierdie oorlegplegingsproses het die vorm aangeneem van 'n handelsmerk- en persepsie-oudit, wat gedoen is om die simboliese waarde van die NWU-logo en korporatiewe identiteit te bepaal. Die bevindinge van hierdie oudit sal benut word in die nuwe handelsmerkvestiging-strategie wat van die NWU 'n oombliklik herkenbare handelsmerk as 'n lewenskragtige, goed bestuurde en entrepreneuriese instelling sal maak.

Executive Summary

Building on the stability achieved in the first two years after the merger, the NWU entered 2006 on a solid footing. Having established itself in the marketplace as a vibrant, innovative and entrepreneurial university, the NWU attracted record student enrolments and, to avoid overtaxing its existing capacity, had to set limits for first-year intakes. The total student headcount for the year came to 38 736, an increase of 0,4 percent compared to the previous year.

Healthy increases were recorded for research output and student throughput rates, as well as in the NWU's ability to generate 'third-stream income', meaning income from sources other than subsidy funding and student fees. More than a quarter of the university's R1,2 billion budget for 2006 came from other sources, including patents and inventions developed by the NWU.

With the basics for a sustainable future in place, the NWU turned its attention towards implementing its strategy for 2006 to 2008 and beyond, as captured by the Institutional Plan (IP). The IP was prepared after extensive consultation with university stakeholders and submitted to the Department of Education in May 2006. It contains clear strategic objectives and action plans, complete with targets, for achieving the NWU's chosen strategy. Essentially, this strategy aims to move the university from being tuition-based with focused research towards becoming an effective, transformed and balanced tuition and research university.

While taking the first steps in this strategic direction in 2006, the NWU reached another important milestone: the implementation of the NWU Statute. Meeting the deadline set by the Minister of Education for complying with the Statute, 8 August 2006, the NWU successfully established a new Senate, Convocation Roll and Board of Donors, as well as these structures' designees on the NWU Council.

As the year progressed, the NWU accelerated efforts to achieve integration on all levels. This included implementing a single, centralised system for student administration, as well as integrated systems for financial management and human resources. Policies, rules and procedures were aligned across the university, ensuring a level playing field for all staff and students.

In the last quarter of the year, the entire university community was given the opportunity to contribute to the development of a new branding strategy for the NWU. This consultation process took the form of a brand and perception audit, which was conducted to assess the symbolic value of the NWU logo and corporate identity. The findings of this audit will inform the new branding strategy that will make the NWU an instantly recognisable brand as a vibrant, innovative and entrepreneurial institution.

Kakaretso ya bolaodi

Ho ahellwa hodima botsitso bo fihleletsweng dilemong tse pedi tse fetileng ka mora momahano, NWU e kene selemong sa 2006 e setletse. Boitotobatsong ba yona mmarakeng jwalo ka yunivesithi ya sehlalo, ya ntjhafatso le ya kgwebisano, NWU e hohetse palo e etsang rekoto ya boingodiso ba baithuti mme ho qoba tshubuhlellano, yunivesithi e ile ya beha meedi boingodisong ba selemo sa pele. Palo ya baithuti selemong sena ke 38 736, e leng keketseho ya 0,4 ho diphesente papisong le selemo se fetileng.

Dikeketsoho tse ntlafetseng di iponahaditse sekgahleng sa diphuputso le ho atleha ha baithuti ekasitana le bokgoni ba NWU ho fumaneng tjehele ka "moyjha wa boraro"; ho bolelang ditjehele tse sa tsweng tshhehetsong le ditjehele tsa baithuti. Tjehele e fetang kotara ya bajete ya yunivesithi ya dibilione tse R1,2 e tswile mehloding e meng e kenyeletsang tlhahiso le ditshibollo tse ntsheditsweng pele ke NWU.

Ka baka la meralo ya moshwella bakeng sa bokamoso, NWU e ile ya tsepamisa maikutlo a yona ho kenyeng leano lena bakeng sa 2006 ho isa ho 2007 le ho feta, ho ya ka Moralo wa Institushene (MI). MI e ile ya hlophiswa ka mora ditherisano tse batsi le baamehi ba yunivesithi mme wa romelwa Lefapheng la Thuto ka Motsheanong 2006. MI e kenyeleditse meralo ya sepheo le ya ho e kenya tshhehetsong ha mmoho le diphihlelo tse feletseng bakeng sa leano le kgethilweng ke NWU. Hantlente sepheo sa leano lena ke ho suthisa yunivesithi maemong a ho fana ka thupelo le diphuputso feela ho ba yunivesithi e fetohileng, e lekalekanang maemong a thupelo le phuputso.

Ha ho ne ho nkuwa mehato ya pele leaning lena ka 2006 NWU e ile ya ba le phihlelo ya bohlokwa: Ho kenngwa tshhehetsong ha ha Setatjhute sa NWU. Ho fihlella nako e neng e beilwe ke Letona la Thuto bakeng sa ho ikamahanya le Setatjhute ka la 8 Phato 2006, NWU e ile ya atleha ho hlomamisa Senate, Lenane la Khonvokeshine le Boto ya Banyehedi ha mmoho le boemedi ba mekgahlelo ena Khanseleng ya NWU.

Ha selemo se ntse se tsamaya, NWU e ile ya akofisa momahano maemong ohle. Sena se ile sa kenyeletsa tshhebetso e le nngwe ya ngodiso ya tsamaiso ya baithuti ha mmoho le taolo ya ditjehele le mehlodi ya basebeletsi. Maano, melao le tshhebetso di ile tsa amahanngwa yunivesithing yohle ho batalatsa tekano bakeng sa basebeletsi le baithuti.

Kotareng ya ho qetela ya selemo baamehi bohle ba yunivesithi ba ile ba kopuwa ho phehisa ntshetsopeleng ya leano la papatso la NWU. Ditherisano tsena di ile tsa nka sebopeho sa oditi ya boitsebiso le tjebahalo e ileng ya etswa ho hlahloba moelelo wa lepetjo la NWU le boitsebahatso. Ditholwana tsa oditi ena di tla ba le tshusumetso leaning la boitsebahatso le tlang ho etsa hore kapele NWU e tsejwe e le institushene e sehlalo, e laolwang ka makgethe le ya kgwebisano.

Tshobokanyo ya Mokaedi wa Tsamaiso

Yunibesiti ya Bokone-Bophirima e simolotse ngwaga wa 2006 e lotela pele ka mowa wa go itse kwa e lebileng. Go ne go le bonolo mo go yone ka e ne e agelela mo tlhomamong ya dingwaga tse pedi tse di fetileng fa esale e momaganngwa. Ka YBB e itlhomile mo marakeng e le e e tshikhinyang, e e naganelang kwa pele ya bopakakgwebo e gogile baithuti ba palo e e kwa godimo go ikwadisa mo go yone. Go iphemela gore e seka ya ipheta tekano ya yone e ile ya tsaya baithuti ba palo e e rileng ba ngwaga wa ntlha. Palo ya ba ba ikwadisitseng mo ngwageng wa 2006 e eme mo go 38 736. Ke kgolo ya diphesente di le 0,4 fela mo ngwageng o o fetileng.

Go bonwe le kgolo ya palo mo go wetseng ga dipatlisiso le mo go faloleng ga baithuti. Yunibesiti e simolotse le go ka bopa "letseno la moela wa boraro", go tewa letseno go tswa mo metsweding e mengwe e e seng ya diketleetsa tsa mmuso le dituelo tsa baithuti. Letseno le le fetang kwarata ya tekanyetso yotlhe ya R1,2 bileone le tlile go tswa mo metsweding e mengwe eo e leng dipatente le ditlhamo tse dingwe tse di menolotsweng ke yunibesiti.

Ka metheo ya yunibesiti ya dinako tse di tlang e tlhomilwe jaanong, e ka gatela pele go dirisa le go wetsa Leano la Setheo (LS / IP). Ke leano le yunibesiti e itlhametseng lone la tsamaiso. Le simolotse ka 2006 mme le beile leitlho mo go 2008 le go feta foo. Leano la Setheo le kwadilwe morago ga dipuisano tse di ntsi le batsayakarolo mme la begwa mo Lefapheng la Thuto ka kgwedi ya Motsheganong ka 2006. Mo go lone go na le mesola-tomagano ya maikaelelo, le maano a tiriso mo go tlhaotsweng le dinako tsa tiragatso ya one. Tsotlhe di theilwe sentle go wetsa se yunibesiti e itlhaotsweng sone. Ke go iphetola go

nna yunibesiti ya tekano mo gare ga go ruta / fatlhosa ga baithuti le patlisiso. Pele e ne e le yunibesiti e e neng e beile leitlho thata mo thutong fela le patlisiso mole le mole. Fa e ntse e gatela pele ka dikgato tsa ntlha tsa yone mo 2006 yunibesiti e ile ya fitlha mo e neng e ipeetse maemo gone ebong go simolola le go dirisa Molao wa yone. Ke Molao o o neng o beilwe ke Tonakgolo go tswa mo Lefapheng la Thuto. O ne o tshwanetse wa tsenelwa ke yunibesiti fa go ne go tlhola letsatsi la borobedi la kgwedi ya Phatwe 2006.

Morago ga moo Yunibesiti ya Bokone-Bophirima e ile ya tlhoma Senate, Lenaneina la Phuthego le Boto ya Bane Fa ngwaga o ntse o ya YBB e tiisitse maiteko a yone go bopa tekano mo yunibesiting mo mathakoreng otlhe. Go akaretsa dilo tse di latelang jaaka: tsela e nngwe ya go ikwadisa ga baithuti le tsamaiso ya teng, tsela e nngwe ya go tsamaisa ditšhelete ka teng le tsela e nngwe ya metswedithuso ya setho. Maikemisetso, melao le tsamaiso ya teng di ile tsa bopiwa go netefatsa mokgwa o le mongwe wa go tshwara baithuti le batlhatlheddi ka teng.

Mo kgweditharong ya bofelo ba ngwaga setshaba sotlhe sa yunibesiti ka bophara se ile se fiwa tetlo go tsaya karolo mo go bopeng ga letshwaokgwebo la yunibesiti. Dipuisano tse di ile tsa tsamaya tsela ya thuno ya letshwao le kamogelo ya lone. Ka tsela e go ile ga netefatswa bokao ba logo ya YBB le tlaalo ya yone. Dipheetso tsa thuno e di tla tlhagisa letshwaokgwebo le lentšha le tiriso ya lone. Se se tla dira gore ka bonako go lemogwe e le yunibesiti e e tshikhinyang e e tsamaisiwang ka tolamo e e naganelang kwa pele ya bopakakgwebo.

Institusionele hoogtepunte 2006



Twee jaar na die samesmelting is die NWU se kernbesigheid en ondersteuningsprosesse ten volle operasioneel, en is die universiteit besig om te ontwikkel tot een van die mees lewenskragtige, entrepreneuriese en gerespekteerde leergemeenskappe in Afrika. Baie goeie vordering is reeds gemaak – veral in 2006 – ten opsigte van die NWU se strategiese doelwitte vir transformasie, onderrig-leer, navorsing en implementering van kundigheid.

Transformasie

Uit die goeie vordering wat gedurende die jaar gemaak is, is dit duidelik dat die NWU vinnig besig is om te ontwikkel in 'n geïntegreerde, verenigde universiteit met 'n gemeenskaplike visie sowel as 'n gemeenskaplike sin vir waarheen ons op pad is.

- In ons vooruitgang as 'n unitêre instelling het ons 'n uitstekende kompas in die vorm van die Institusionele Plan, getiteld "2006 – 2008 en verder". Die Institusionele Plan, wat op 10 Mei 2006 by die Departement van Onderwys ingedien is, sal vir die volgende drie jaar dien as die NWU se "padkaart" – wat sal help met die posisionering daarvan as 'n stabiele, lewenskragtige en entrepreneuriese universiteit. Die hersiene weergawe vir 2007 tot 2009 is intussen ook deur die Raad goedgekeur.
- Die NWU se Statuut was eweneens 'n baie belangrike bousteen in die universiteit se ontwikkeling ná die samesmelting. Met die oog daarop om vóór 8 Augustus 2006 volledige voldoening aan die Statuut te verseker, het die Raad reëls goedgekeur vir die konstituering van die NWU se kern-korporatiewebeheerstrukture. Die Senaat, Konvokasie en Raad van Skenkers het hul nuwe lede in die Raad gevolglik suksesvol verkies.
- Ten einde stukrag te verleen aan die NWU se transformasie, het die Raad sy komitees op 23 Junie 2006 herstruktureer. 'n Transformasie-Oorsigkomitee is tot stand gebring om toesig te hou oor die implementering van die Institusionele Plan, en die mandaat van die Komitee vir Mensehulpbronne is uitgebrei om kwessies rondom indiensnemingsgelykheid in te sluit.
- Die proses met betrekking tot die ontwikkeling van die NWU se handelsmerkvestiging-strategie het momentum gekry met 'n opname onder personeel, studente en oudstudente. Hulle is gevra om insette te lewer oor die ontwikkeling van 'n handelsmerkvestiging-strategie wat die NWU 'n onmiddellik herkenbare handelsmerk sal maak en die instelling sal laat uitstaan as 'n lewenskragtige, entrepreneuriese en stabiele universiteit.

- Twee ander ontwikkelings wat hiermee verband hou, is dat die NWU sy nuwe webdomeinadres, nwu.ac.za, geïmplementeer het, en die e-posstandaardiseringsproses gefinaliseer het. Voorts is die NWU se handleiding oor Korporatiewe Identiteit gepubliseer om die konsekwente, samehangende toepassing van die universiteit se korporatiewe identiteit te bevorder.
- Daar is erkenning gegee aan die universiteit se hoë standaarde van korporatiewe bestuur en openbaarmaking toe die NWU se eerste strategiese jaarverslag aangewys is as een van die vyf finaliste in die SA Publikasieforum se 2006-kompetisie.
- Operasionele integrasie het in 2006 'n belangrike tree vorentoe gegee toe die NWU ten volle geïntegreerde mensehulpbron-, finansiële en studentestelsels geïmplementeer het:
 - o Na maande van voorbereiding en opleiding is die nuwe Oracle ERP-stelsel vir Finansiële en Mensehulpbronbestuur in Junie 2006 aangeskakel.
 - o Kort daarna, in Julie, is die Varsité-studentestelsel suksesvol op die Mafikengkampus geïmplementeer. Dit beteken dat die NWU nou vir die eerste keer oor 'n eenvormige, gesentraliseerde studenteadministrasieselsel beskik.
 - o Vanaf 2007 sal alle nuwe personeel en studente 'n gestandaardiseerde toegangskartaal ontvang wat deur middel van 'n deelnemende proses ontwikkel is.
 - o 'n Elektroniese ondersteunde werkvloei- en rekordbestuurstelsel word tans geïnstalleer, en personeel sal opgelei word om dit doeltreffend te gebruik. Diegene wat die opleidingsprogram suksesvol voltooi, sal 'n NKR-geregistreerde sertifikaat as bevestiging van hulle bevoegdheid ontvang.
- Daar is reeds goeie vordering gemaak met die identifisering van beleide, reëls en prosedures wat rasionalisering en herbelyning benodig.
- Ten opsigte van eerstejaarstudente het die NWU matig gegroei, hoofsaaklik weens die beperking van 5 100 wat op die 2006-inname geplaas is. Hoewel die eerstejaarregistrasies op al die kampusse effens minder as verwag was, was die gehalte van studente beter, wat 'n positiewe uitwerking op die studentedeurvloeyfer sal hê.
- Alles dui daarop dat die voorgraadse sukseskoers verbeter het en dat navorsingsuitsette vir 2006 in lyn sal wees met die geteikende groei van vyf persent.
- Die Senaat het 'n aantal beleide goedgekeur wat sal dien om die programbelyningsproses te rig. Een van hierdie beleide handel oor die vestiging van "akademiese programbelyningsklusters" wat sal fokus op die koördinerings-, belyning en rasionalisering van akademiese programme.
- Op 8 Augustus 2006 het die Senaat 'n Institusionele Toelatingskomitee gestig met die mandaat om te verseker dat toelatings aan wetlike vereistes voldoen, belyning is en die NWU se visie, waardes, missie en Institusionele Plan ondersteun.
- 'n Kwaliteitskontrolestelsel, spesifiek gefokus op die HOKK se institusionele oudit in 2008, is tot stand gebring. Die Institusionele Kwaliteitssteitsdirektoraat in die kantoor van die Adjunkthoof hou toesig oor die voorbereidingsproses vir die oudit.
- As deel van 'n strategie om die NWU se internasionale aansien te verhoog, het die universiteit ondersoek ingestel na samewerkingsooreenkomste met 'n aantal toonaangewende universiteite. Gedurende 2006 is 'n Memorandum van Verstandhouding met die London South Bank University (LSBU) onderteken, wat die weg gebaan het vir samewerking wat betref akademiese, kurrikulum- en administratiewe sake, gesamentlike geleenthede en konferensies en kulturele uitruilprogramme. Die NWU verwag om vroeg in 2007 'n omvattende samewerkingsooreenkoms met LSBU te finaliseer.
- Die NWU glo in die aflewering van goed afgeronde graduandi wat in alle sferes van die lewe uitblink, nie slegs op akademiese gebied nie. Dit was die gedagte agter die opening van die ENB-Hoëprestasie-instituut in Potchefstroom en voorbereidings vir die opening van die Sokkerinstituut by die Mafikengkampus. Nasionale en internasionale sportprestasies sluit in dat sewe NWU-atlete gekies is vir die Suid-Afrikaanse Statebondspan. Hulle het twee van Suid-Afrika se vyf goue medaljes gewen, en een silwer medalje.

Onderrig-leer

Die NWU se inskrywings- en registrasieprosesse vir 2006 het oor die algemeen suksesvol en doeltreffend verloop, met studentetalle wat volgens plan toegeneem het, en met beleide wat in plek gestel is vir die bevordering van belyning ten opsigte van akademiese programme en gehaltebestuur.

Navorsing en innovasie

Gedurende 2006 het die NWU sy reputasie as leier op die gebied van navorsing en innovasie gestand gedoen en die grondslag gelê vir voortgaande verbetering oor die volgende drie jaar.

- Die Strategiese Plan vir Navorsing en Innovasie is bygewerk met die oog op die uitbou van navorsingsbestuur en -ondersteuning.
- Navorsingsuitsette op al drie kampusse het beduidend gestyg. Artelekwivalente het van 326 eenhede in 2005 tot 371 eenhede in 2006 (beraming) toegeneem (met inbegrip van boeke en kongresvoordragte).
- Agtien NWU-navorsers is deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) gegradeer, en die getal NNS-gegradeerde navorsers staan tans op 85. Een van hierdie navorsers, dr S Ferreira van die Eenheid vir Ruimtefisiika, het die prestige P-gradering (vir "Presidentstoekening") ontvang, wat slegs toegeken word aan jong navorsers wat oor buitengewone potensiaal beskik.
- THRIP-befondsing het meer as verdubbel; gedurende 2006 het die NNS R15,9 miljoen toegewys. NNS-kern- en Thuthuka-befondsing het ook heelwat toegeneem, en befondingsgoedkeuring is vir twee nuwe NNS-nisareas verkry. Dit is: leerderondersteuningstrategieë vir leerhindernisse in inklusiewe onderwys en die sosio-ekonomiese impak van gebeurtenis- en bewaringstoerisme in Suid-Afrika.
- Die eksterne gradering van NNS-fokusareas is suksesvol voltooi en twee nuwe fokusareas het eenheidstatus verkry, te wete AUTHeR en Geneesmiddelenavorsing en -ontwikkeling.
- Drie groot navorsingsverwante kontrakte is deur die loop van die jaar aan die NWU toegeken:
 - o ABSA het 'n vyfjaar-beurskontrak ter waarde van R1,475 miljoen met die NWU se Sentrum vir Bedryfswiskunde aangegaan, wat dui op die tipe kundigheid wat in hierdie dissipline ontwikkel word.
 - o Die Sentrum doen ook namens ABSA industriegerigte navorsing oor finansiële-risikobestuur en -ontleding. Die waarde van hierdie vyfjaarprogram, wat in Februarie 2005 onderteken is, is R2 miljoen per jaar.
 - o In 'n vyfjaarprogram ter waarde van R7,5 miljoen is die NWU aangewys om nuwe en opkomende beesboere in die Noordwes-provinsie by te staan met die aankoop van Nguni-

beeste asook met die ontwikkeling van basiese infrastruktuur. Dit volg na die ondertekening van 'n Memorandum van Verstandhouding met die Nywerheidsontwikkelingskorporasie en die provinsiale Departement van Landbou, Bewaring en Omgewing.

Implementering van kundigheid

Die NWU het daarmee voorgestaan om sy kennisbasis met besighede, die regering en gemeenskappe te deel in die belang daarvan om 'n bydrae te lewer tot die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Noordwes-provinsie, Suid-Afrika en Afrika in sy geheel.

- Voorbereidings is goed op dreef vir die kommersialisering van die outo-ontstekingstelsel, wat ontwerp is deur die Eenheid vir Ruimtefisiika. Hierdie projek is 'n direkte gevolg van die NWU se deelname aan die Departement van Wetenskap en Tegnologie se Innovasiefondskompetisie van 2004.
- Die NWU is tans in die finale stadium van 'n Innovasiefondstoekening vir die ontwikkeling van afleweringstelsels vir antimalaria-, TB- en pediatriese MIV-medisyn.
- Die stelsel vir die aanlyn-afstandswaarneming van elektrokardiogramme van atlete, gepatenteer deur die NWU, is gedemonstreer by die opening van die NWU se nuwe ENB-Hoëprestasie-instituut in November 2006.
- Die NWU het in opdrag van die Suidelike Distriksmunisipaliteit 'n voorlopige uitvoerbaarheidstudie onderneem oor die totstandbrenging van 'n Noordwes-Wetenskappark op die NWU se Potchefstroomkampus teen 'n beraamde koste van R30 miljoen, wat 'n baie positiewe uitkoms opgelewer het. Die vestiging van 'n unieke wetenskappark sal deel vorm van 'n beoogde memorandum van verstandhouding tussen die NWU en die Suidelike Distriksmunisipaliteit. Die Wetenskappark sou dan die innovasie-middelpunt van die provinsie kon word, wat kennisintensiewe en innoverende tegnologieë na nuwe klein besighede sowel as aan gevestigde nywerhede kan oordra ten einde groei en werkskepping te stimuleer.
- Die Pebble Bed Modular Reactor Company het die kontrak vir die oprigting van twee fasiliteite vir die toetsing en evaluering van modulêrekorrelbedreaktor-tegnologie (MKBR-tegnologie) aan 'n private maatskappy toegeken.

Samestelling van die Raad

Samestelling van die Raad soos op 31 Desember 2006

Die Raad van die Noordwes-Universiteit is verantwoordelik vir die korporatiewe beheer van die instelling, bepaal die strategiese visie en rigting en keur alle strategiese planne, begrotings, beleide en statutêre reëls goed. Die Raad funksioneer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys van 1997 en die NWU se Statuut wat op 25 Augustus 2005 formeel in die Staatskoerant afgekondig is.

Ingevolge die NWU se Statuut bestaan die Raad uit 30 lede, van wie 18 deur eksterne belanghebbendes aangewys word en 12 intern aangewys word.

Ingevolge die Statuut is die eksterne belanghebbendes in die Raad die Minister van Onderwys, belanghebbendes uit die gemeenskap en private sektor, en die Konvokasie. Interne belanghebbendes is die bestuur, die Senaat, ander akademiese personeel, nie-akademiese personeel en die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR).

Dr Lydia Sebego is op die Raadsvergadering van 24 November 2006 as nuwe Voorsitter van die Raad verkies. Haar verkiesing het tot gevolg gehad dat die posisie van Ondervoorsitter van die Raad vakant geraak het. Mnr Peet van der Walt is gevolglik as die nuwe Ondervoorsitter van die Raad verkies.

Ministeriële aanstellings

Me NML Letlape: BA in Openbare en Private Bestuur en HonsBA in Openbare Korporatiewe Bestuur (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); driejaar-ampstermyn, van 2004 tot 2007.



Mnr G Mayet: MA in Openbare Beleid (Universiteit van Bristol, VK), MA in Onderwys (Open University, VK), vierjaar-ampstermyn, van 2004 tot 2008.



Mnr OJJ Tabane: BA (Universiteit van die Noorde), BProc (Universiteit van die Wes-Kaap), MPhil (Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit); vierjaar-ampstermyn, van 2004 tot 2008.



Dr LK Sebego: BSc (Universiteit van Noordwes), MEd (Universiteit van die Witwatersrand), DEd (Universiteit van Noordwes); vierjaar-ampstermyn, van 2004 tot 2008.



Dr L Wessels: B Jur et Com en LLB (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), LLM en LLD (Randse Afrikaanse Universiteit); driejaar-ampstermyn, van 2004 tot 2007.



Lede uit die private sektor

Mnr PJ van der Walt: GR(SA) (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), MA in Sosiale Wetenskappe (Templeton College, Oxford en HEC School of Management, Parys); driejaar-ampstermyn, van 2006 tot 2009.



Dr C Reinecke: DSc in Chemie (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), MBL (UNISA); driejaar-ampstermyn, van 2006 tot 2009.



Dr JJ van Zyl: DCom (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); vierjaar-ampstermyn, van 2004 tot 2008.



Mnr T Makubire: MSc en DSc (Universiteit van Berlyn); driejaar-ampstermyn, van 2006 tot 2009.



Lede aangewys deur die Konvokasie

Mnr PJW Buys: HonsBA (Randse Afrikaanse Universiteit); driejaar-ampstermyn, van 2004-2007.



Dr FJ Kok: MA (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); Dphil (Universiteit van Stellenbosch); driejaar-ampstermyn, van 2006 tot 2009.



Adv JSM Henning SC: BJuris en LLB (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); driejaar-ampstermyn, van 2006 tot 2009.



Prof LA van Dyk: MBA (Stellenbosch Besigheidskool), MA in Sielkunde (Universiteit van Pretoria), MA in Raadgewing en Afrigting (Hautes Etudes Commerciales, Frankryk); driejaar-ampstermyn, van 2006-2009.



Lede uit die gemeenskap

Dr CJ Smit: ThB en ThD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); vierjaar-ampstermyn, van 2004 tot 2008.



Dr HG Stoker: ThD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); driejaar-ampstermyn, van 2004 tot 2007.



Mnr NT Molusi: HonsBA (Universiteit van die Noorde), MTech BA (UNISA); driejaar-ampstermyn, van 2004 tot 2007.



Mnr S Ngwenya: Hons B.Ag. Ec. (Universiteit van Nieu-Engeland, Australië), HonsBSc in Landbou-ekonomie (Universiteit van Pretoria); vierjaar-ampstermyn, van 2004 tot 2008.



Lid met spesiale kundigheid

Adv MNS Sithole SC: BJuris (Universiteit van die Noorde), LLB (Universiteit van die Noorde), LLM (Universiteit van Pretoria), BA (UNISA); vierjaar-ampstermyn, van 2004 tot 2008.



Interne lede: Lede van die Bestuur

Dr T Eloff (Visekanselier): BJuris (Econ), ThB, ThM en ThD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); ex officio-lid van die Raad.



Dr MN Takalo (Adjunkhoof): BA en BEd (Universiteit van die Noorde), MA (Boston Universiteit); EdM en EdD (Universiteit van Columbia); ex officio-lid van die Raad.



Sekretaris van die Raad

Prof CFC van der Walt (Institusionele Registerateur): B Jur et Art (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), LLB (Randse Afrikaanse Universiteit), LLD (Universiteit van Suid-Afrika), is die statutêre Sekretaris van die Raad.



Lede uit die geledere van ander akademiese personeel

Mnr M Ndandani: BA en UEd (Universiteit van Fort Hare), MEd (Universiteit van Texas); driejaar-ampstermyn, van 2004 tot 2007.



Prof PP Krüger: BA, HonsBA, MA en ThD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); tweejaar-ampstermyn, van 2004 tot 2006.



Interne lede: Lede van die Senaat

Prof A le R du Plooy: BA, ThB, ThM en ThD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); tweejaar-ampstermyn, van 2004 tot 2006.



Prof F Venter: BJur et Comm, LLB en LLD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); tweejaar-ampstermyn, van 2004 tot 2006.



Dr NL Mahao: BA (Regte) en LLB (Nasionale Universiteit van Lesotho), LLM (Universiteit van Edinburgh) en LLD (Universiteit van die Wes-Kaap); driejaar-ampstermyn, van 2006 tot 2009.



Prof TC Rabali: BA (UNISA), ThB en ThM (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); DTh (UNISA); driejaar-ampstermyn, van 2006 tot 2009.



Lede uit die geledere van nie-akademiese personeel

Mnr T Matshego: BAdmin, HonsBAdmin en MBA (Universiteit van Noordwes); driejaar-ampstermyn, van 2004 tot 2007.



Adv EJ Britz: BJuris en LLB (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); driejaar-ampstermyn, van 2004 tot 2007.



Verteenwoordigers van die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR)

Lede dien in die Raad vir 'n tydperk soos bepaal deur die IVSR. Die volgende VSR-lede het tot Oktober 2006 in die Raad gedien:

Mnr A Atau-Rahman: BA (tans) (NWU, Mafikengkampus).



Mnr DW Coetsee: ThB, HonsThB en MTh (tans) (NWU, Potchefstroomkampus).



Mnr M Tsoetsi: BEd (tans) (NWU, Vaaldriehoekcampus).



In November 2006 is die volgende IVSR-lede aangewys om in die Raad te dien:

Mnr S Masango: BSc Agric (tans) (NWU, Mafikengkampus).



Mnr DW Coetsee: ThB, HonsThB en MTh (tans) (NWU, Potchefstroomkampus).



Mnr W Runeli: Ontwikkeling en Bestuur (tans) (NWU, Vaaldriehoekcampus).



Uittredende Raadslede

- Mnr MSM Molefe en mnr PG Mpolokeng se ampstermyn het op 1 Augustus 2006 verstryk.
- Mnr L Nyhonyha en me PC Modiko se ampstermyn het op 8 Augustus 2006 verstryk.
- Me R Jager, mnr K Rabanye en adv ZM Sicwebu se ampstermyn het op 8 Augustus 2006 verstryk.
- Adv EJ Britz se ampstermyn het verstryk toe sy in September 2006 'n ernstige beroerteaanval gekry het en 'n kurator aangestel is om haar sake te administreer. 'n Raadslid se lidmaatskap word beëindig indien hy/sy onbekwaam raak om die pligte van 'n Raadslid te vervul.
- Mnr T Matshego se ampstermyn het verstryk toe hy in November 2006 as personeellid afgedank is.

Samestelling van die Institusionele Bestuur

Die Institusionele Bestuur is as uitvoerende arm van die NWU verantwoordelik vir die implementering van die strategieë, planne, begrotings, beleide en reëls wat deur die Raad goedgekeur word.

Na die samesmelting-inkorporasie het die universiteit 'n tweevlak-sakemodel aanvaar wat by sy bedrywighede pas – bedrywighede wat strek oor drie kampusse sowel as 'n aantal leerlokaliteite in twee provinsies. Hierdie model bestaan uit 'n institusionele kernvlak wat universiteitswye konsekwenheid verseker, en drie kampusse wat as duidelik onderskeibare besigheidseenhede funksioneer.

Nadat die stelsel meer as twee jaar lank in bedryf was, het dr T Eloff, Visekanselier, dit as 'n behoefte geïdentifiseer dat die huidige struktuur geëvalueer word en dat wysigings voorgestel word, waar nodig, om die optimale funksionering van die Institusionele Bestuur te verseker. Op 24 November 2006 het die Raad die Visekanselier se aanbeveling aanvaar dat die Institusionele Bestuur met ingang van 1 Januarie 2007 herstruktureer word.

Visekanselier: Dr T Eloff
BJuris (Econ), ThB, ThM en ThD
(Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys).



Adjunkhoof: Dr MN Takalo
BA en BEd (Universiteit van die Noorde), MA
(Boston Universiteit), EdM en EdD (Universiteit
van Columbia).



**Kampusrektor: Mafikeng
Prof ND Kgwadi:** BSc (Universiteit van
Bophuthatswana), MSc (Ball State Universiteit),
MPhil (Universiteit van die Noorde), PhD
(Potchefstroomse Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys).



**Kampusrektor: Potchefstroom
Prof AL Combrink:** BA, MA en DLitt
(Potchefstroomse Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys), HOD (UNISA).



**Kampusrektor: Vaaldriehoek
Prof PJJ Prinsloo:** BA, MA en DLitt
(Potchefstroomse Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys), THOD (Potchefstroomse
Onderwyskollege).



**Prof CFC van der Walt (Institusionele
Registateur):** B Jur et Art (Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys),
LLB (Randse Afrikaanse Universiteit), LLD
(Universiteit van Suid-Afrika).



**Institusionele Direkteur: Finansies en
Fasiliteite, Prof IJ Rost:** BCom, HonsBCom,
MCom en CTA (Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys), Hoër
Diploma in Belastingreg (Universiteit van die
Witwatersrand), GR(SA).




**Institusionele Direkteur:
Mensehulpbronne, Studente, Innovasie
en Navorsing, Prof F van Niekerk:** BSc,
MSc en DSc (Potchefstroomse Universiteit vir
Christelike Hoër Onderwys).



**Institusionele Bestuurder: Korporatiewe
Kommunikasie, Me PP Mmope:** Nasionale
Diploma en BTech-graad in Joernalistiek
(Technikon Pretoria); BA (Kommunikasiekunde)
(UNISA), PRP (PRISA).



Noordwes-Universiteit – Institusionele Bestuur se organisasiestruktuur



Boodskap van die Kanselier

Dr PS Molefe, Kanselier



A s ek terugdink aan al die mylpale wat die NWU in die afgelope twee jaar bereik het, dan is dit met 'n gevoel van trots en tevredenheid.

Die NWU het al baie gevorder op die pad na transformasie. In 2004 het ons die regering en die land se strategiese perspektief van samesmelting van hoëronderrysinstellings en integrasie van onderwys in die verskillende gemeenskappe ons eie gemaak – om die rykdom aan kennis op die drie kampusse byeen te bring, om onderwys te verryk, en om te verseker dat die vaardighede gedeel word en oorgedra word na almal wat op soek is na kennis.

Dit was 'n groot uitdaging vir die universiteit. Die NWU het egter geen illusies daarvoor gehad nie. Ons het vanuit die staanspoor besef dat ons alle belanghebbendes se ondersteuning vir die samesmelting sou nodig hê.

Een van die grootste bedreigings en vrese ten opsigte van die samesmelting was dat stabiliteit in die slag sou bly. Sedert die samesmelting het die akademiese omgewing egter al baie gestabiliseer, en ons het daarin geslaag om weg te beweeg van emosiebelaaide debatvoering en die fokus te verskuif na belangrike akademiese kwessies wat die universiteit en die land in die gesig staar. Hieruit is dit baie duidelik dat die samesmelting en die gevolglike totstandbrenging van die NWU 'n reusesukses was. Dit beteken egter nie dat ons kan bekostig om nou op ons louere te rus nie. Daar lê nog baie werk voor. Ons moet voortbou op hierdie prestasies en terselfdertyd die momentum ten opsigte van groei en transformasie behou. Dit is ook belangrik om te besef dat die samesmelting self 'n voortgaande proses is, en nie 'n eenmalige gebeurtenis wat reeds ten volle verwesenlik is nie.

Die bevordering van akademiese uitnemendheid hou die sleutel tot die samesmelting. 'n Integrale deel hiervan is die uitdaging om die universiteit werklik nierassig te maak. Ons moet 'n punt bereik waar studente van die omliggende streke veeleer by een van die NWU se kampusse sal studeer as buite die grense van die Noordwes-provinsie.

Ons moet dus hierdie studente se ouers kan oortuig dat die gehalte van leer aan die NWU so hoog is dat hulle gerus daarvoor sal voel om hulle kinders by die NWU te laat inskryf. In die lig van dit wat reeds bereik is, glo ek dat die NWU sy plek as een van die voorste universiteite in Suid-Afrika kan volstaan. Dit verg egter steeds harde werk en konstante beoordeling van ons aktiwiteite, sowel as belyning van ons planne met die koers wat die land inslaan.



As ek aan die toekoms dink, stel ek my voor dat die NWU se insette van deurslaggewende belang sal wees vir die verwesenliking van die land sowel as die vasteland se millennium-ontwikkelingsdoelwitte. Die NWU moet met ander universiteite op die vasteland hande vat om vaardighede te deel en om studente en perspektiewe uit te ruil – ook oor kwessies rondom gemeenskapsontwikkeling. Universiteite behoort 'n leierskapsrol in die samelewing te vervul.

Die NWU het alles wat nodig is om die droom te verwesenlik om 'n toonaangewende universiteit in Afrika te word. Die universiteit beskik oor akademië van wêreldgehalte, gefokusde studente, en fakulteite wat 'n enorme bydrae in Suid-Afrika en op die vasteland kan maak – alles dinge wat die rol en plek van die universiteit definieer.

As ek aan die toekoms dink, stel ek my voor dat die NWU teen 2009 'n universiteit kan wees wat nie slegs oor die uitnemendheid beskik wat dit 'n model hoërondewysinstelling in die land maak nie, maar dat dit ook 'n prototipe kan wees van hoe gemeenskappe kan saamleef. Ek sien die NWU in 2009 as 'n voorbeeld van 'n uitnemende instelling, maar 'n instelling wat ook die strategiese prioriteite van die land sy eie gemaak het. Hierdie universiteit sal deur harde werk, uitnemendheid, dissipline, toewyding aan die leer-kultuur en progressiewe idees wat daarop gemik is om die samelewing ten goede te verander sy plek verdien as een van die voorste universiteite in die land.

Ons beskik beslis oor die nodige vasberadenheid, volharding en toewyding om ook hierdie grootse droom van die universiteit te verwesenlik. Ek wil graag my opregte waardering uitspreek teenoor die Visekanselier, Adjunkhoof, Kampusrektore, Institusionele Bestuur, Kampusbesture, studente, ouers, oudstudee en alle ander belanghebbendes sonder wie se ondersteuning en toewyding hierdie universiteit nie sou wees waar dit vandag is nie. U voortgesette toewyding is van onskatbare waarde om ons op koers te hou.

DR PS MOLEFE
KANSELIER

Verslag van die Voorsitter van die Raad

Dr LK Sebego, Voorsitter van die Raad



Die grootste uitdaging vir 'n organisasie wat die produk is van 'n samesmelting is om as één instelling vorentoe te beweeg – nie net in woord nie, maar ook in daad. Daarom is dit bemoedigend om weer 'n keer te kyk na die klein maar belangrike stappe wat die Noordwes-Universiteit (NWU) gedurende 2006 geneem het met die oog daarop om ware integrasie teweeg te bring.

Uit die perspektief van die Raad was die twee belangrikste prestasies rakende die bevordering van 'n gesamentlike bewustheid van waarheen ons op pad is die implementering van die NWU se Statuut en die finalisering van die Institusionele Plan.

Met sy eie Statuut in plek om die samestelling van kritieke korporatiewe strukture soos die Senaat, die Raad van Skenkers, Konvokasie, Institusionele Forum en die Raad te reël, het die universiteit die naelstring van die verlede finaal geknip. Die finalisering van die Institusionele Plan met sy toekomsgerigte prestasietekens en -maatreëls fokus ons aandag daarop om saam te werk as 'n geïntegreerde geheel.

Bogenoemde is weliswaar die twee mees ooglopende landmerke op die NWU se pad na integrasie, maar ek glo dat die manier waarop die universiteit die "sagter" kwessies hanteer van net soveel belang is. In hierdie opsig dink 'n mens byvoorbeeld aan die NWU se gebruik en bevordering van drie tale, naamlik Afrikaans, Engels en Setswana, as amptelike kommunikasiemedie. Deur veeltaligheid op hierdie vlak te ondersteun, is die NWU besig om 'n weergalose voorbeeld in hoërondewyskringe te stel.

Taal se belangrikheid as instrument van transformasie kan nie maklik oorskat word nie. Wanneer mense 'n omgewing binnegaan waar hul eie taal erken en gerespekteer word, ervaar hulle 'n gevoel van tuiswees, en voel hulle welkom. Om dié rede het die Raad besluit om 'n beleid van veeltaligheid te onderskryf, en ek is verheug dat dit so positief ontvang is. Waar daar wel probleme ervaar is, was dit nie te wyte aan taalvooroordele en negatiewe houdings nie, maar was dit eerder 'n gevolg van die praktiese realiteite van aanpas by 'n ander styl van kommunikasie.

Ek voel ook optimisties oor die NWU se breër transformasie, in die sin dat die universiteit homself as 'n enkele instelling beskou – en ook so gesien word deur die buitewêreld. NWU-personeel begin stadig maar seker om mekaar as lede van dieselfde unitêre organisasie te beskou. Hierdie ontluikende klimaat van betrokkenheid by mekaar het duidelik na vore gekom toe Raads- en bestuurstaakspanne en -werkgroepe gevorm is om verskillende aspekte van die Institusionele Plan uit te bou.



Dit is my wens dat die kultuur van integrasie wat besig is om te ontwikkel, op alle vlakke binne die universiteit en op alle kampusse sal posvat – ook onder die studente.

Alle NWU-aangeleenthede, van navorsing tot klasgelde tot studentegelde en programakkreditering, behoort vanuit 'n unitêre perspektief benader te word. Die NWU staan weliswaar op drie “bene” – die drie kampusse – maar hierdie drie bene is ewe sterk. Ek sien uit na die dag waarop dit vir 'n neutrale waarnemer onmoontlik sal wees om enige van die kampusse te assosieer met 'n instelling wat vóór die samesmelting bestaan het. Mense moet oral op die NWU ewe tuis voel.

Daar is egter 'n klompie ongelykhede waaraan aandag gegee sal moet word voordat hierdie uiteindelijke doelwit bereik kan word. Een van die voor die hand liggende ongelykhede is die verskillende geldestrukture op die drie kampusse. Pariteit is noodsaaklik om die eenvoudige rede dat 'n mens nie by dieselfde universiteit meer of minder kan betaal vir een en dieselfde graad nie.

Studieskuld is nog 'n kwessie wat daarmee verband hou. Dit is 'n uitdaging wat alle hoërondewysinstellings in Suid-Afrika in die gesig staar, en 'n aantal moeilike besluite sal geneem moet word. Weens beurse en ander vorme van finansiële ondersteuning wat beskikbaar is vir verdienstelike voorheen benadeelde individue wil dit voorkom of die gaping tussen die bevoorregtes en die benadeeldes besig is om te krimp. Die speelveld word gelyk gemaak. Jyself, harde werk en meriete is al wat nou nodig is om sukses te behaal in tersiêre studies.

Hoewel die NWU nog 'n lang pad het om na volkome transformasie te loop, is die weg vorentoe duidelik uitgestippel. Ek is dankbaar vir die werk wat onder die bekwame leierskap van die voormalige Voorsitter deur die vorige Raad gedoen is. Hulle het 'n swaar las gedra, en dis hulle insette wat dit vir die huidige Raad en uitvoerende leierskap makliker maak om te vorder op pad na die NWU se visie om 'n toonaangewende universiteit in Afrika te wees, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie.

DR LK SEBEGO
VOORSITTER VAN DIE RAAD

Raadsverslag oor korporatiewe beheer

Die NWU verbind homself tot die hoogste standaard van deursigtigheid, integriteit en aanspreeklikheid, en onderskryf die beginsels soos vervat in die tweede King-verslag oor Korporatiewe Bestuur in Suid-Afrika. Die integriteit van besluitneming en die korporatiewe beheer van die universiteit se aktiwiteite word beskerm deur gesamentlike oorlegpleging, besluitneming deur bemaagtigde bestuurders en deurlopende monitoring van resultate en risiko's. Hierdie beginsels word toegepas onder leiding van die Raad, die Senaat en die Institusionele Bestuur, en geld vanaf die hoogste vlak tot by die kleinste eenheid. Die universiteit voldoen in alle wesenlike opsigte aan die King-verslae (1994 en 2002) oor korporatiewe beheer.

Die rol en funksies van die Raad

Ingevolge die Wet op Hoër Onderwys van 1997 is dit die Raad se taak om die universiteit volgens die Wet en die universiteit se Statuut te beheer. Die generiese Standaard Institusionele Statuut (2002, soos gewysig) het gedien as die Statuut van die NWU ingevolge die Wet totdat die NWU se Statuut op 8 Augustus 2005 gepubliseer is, op welke datum hierdie statuut in werking getree het.

Ingevolge die NWU se Statuut is die Raad verantwoordelik:

- vir die korporatiewe beheer van die NWU deur die aanvaarding van doelwit- en waardeinstellings en strategiese planne, sowel as deur beleidmaking, die Statuut, die Reëls, prosesse en delegering van gesag. Die Raad moniteer ook die bedryfsprestasie van bestuur en vestig komitees en (in samewerking met die Senaat) gesamentlike komitees om uitvoering te gee aan die NWU se doelwitte en waardes;
- vir die bepaling van die NWU se taalbeleid, onderhewig aan die beleid van die Minister en met die medewerking en instemming van die Senaat;
- vir die vestiging van die strukture vir die lewering van studentesteundienste, na oorlegpleging met die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR);
- daarvoor om van lede te vereis om by 'n gedragskode te hou;
- vir die delegering van die gesag om personele aan te stel, met dien verstande dat aan niemand magtiging verleen word om iemand aan te stel wat direk aan hom/haar verslag doen nie.

Tydens die uitvoer van sy funksies gedurende 2006, die derde jaar van die NWU se bestaan, was die Raad veral bedag op die redes vir die samesmelting-inkorporasie, te wete:

- Om die gaping tussen 'n histories wit en 'n histories swart instelling te oorbrug.
- Om 'n meer "gelyke" personeel- en studentekorps te bevorder.
- Om die ontwikkeling en voorsiening van 'n omvattende reeks programme moontlik te maak, deur inkorporering van beroepsprogramme (tegnikon-tipe programme) en professionele en algemene (universiteit-tipe) programme in lyn met streeks- en nasionale behoeftes.
- Om kapasiteit met betrekking tot administrasie, bestuur, korporatiewe beheer en die akademie uit te bou.
- Om die ontplooiing en aanwending van akademiese personeel te konsolideer.
- Om navorsingskapasiteit uit te bou.
- Om volhoubaarheid te bevorder.

Samestelling van die Raad

Wat die implementering van die NWU se Statuut betref, moes alle strukture teen 8 Augustus 2006 aan die Statuut voldoen, wat onder meer beteken het dat nuwe Raadslede uit die Senaat, die Konvokasie en die Raad van Skenkers reeds vóór daardie datum verkies moes word.

1. Die Senaat is behoorlik gekonstitueer op 10 Mei 2006, en op 1 Augustus 2006 is die volgende persone tot die Raad verkies:
 - o Prof A le R du Plooy
 - o Dr NL Mahao
 - o Prof TC Rabali
 - o Prof F Venter

2. Ooreenkomstig die reëls het die Raad 62 maatskappye/insettings as skenkers van die NWU erken (insluitende die NWU-Stigting wat deur die Raad erken word as 'n "skenker in natura"). 'n Konstitueringsvergadering van die skenkers van die NWU is op 24 Julie 2006 gehou, waartydens die Raad van Skenkers soos volg gekonstitueer is:

- o ABSA: Mnr W van Zyl
- o Dagbreek Trust: Prof CJ Reinecke
- o DM Kisch Incorporated: Mnr A van der Merwe
- o Engen: Me Z Mpati
- o Eskom: Dr S Tshabalala
- o Eerste Nasionale Bank: Mnr PJ van der Walt (Voorsitter)
- o Mittal SA: Me C Ferguson
- o MKBR: Mnr T Makubire
- o SASOL: Dr C Reinecke
- o Telkom SA: Mnr S Fourie
- o Toyota: Dr JJ van Zyl
- o Gekoöpteer, die NWU-Stigting (bydrae in natura): Me PC Modiko
- o NWU: Dr T Eloff, Visekanselier (ex officio)
- o NWU: Prof IJ Rost, Institusionele Direkteur: Finansies en Fasiliteite (ex officio)
- o NWU: Mnr M Gordon, Direkteur: Institusionele Bevordering

Die Raad van Skenkers het die volgende persone uit die geledere van die skenkers verkies om in die Raad te dien:

- o Mnr T Makubire, MKBR
- o Dr C Reinecke, SASOL
- o Mnr PJ van der Walt, ENB
- o Dr JJ van Zyl, Albert Wessels Trust/Toyota

3. Na afloop van 'n proses soos bepaal deur die Tussentydse Uitvoerende Komitee van die Konvokasie, het die Konvokasie die volgende persone verkies om in die Raad te dien:

- o Mnr PJW Buys
- o Adv JSM Henning SC
- o Prof LA van Dyk
- o Dr FJ Kok

Gedurende 2006 het die Raad uit 30 lede bestaan, wat aangewys is ingevolge die Wet op Hoër Onderwys en die NWU se Statuut:

Totaal (30)	Kategorie	Naam	Termyn
Ekstern (18)	Ministeriële aanstellings (5)	Me NML Letlape	3 jaar (2004 – 2007)
		Mnr G Mayet	4 jaar (2004 – 2008)
		Mnr OJJ Tabane	4 jaar (2004 – 2008)
		Dr LK Sebego	4 jaar (2004 – 2008)
		Dr L Wessels	3 jaar (2004 – 2007)
	Raad van Skenkers (4)	Mnr T Makubire	3 jaar (2006 – 2009)
		Dr C Reinecke	3 jaar (2006 – 2009)
		Mnr PJ van der Walt	3 jaar (2006 – 2009)
		Dr JJ van Zyl	3 jaar (2006 – 2009)
	Gemeenskapsleiers (4)	Dr CJ Smit	4 jaar (2004 – 2008)
		Dr HG Stoker	3 jaar (2004 – 2007)
		Mnr NT Molusi	3 jaar (2004 – 2007)
		Mnr S Ngwenya	4 jaar (2004 – 2008)
	Konvokasie (4)	Mnr PJW Buys	3 jaar (2006 – 2009)
		Adv JSM Henning SC	3 jaar (2006 – 2009)
		Prof LA van Dyk	3 jaar (2006 – 2009)
		Dr FJ Kok	3 jaar (2006 – 2009)
	Spesiale kundigheid (1)	Adv MNS Sithole SC	4 jaar (2004 – 2008)

Intern (12)	Bestuur (2)	Dr T Eloff (Visekanselier) Dr MN Takalo (Adjunkhoof)	Ex officio Ex officio
	Senaat (4)	Prof A le R du Plooy Dr NL Mahao Prof TC Rabali Prof F Venter	3 jaar (2006 – 2009) 3 jaar (2006 – 2009) 3 jaar (2006 – 2009) 3 jaar (2006 – 2009)
	Ander akademiese personeel (2)	Mr M Ndandani Prof PP Krüger	3 jaar (2004 – 2007) 2 jaar (2004 – 2006)
	Nie-akademiese personeel (2)	Mnr T Matshego* (Termyn vroeg verstryk: afdanking) Adv EJ Britz** (Termyn vroeg verstryk: siekte)	3 jaar (2004 – 2007) 3 jaar (2004 – 2007)
	Studente (2) (Lidmaatskap word roteer, aangesien daar twee verteenwoordigers en drie kampusse is)	<u>Tot Oktober:</u> Mnr DW Coetsee Mnr M Tsotetsi Mnr A Atau-Rahman <u>Sedert November:</u> Mnr DW Coetsee Mnr W Runeli Mnr S Masango	Bepaal deur IVSR
Sekretaris	Institusionele Registrateur	Prof CFC van der Walt	Ex officio

Die volgende lede het Raadsvergaderings tydens 2006 as nie-stemgeregtigde lede bygewoon:

- Kampusrektor, Mafikeng: Prof ND Kgwadi
- Kampusrektor, Potchefstroom: Prof AL Combrink
- Kampusrektor, Vaaldriehoek: Prof PJJ Prinsloo

Ten einde te verseker dat alle lede van die Institusionele Bestuur op hoogte bly van dit wat op Raadsvergaderings bespreek word, en beskikbaar sal wees om inligting te verskaf, is die volgende lede van die Institusionele Bestuur ook uitgenooi om Raadsvergaderings by te woon gedurende 2006:

- Prof IJ Rost (Institusionele Direkteur: Finansies en Fasiliteite)
- Prof F van Niekerk (Institusionele Direkteur: Mensehulpbronne, Studente, Innovasie en Navorsing)
- Me PP Mmope (Institusionele Bestuurder: Korporatiewe Kommunikasie)

Komitees van die Raad

Alle komitees van die Raad funksioneer met 'n mandaat van strategiese of finansiële belang vir die NWU. Hulle funksioneer onder voorsitterskap van eksterne persone met die nodige kennis, vaardighede en ervaring, en elkeen het 'n duidelike opdrag.

Uitvoerende Komitee

Tussen Raadsvergaderings hanteer die Uitvoerende Komitee aangeleenthede rakende korporatiewe bestuur, en doen dan verslag daarvoor op die volgende vergadering. Hierdie komitee maak seker dat daar gehou word by die Etiese Kode vir Raadslede, en finaliseer kwessies wat deur die Raad daarheen verwys word.

Tot Augustus 2006 het die Uitvoerende Komitee bestaan uit mnr L Nyhonyha, drr LK Sebegu, L Wessels en JJ van Zyl. Aangesien mnr Nyhonyha nie meer 'n Raadslid is nie, dr Wessels se ampstermyn in Februarie 2007 verstryk, en dr Van Zyl nie verder beskikbaar is om op die Uitvoerende Komitee te dien nie, is 'n verkiesing op 24 November 2006 gehou.

Vanaf November 2006 bestaan die Uitvoerende Komitee uit die volgende lede: dr LK Sebegu (Voorsitter), mnre PJ van der Walt, PWJ Buys en OJJ Tabane, drs T Eloff (Visekanselier) en MN Takalo (Adjunkhoof) en prof CFC van der Walt (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad).

Deur die loop van 2006 het die Uitvoerende Komitee ses vergaderings gehou, te wete op 23 Februarie, 23 Maart, 25 April, 8 Junie, 22 Junie, 23 Augustus en 10 November.

Vergoedingskomitee

Hierdie komitee is hoofsaaklik gemoeid met die indiensnemingskontrakte, vergoeding en evaluering van prestasie van die Visekanselier en ander lede van die Institusionele Bestuur.

Weens die aard van sy verpligtinge bestaan die Vergoedingskomitee uit die eksterne lede van die Uitvoerende Komitee van die Raad en die voorsitter van die Komitee vir Mensehulpbronne, ook 'n eksterne lid van die Raad. Die lede is drr LK Sebegu (Voorsitter), L Wessels (Voorsitter van die Komitee vir Mensehulpbronne) en JJ van Zyl.

Die Vergoedingskomitee het op 24 November 2006 vergader.

Komitee vir Mensehulpbronne en Indiensnemingsgelykheid

Op 23 Junie 2006 het die Raad goedkeuring verleen vir die herstrukturering van sy Komitee vir Mensehulpbronne en sy Komitee vir Transformasie en Indiensnemingsgelykheid tot 'n Komitee vir Mensehulpbronne en Indiensnemingsgelykheid en 'n Transformasie-Oorsigkomitee.

Die rol van die geherstrukturerde Komitee vir Mensehulpbronne en Indiensnemingsgelykheid is om te verseker dat voldoende mensehulpbronne en strategieë in plek is by die NWU, en om die implementering van mensehulpbronbeleide te monitor. Sy mandaat omsluit alle relevante aspekte van mensehulpbronne en indiensnemingsgelykheid, insluitende vergoeding en diensvoorwaardes wat nie binne die bestek van die Vergoedingskomitee val nie.

Die lede is dr L Wessels (Voorsitter), mnr NT Molusi, me NML Letlape, drr HG Stoker, C Reinecke, T Eloff (Ex officio: Visekanselier), proff PP Krüger, A le R du Plooy en CFC van der Walt (Institusionele Registrateur en Ex officio-sekretaris).

Die Komitee vir Mensehulpbronne het op 10 November 2006 vergader.

Gesamentlike vergaderings van die Komitee vir Mensehulpbronne (Mensehulpbronne en Indiensnemingsgelykheid) en die Komitee vir Transformasie en Indiensnemingsgelykheid (Transformasie-Oorsigkomitee) is gehou op 22 Junie en 24 Augustus 2006.

Transformasie-Oorsigkomitee

Op 23 Junie 2006 het die Raad goedkeuring verleen vir die herstrukturering van die Komitee vir Mensehulpbronne en die Komitee vir Transformasie en Indiensnemingsgelykheid tot 'n Komitee vir Mensehulpbronne en Indiensnemingsgelykheid en 'n Transformasie-Oorsigkomitee van die Raad.

Die Transformasie-Oorsigkomitee hou toesig oor die implementering van die transformasie-aspekte van die Institusionele Plan, en bestaan uit ses eksterne lede van die Raad sowel as die Visekanselier en die Adjunkhoof.

Die lede is mnre T Makubire, OJJ Tabane, S Ngwenya, PJW Buys, prof LA van Dyk, drr T Eloff (Visekanselier), MN Takalo, CJ Smit en prof CFC van der Walt (Institusionele Registrateur en Ex officio-sekretaris).

Die Transformasie-Oorsigkomitee het op 18 September en op 6 November 2006 vergader.

Gesamentlike vergaderings van die Komitee vir Mensehulpbronne (nou: Mensehulpbronne en Indiensnemingsgelykheid) en die Komitee vir Transformasie en Indiensnemingsgelykheid (nou: Transformasie-Oorsigkomitee) is gehou op 22 Junie en 24 Augustus 2006.

Komitee vir Oudit, Risikobestuur en Korporatiewe Beheer

Hierdie komitee is verantwoordingspligtig teenoor die Raad wat betref die uitvoering van sy pligte, synde om die NWU se bates te beskerm, toereikende rekeningkundige rekords in stand te hou,

'n doeltreffende stelsel van interne kontrole te ontwikkel en in stand te hou, toesig te hou oor die bestuur se rol ten opsigte van die skepping en instandhouding van 'n behoorlike risikobestuursproses, en om magtiging te verleen vir die eksterne ouditeurs se jaarlikse auditfooi.

Die Komitee bied 'n kommunikasiekanaal tussen die Raad, bestuur, die interne auditfunksie en die eksterne ouditeur. Die Komitee het onbeperkte kommunikasie met die Voorsitter van die Raad (wat nie lid is van die Ouditkomitee nie), die Visekanselier, die Institusionele Direkteur: Finansies en Fasiliteite, en die interne en eksterne ouditeurs.

Die lede van die Komitee is mnr G Mayet (Voorsitter), mnr NT Molusi, adv JSM Henning SC, prof F Venter en adv EJ Britz. Die Komitee word geadviseer deur twee onafhanklike finansiële kundiges, me H Möller en mnr MP Tjie.

Die verteenwoordigers van die eksterne ouditeurs is verplig om Komiteevergaderings by te woon; so ook dr T Eloff (Visekanselier), proff IJ Rost (Institusionele Direkteur: Finansies en Fasiliteite), CFC van der Walt (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad), en die NWU Direkteur: Interne Oudit. Hierdie komitee het op 29 Mei en op 23 Oktober 2006 vergader.

Finansiële Komitee

Die mandaat van die Finansiële Komitee is om die Raad oor finansiële en beleggingsaangeleenthede te adviseer, sowel as oor langtermyn-infrastruktuurontwikkeling aan die NWU. Die Komitee moet dus die Raad se korporatiewebeheerfunksie ondersteun ten aansien van gesonde, verantwoordelike en doeltreffende finansiële beplanning, finansiële administrasie, finansiële bestuur en behoorlike finansiële verslagdoening.

Die Finansiële Komitee het vyf eksterne lede en één interne lid. Die lede van die Finansiële Komitee is dr JJ van Zyl (Voorsitter), mnr OJJ Tabane, adv JSM Henning SC, drs CJ Smit, FJ Kok en T Eloff (Visekanselier). Die Komitee se ex officio-lede is proff IJ Rost (Institusionele Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en prof CFC van der Walt (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad).

Die Finansiële Komitee op 5 Junie en 23 Oktober 2006 vergader.

Die Finansiële Komitee maak gebruik van drie subkomitees, naamlik die Tenderkomitee, die Beleggingskomitee en die Batekomitee.

Tenderkomitee

Hierdie komitee se rol is om die tenderbeleid en -prosedures goed te keur wat deur die bestuur opgestel word, om seker te maak dat dit voldoen aan die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging van 2003, om te bevestig dat die tenderbeleid wel toegepas word, en om tenders vir kontrakte van tussen R2 miljoen en R10 miljoen te evalueer en goed te keur. Vir kontrakte wat R10 miljoen oorskry, evalueer die Komitee die ontvangde tenders en doen dan 'n aanbeveling aan die volledige Raad.

Die tenderkomitee het drie eksterne lede en drie ex officio-lede. Die eksterne lede is dr K van der Walt (Voorsitter en 'n onafhanklike ouditeur), adv JSM Henning SC en dr CJ Smit. Die ex officio-lede is dr T Eloff (Visekanselier), proff IJ Rost (Institusionele Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en CFC van der Walt (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad).

Die Tenderkomitee het op 31 Mei en 8 Desember 2006 vergader.

Beleggingskomitee

Die belangrikste taak van hierdie komitee is om maatreëls in plek te stel sodat die NWU die hoogste moontlike opbrengs op beleggings kan verdien, met toepaslike risiko-blootstelling. Hierdie komitee se pligte is om portefeuljebestuurders aan te stel en evaluering te doen van beleggingsbeleide, die beleggingsprestasie van portefeuljebestuurders en die kredietreëlings waarbinne die geldmarkbestuurder mag optree.

Die Komitee het tot ses eksterne lede, insluitende me PC Modiko, die voormalige Voorsitter wat vervang is deur mnr Jan van den Berg, 'n eksterne kundige, en twee tot drie onafhanklike beleggingskundiges. Die ex officio-lede is dr T Eloff (Visekanselier), proff IJ Rost (Institusionele Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en CFC van der Walt (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad).

Die Beleggingskomitee het op 23 Februarie, 2 Mei, 15 Augustus en 21 November 2006 vergader.



Batekomitee

Hierdie komitee se belangrikste verantwoordelikheid is om langtermynontwikkeling en instandhouding van die universiteit se infrastruktuur te verseker.

Die Batekomitee het twee eksterne lede en drie ex officio-lede. Die eksterne lede is me R Jager (voormalige Voorsitter wat vervang is deur dr FJ Kok) en mnr OJJ Tabane. Die ex officio-lede is dr T Eloff (Visekanselier), proff IJ Rost (Institusionele Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en CFC van der Walt (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad).

Hierdie komitee het op 2 Mei en op 23 Oktober 2006 vergader.

Eretoekenningskomitee

Die Eretoekenningskomitee bestaan uit die Visekanselier, Voorsitter van die Raad, twee lede van die Raad, drie lede van die Senaat, die dekaan van die betrokke fakulteit in 'n raadgewende hoedanigheid en die Institusionele Registrateur (Sekretaris van die Raad).


Hierdie komitee het nie gedurende 2006 vergader nie.

Raadstaakspanne

RaadstransformasietaaKspan

Die Raad het besluit om 'n RaadstransformasietaaKspan te konstitueer om die ontwikkeling van die transformasieraamwerk te dryf ten einde die Institusionele Plan te finaliseer en die Institusionele Plan gereed te kry vir voorlegging aan die Departement van Onderwys. Die Taakspan, waarvan die lede met die betrokke belanghebbendes oorleg gepleeg het, is soos volg saamgestel:

- Mnr L Nyhonyha (Voorsitter van die Raad)
- Dr LK Sebego (Ondervoorsitter van die Raad)
- Dr T Eloff (Visekanselier)
- Dr MN Takalo (Adjunkhoof en Sameroeper)
- Mnr OJJ Tabane (Raadslid)
- Dr L Wessels (Raadslid)



Mankwekampus

'n Taakspan: Mankwekampus is deur die Raad gekonstitueer. Dit bestaan uit die Kampusrektor en Kampusregistrator van die Mafikengkampus, gekoöpteerde lede van die Uitvoerende Komitee van die Raad, die Voorsitter van die Mafikengkampus se Kampus-VSR, en die Burgemeester van die Moses Kotane-Munisipaliteit. Hierdie taakspan het daarmee voortgegaan om te soek na innoverende maniere om die Raad se besluite met betrekking tot die Mankwekampus te implementeer.

Bywoning van vergaderings

Gedurende die jaar is vier gewone Raadsvergaderings gehou, te wete op 24 Maart, 23 Junie, 22/23 September en 24 November 2006. Raadswerkwinkels is op 23 September en 25 November gehou. Vergaderings van die Raad en sy komitees is goed bygewoon, met 'n gemiddelde bywoningsyfer van 87,1 persent.

Belangrike aangeleenthede waaraan die Raad en sy komitees aandag gegee het:

Transformasie

- Ten einde dit vir die NWU moontlik te maak om, ter voldoening aan die Statuut, alle korporatiewe-beheerstrukture teen 8 Augustus 2006 te konstitueer, het die Raad reëls goedgekeur vir 'n aantal verwante prosesse. Nuwe Raadsafgevaardigdes van die Senaat, die Konvokasie en die Raad van Skenkers is gevolglik verkies. Die proses vir die samestelling van die Institusionele Forum behoort vroeg in 2007 afgehandel te word.

- Op 23 Junie 2006 het die Raad sy komitees geherstruktureer om die Komitee vir Mensehulpbronne (nou ook genoem met indiensnemingsgelykheid) te stroomlyn en om die Transformasie-Oorsigkomitee (genoem met die implementering van transformasie-aspekte van die Institusionele Plan) tot stand te bring.
- Op 23 Junie 2006 het die Raad die totstandbrenging van skole ook aan die Mafikengkampus goedgekeur.
- Die belyningsproses van bestaande NWU-beleide, -reëls en -prosedures is in 2005 van stapel gestuur en behoort teen die einde van 2007 voltooi te wees. Die Raad het die volgende beleide in 2006 goedgekeur:
 - Beleid en reëls vir die toekenning van eredoktorsgrade (goedgekeur op 24 Maart 2006);
 - Rekordbestuursbeleid (goedgekeur op 22 September);
 - Indiensnemingsgelykheidsbeleid (goedgekeur op 22 September);
 - Menseregtebeleid (goedgekeur op 22 September);
 - MIV/VIGS-beleid (goedgekeur op 22 September);
 - Die Diversiteitsverklaring (goedgekeur op 22 September);
 - Beleid oor botsende belange (goedgekeur op 24 November);
 - Beleid oor die verdeling van inkomste uit die kommersialisering van intellektuele eiendom (goedgekeur op 24 November);
 - Die grondwet van die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (goedgekeur op 24 November);
 - Taalbeleid (goedgekeur op 24 November).
- Nuwe, ten volle belynde beleide, reëls en prosedures word ontwikkel as deel van die proses om die NWU-kultuur van bestuursdoeltreffendheid te vestig. Dit sal 'n deurlopende aktiwiteit wees.

- Die Institusionele Plan 2007-2009 is op 24 November 2006 deur die Raad goedgekeur en op 31 Desember 2006 by die Departement van Onderwys ingedien.
- Die herstrukturering van die Institusionele Bestuur is op 24 November 2006 deur die Raad goedgekeur.

Onderrig-leer

- Die Raad het die nuwe Toelatingspunttelling-bedeling (TPT-bedeling) aanvaar – in lyn met die nuwe Nasionale Senior Sertifikaat en die DvO se minimum vereistes vir toelating tot diploma- en algemene graadstudies. Dit impliseer op sy beurt institusionele ooreenstemming oor die aantal en prestasievlakke waarop graad 12-vakke getel sal word, en is belyn met sektorale riglyne waarvoor Hoër Onderwys Suid-Afrika (“HESA”) ooreengekom het.
- Die NWU-toelatingsvereistes vir 2009 is goedgekeur en sal bekendgestel word ingevolge Artikel 37 van die Wet op Hoër Onderwys.
- Die Institusionele kalender vir 2007 is goedgekeur.

Finansiële aangeleenthede

- Die Raad het die Institusionele Bestuur se besluit goedgekeur dat die Molopo Sun-studentekoshuis per openbare veiling verkoop word.
- Die Raad het die begroting vir 2006 goedgekeur, wat ooreengestem het met die elemente van die befondsingsformule, en belyn is met die Institusionele Plan.

Deelname van werknemers en studente

’n Wye spektrum van bestaande deelnemende strukture aan die onderskeie kampusse – ingevolge oorgangsaftreëls afkomstig van die saamgesmelte universiteite – het gedurende 2006 in plek gebly. Hierdie strukture is ontwerp om verhoudinge uit te bou deur oorlegpleging, die doeltreffende uitruil van relevante inligting en die identifisering en belyn van geskille. Studente en werknemers het volle stemreg in al die strukture waar hulle verteenwoordiging geniet.

Etiese Kodes en Gedragskodes

Nadat die NWU-Raad in 2004 ’n Gedragskode vir lede aanvaar het, is ’n omvattende proses in Junie 2005 van stapel gestuur om dit te interpreteer en institusionele eienaarskap te verkry. Die fokus was op die aanvaarding van die waardes soos vervat in die NWU se visie, waardes en missiestelling van Junie 2005.

Die proses van die ontwikkeling van ’n gestandaardiseerde Etiese Kode en Gedragskode vir die NWU as geheel is gedryf deur die Kerntaakspan vir ’n Etiese Kode. Hierdie taakspan is gelei deur prof CFC van der Walt, Institusionele Registrateur, en het bestaan uit verteenwoordigers van al drie kampusse sowel as ’n verteenwoordigende paneel van ongeveer 70 lede van die kampusse en die Institusionele Kantoor. Na bereiking van die vroeër gestelde konseptuele doelwitte is ’n aangepaste implementeringsplan geformuleer, gebaseer op die beginsel van die ontwikkeling van ’n aantal gedeelde instrumentele waardes wat voortvloei uit die NWU se eindtoestandwaardes. Hierdie plan is aanvaar deur die Kerntaakspan, paneellede, die Institusionele en Senior Bestuur, die Senaat en die Raad, en sal die studente op verskillende vlakke betrek.

Die inkoopproses sal in 2007 verder gevat word deur die aanwending van beproefde metodologieë vir die bestuur van kultuurverandering. Die doelwitte vir die volgende fase van hierdie kritieke transformasieproses is om die gedeelde waardes te inkorporeer in prestasiebestuursprosesse vir personeel en riglyne vir die studente, en om voort te gaan om ’n instaatstellende omgewing te skep vir verbeterde voldoening.

Verklaring oor konflikbestuur

Daar is verskeie groepe en geleenthede binne die NWU waar die potensiaal vir konflik bestaan. Hierdie groepe sluit in studente, akademiese en ondersteuningspersoneel, vakbonde, die drie kampusse, die institusionele kantoor en bestuur, en almal op alle vlakke wat bestuur word.

Daar is strukture en prosesse in plek binne hierdie groepe om konflik te hanteer en te keer dat dit eskaleer. Dit sluit in beleidsdokumente, prosedures, komitees, geleenthede vir oorlegpleging, en die lug en debattering van sienings. In areas waar nuwe strukture nog nie tot stand gebring is ná die samesmelting-inkorporasie nie, word die bestaande strukture gebruik. Kundiges op die gebied van konflikbestuur is aangestel om hulp te verleen waar nodig.



Weens hierdie strukture kon potensiële konfliktsituasies vermy word gedurende 2006. Op Mafikeng en Mankwe het daar byvoorbeeld spanning ontstaan oor sekere aspekte van bestuur en die finalisering van die samesmelting-inkorporasie; daar was ook 'n meningsverskil tussen die Senaat en die Raad. In al bogenoemde gevalle is die potensiaal vir konflik bevredigend verminder, en is struikelblokke oorkom sodat die universiteit in 'n gees van samewerking vorentoe kon beweeg.

Selfevaluering van die Raad

Die doeltreffendheid van die Raad, sy komitees en sy verhoudinge met die Senaat en die bestuur is 'n aangeleentheid wat hoë prioriteit geniet. Dit is 'n saak wat sedert middel-2005 gereeld op Raadsvergaderings en werksinkels bespreek is, en hierdie fokus het in 2006 voortgeduur. Die Raad het eksterne fasilitering ingekry om te help met die verbetering van die oorkoepelende funksionering van die NWU se korporatiewebeheerstrukture en -prosesse.

'n Belangrike norm vir korporatiewe beheer is die jaarlikse PriceWaterHouseCoopers Toekennings vir Uitnemendheid in Hoër Onderwys. In 2006 het die NWU opgeskuif na die vierde plek uit 12 deelnemende instellings, wat bevestig dat daar inderdaad vordering gemaak is met betrekking tot algehele korporatiewe bestuur. Terselfdertyd het die assesseringsproses wat vir die toekennings gebruik word egter sekere tekortkominge uitgewys wat betref die Raad se gebruik van sy komitees, in die besonder die Ouditkomitee, en risikobestuurprosesse.

Die bevindinge is deur die Raad se Uitvoerende Komitee en deur die Oudit- en Nakomingskomitee bespreek; dit is ook tydens 'n Raadswerksinkel onder die loep geneem. In Junie 2006 is maatreëls in plek geplaas om die risikobestuurprosesse te verbeter en om die Oudit- en Nakomingskomitee se opdrag te hersien ten einde oorvleueling te voorkom.

In November 2006 het die Raad selfevalueringsvraelyste voltooi ten einde sy doeltreffendheid en aanspreeklikheid te assesser. Die resultate sal vroeg in 2007 bespreek word om enige oorblywende swakpunte te identifiseer en aandag daaraan te gee. Die Raad het ook besluit om die vraelyste vir 2007 se selfevaluering te hersien, in lyn met nasionale en internasionale beste praktyk en om te verseker dat selfevaluering gekoppel is aan institusionele doelwitte en die NWU se Institusionele Plan. Soortgelyke verbeterings word in die vooruitsig gestel vir die selfevalueringprosesse van die Senaat en Senaatskomitees, sowel as vir die NWU se algemene strategieë om risiko te beperk.



Institusionele Bestuursoorsig

2006 - 2008 EN VERDER

- 35** Verslag van die Visekanselier
- 42** Verslag van die Adjunkhoof
- 47** Verslag van die Institusionele Registrateur
- 50** Verslag van die Tussentydse Institusionele Forum
- 52** Verslag van die Senaat
- 63** Mensehulpbronne
- 68** Studente
- 71** Navorsing
- 75** Innovasie
- 78** Inligtingstegnologie
- 82** Fasiliteite



Verlag van die Visekanselier

Dr T Eloff, Visekanselier



Deur voort te bou op die suksesvolle samesmelting-integrasiefase het die NWU 2006 op 'n gesonde grondslag en met 'n duidelike strategie die toekoms binnegegaan. Hierdie strategie, soos vervat in die Institusionele Plan vir 2006 tot 2008 en verder is om 'n doeltreffende, getransformeerde en gebalanseerde onderrig- en navorsingsinstelling te word.

Die drie sleutelwoorde in hierdie strategiese vergelyking is 'doeltreffende', 'getransformeerde' en 'gebalanseerde'. Met 'doeltreffende' bedoel die NWU dat hy van voorneme is om sy reputasie gestand te doen as 'n goed bestuurde en innoverende universiteit wat finansiell volhoubaar is en 'n bydrae lewer tot sosio-ekonomiese ontwikkeling deur onderrig-leer van hoogstaande gehalte, navorsing en die implementering van kundigheid.

Die woord 'getransformeerde' dui op die universiteit se verbintenis tot die bereiking van die samesmeltingsproses se doelwitte ten opsigte van indiensnemingsgelykheid en herstel, en om as 'n verenigde, multikampusinstelling bedryf te word.

'Gebalanseerde' getuig van die NWU se strewe om ewe veel klem op onderrig-leer en navorsing te plaas – in teenstelling met sy huidige status as 'n onderriggebaseerde universiteit met gefokusde navorsing. Die verwesenliking van hierdie balans vereis gekonsolideerde onderrig-leer wat aan die hoërondwysbehoefes van die subkontinent voldoen, tesame met verhoogde investering in navorsing en innovasie en hoër vlakke van kommersiële en gemeenskapsgerigte implementering van kundigheid.

In 2006 is hierdie strategiese raamwerk in werking gestel toe die volgende vyf prioriteite in die prestasieooreenkomste van die Institusionele Bestuur geïnkorporeer is:

- **Transformasie:** Die fokus was hoofsaaklik op die finalisering en implementering van die Institusionele Plan; die belyning van beleide en prosesse; die oorskakeling na 'n geïntegreerde stelsel vir mensehulpbronne, finansies en inligtingstechnologie; die uitvoer van die Indiensnemingsgelykheidsplan; en die implementering van die NWU se Statuut binne die voorgeskrewe tydsraamwerke.
- **Onderrig-leer:** Voorrang is verleen aan die verbetering van die deurvloei koers van eerste- en tweedejaarstudente, die belyning van akademiese programme en die uitbou van kwaliteitsversekering.
- **Navorsing:** Die klem was op die verwesenliking van hoër navorsingsuitsette.
- **Implementering van kundigheid:** Die doel was om 'n lewensvatbare, volhoubare raamwerk tot stand te bring vir kommersialisering en gemeenskapsbetrokkenheid op al drie kampusse.

- **Doeltreffende bestuur:** Die fokus was op die ontwerp en implementering van prosesse en stelsels, insluitende die Oracle-gebaseerde Finansiële en Mensehulpbronsstelsel. Daarbenewens het personeel-ontwikkeling en 'n prestasiebestuurstelsel ook voorkeuraandag gekry.

Prestasie gemeet teen die strategiese doelstellings

Die Institusionele Plan en die NWU se Statuut was die ruggraat van die NWU se pogings in 2006 om te begin met die implementering van die strategie om 'n doeltreffende, getransformeerde en gebalanseerde onderrig- en navorsingsuniversiteit te word.

Institusionele Plan

Ná 'n omvattende oorlegplegingsproses is die Institusionele Plan in Mei 2006 voorgelê aan die Departement van Onderwys. Onmiddellik daarna het die NWU begin om die drie kampusplanne met die Institusionele Plan te belyn ten einde 'n gekoördineerde fokus op gemeenskaplike doelwitte te verseker. Later in die jaar is die Institusionele Plan aangepas om die tydperk van 2007 tot 2009 in te sluit. Hierdie weergawe is in September 2006 deur die Raad goedgekeur en teen die einde van Februarie 2007 aan die onderwysowerhede voorgelê.

Implementering van die Statuut

Die NWU kon daarin slaag om die nuwe Statuut te implementeer vóór die sperdatum wat deur die Minister van Onderwys gestel is. Dit het die totstandbrenging van 'n nuwe Institusionele Senaat, Konvokasierol en Raad van Skenkers behels. Daar moes ook verkiesings gereël word vir nuwe Raadslede om hierdie liggame te verteenwoordig. In die geval van die Institusionele Forum het die Raad in Junie 2007 die reëls vir sy konstituering, lidmaatskap en prosedure goedgekeur, wat die weg gebaan het vir die totstandbrenging van die IF vroeg in 2007.

Met die Institusionele Plan en die Statuut in plek kon die NWU goeie vordering maak ten opsigte van die vyf strategiese doelwitte vir die jaar. Aangesien gedetailleerde prestasieverslae ten opsigte van hierdie doelwitte elders in hierdie publikasie ingesluit word, fokus hierdie verslag op enkele van die groot

hoogtepunte wat betref transformasie, onderrig-leer, navorsing, die implementering van kundigheid en doeltreffende bestuur.

Transformasie

Die sleutelaktiwiteit was om stelsels te integreer, beleide en akademiese programme te belyn en voor te berei vir die implementering van die Indiensnemingsgelykheidsplan.

Integrasie en belyning

Ten Julie 2006 het die NWU oor geïntegreerde stelsels vir studenteadministrasie sowel as vir die bestuur van finansies en mensehulpbronne beskik.

Ten einde studenteadministrasie te standaardiseer, is 'n enkele, eenvormige stelsel, die Varsité-studente-stelsel (VSS) op al die kampusse geïmplementeer. Ofskoon daar in die begin probleme met stadige reaksietye ondervind is, funksioneer die stelsel goed en het dit heelwat waarde toegevoeg as doeltreffende gesentraliseerde hulpmiddel wat dienslewering ondersteun.

Die NWU se bedrywighede trek eweneens voordeel uit die gladde implementering van een geïntegreerde stelsel vir die bestuur van finansies en mensehulpbronne. Die Oracle eBusiness Suite het die plek ingeneem van die 28 ongelyksoortige stelsels wat voorheen gebruik is, en het ondoeltreffendhede soos duplisering en probleme met data-integriteit uitgeskakel. Stelselintegrasie bevorder dus nie slegs integrasie nie, maar ondersteun ook die doeltreffende bestuur van die NWU.

Alle interne belanghebbendes het deelgeneem aan die belyning van uitstaande NWU-beleide, en baie goeie vordering is gemaak. Bestaande beleide is gerasionaliseer en belyn, terwyl nuwe beleide, reëls en prosedures deur die ontwikkelings- en goedkeuringsproses geneem is. Teen die einde van 2006 het bykans alle beleide, reëls en prosedures die NWU se unitêre karakter weerspieël.

Verdere integrasiemylpale was die implementering van die NWU-webdomeinadres en die nwu.ac.za-e-pos-domein. 'n Gestandaardiseerde toegangskarta is deur middel van 'n deelnemende proses ontwikkel, en sal in 2007 geïmplementeer word.

Indiensnemingsgelykheid

In lyn met die breë riglyne en strategie vir indiensnemingsgelykheid wat einde 2005 deur die Raad goedgekeur is, beoog die NWU 'n proses in twee fases om gelykheid en herstel teweeg te bring. Die eerste fase behels die transformasieraamwerk terwyl die tweede fase die implementering van gedetailleerde strukturele en gedragsveranderingsprosesse behels.

Gedurende 2006 was die klem op die vaslegging van indiensnemingsgelykheidsdata vir insluiting in die Institusionele Plan, en op die stel van realistiese strekdoelwitte. Ten einde 'n balans te vind tussen die sentralisering en die desentralisering van aktiwiteite moes teikens vir indiensnemingsgelykheid herbereken word. Hierdie proses het baie gehelp om bestuurders voor te berei op hul rol in die implementering van die Indiensnemingsgelykheidsplan, gebaseer op die Indiensnemingsgelykheidsbeleid wat in September 2006 deur die Raad goedgekeur is. Die Institusionele Plan vir 2007-2009 bevat die nuwe teikens vir indiensnemingsgelykheid. Die NWU streef daarna om teen die einde van 2010 30 persent swart bestuurders en 30 persent vroulike bestuurders in senior bestuursposte te hê.

Etiese kodes en gedragskodes

Die NWU is besig om 'n organisasiekultuur te skep wat in harmonie is met sy kernwaardes van integriteit, toewyding, toerekenbaarheid en respek. Ten einde personeel en studente aan te moedig om hierdie waardes hul eie te maak, is die universiteit tans besig om etiese kodes en gedragskodes op te stel om die gewenste kultuur in die NWU se dag-tot-dag-bedrywighede te vestig.

Gedurende die jaar het 'n kernreëlingskomitee voortgegaan met voorbereidings vir die 2007-uitrol van 'n plan vir die bestuur van verandering wat gebou sal word rondom gemeenskaplike etiese standaarde en gedrag. Hierdie voorbereidings het 'n opleidingsessie vir senior bestuurders ingesluit om hulle voor te berei op hulle rol in die transformasie van die NWU se institusionele kultuur.

Onderrig-leer

Dit het reeds vroeg in die jaar duidelik geword dat die NWU homself in die mark geposisioneer het as 'n nuwegerasie-universiteit wat oor die vermoë beskik om hoëgehaltestudente op voorgraadse sowel as

nagraadse vlak te trek. Studentetalle het dermate toegeneem dat die universiteit genoodsaak was om bopreke vir die inname van eerstejaars te stel. Dit het gelei tot 'n merkbare verbetering in die gehalte van eerstejaars wat ingeskryf het – 'n tendens wat ondersteun is deur die instel van gemeenskaplike toelatingsvereistes op al drie kampusse.

Deurvloeyers

Aangesien dit een van die onderrig-leer-prioriteite van 2006 was om hoër deurvloeyers onder eerste- en tweedejaarstudente te bewerkstellig, het die NWU spesiale aandag gegee aan die ontwikkeling van 'n meer doeltreffende stelsel vir die bepaling van deurvloeyers. Die deurvloeyers is noukeurig gemoniteer, en na afloop van die Junie-eksamen is die nodige stappe gedoen om aandag te gee aan probleemmodules wat geïdentifiseer is. 'n Bykomende 250 fasiliteerders is aangestel vir die Potchefstroomkampus se afstandonderrigprogram – iets wat na verwagting sal uitloop op 'n merkbare verbetering in die deurvloeyers van afkampusstudente. Ander intervensies wat daarop gemik is om die deurvloei te verbeter, was die versnelde program om die akademiese kwalifikasies van onderrigpersoneel op te gradeer, en verbeterings wat aangebring is aan die toekennings vir uitnemende onderrig.

Hierdie intervensies sal in die toekoms vrugte afwerp. Die voorgraadse deurvloeyer vir 2006 het redelik stabiel gebly op 1,65, teenoor 1,45 in 2005. (Een is die ideaal wat bereik word as alle studente hul kursusse in die minimumperiode voltooi.)

Akademiese belyning

Die enigste oorblywende strukturele element met betrekking tot die samesmelting is akademiese programbelyning. Die NWU wil graag teen 2010 'n punt bereik waar alle NWU-grade dieselfde waarde in die mark het, ongeag die kampus waar dit behaal is. Sedert middel-2006 het die nuut gekonstitueerde Senaat 'n aantal beleide goedgekeur om die proses van akademiese belyning te rig. Een van die meganismes wat goedgekeur is, was die vestiging van "akademiese programbelyningsklusters" om te fokus op die koördinerende, belyning en rasionalisering van akademiese programme. Goeie vordering is gedurende die tweede helfte van 2006 gemaak, veral met betrekking tot regte en opvoedkunde. Die sperdatum vir hierdie proses is Junie 2008.

Kwaliteitsversekering

Die NWU benader kwaliteitsversekering op 'n sistematiese, gestruktureerde en deurlopende grondslag ten einde die geldigheid van kwaliteitsversekeringsprosesse en -evaluerings te verseker. In 2006 het die universiteit 'n koördineringsprojekspan tot stand gebring om voorbereidings vir die 2008 institusionele oudit deur die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee (HOKK) te dryf. Die span het as deel van sy werk 'n aantal subprojekte geïdentifiseer wat onderneem behoort te word. Dit sluit in: selfevaluering van gehaltebestuurstelsels, die opstel van 'n NWU-portefeulje, en bewusmaking van kwaliteitsversekering en die institusionele oudit onder personeel en studente, en die reëling en uitvoering van die ouditbesoek in Augustus 2008.

Navorsingsuitsette

Alle sleutelareas wat deur die NWU geïdentifiseer is, het goeie verbetering getoon:

- Die aantal artikelekwivalente het toegeneem van 328 in 2005 tot 371 in die oorsigjaar, 'n baie goeie toename van 13,8 persent.
- 765 meestersgrade is toegeken in 2006, teenoor 700 in die vorige jaar ('n toename van 9,3 persent). Die toename was selfs beter vir doktorsale studies, met 110 PhD's wat in 2006 toegeken is, teenoor 82 in die vorige jaar – 'n toename van 'n hele 34,1 persent.
- Die getal NNS-gegradeerde navorsers aan die NWU het in 2006 op 85 te staan gekom, dit wil sê bykans tien persent van die akademiese personeel.

Implementering van kundigheid

Die omskepping van idees in inkomstegenererende toepassings en die aanwending van kennis vir gemeenskapsontwikkeling is sterkpunte van die NWU. Die universiteit het sy inkomste uit produkverkope gebaseer op intellektuele eiendom bykans verdubbel oor die afgelope jaar. Die totale inkomste gegeneer uit hierdie verkope het toegeneem van net meer as R2,2 miljoen in die vorige jaar tot R4,26 miljoen, 'n uiters gesonde styging. Gedurende 2006 is daar ook goeie vordering gemaak met die meer doeltreffende kontekstualisering en struktureering van die NWU se gemeenskapsbetrokkenheid-aktiwiteite.

Doeltreffende bestuur

Na twee jaar waarin die NWU se unieke besigheidsmodel in bedryf was, en met die meeste posisies op alle vlakke gevul, was 2006 'n ideale tyd om die doeltreffendheid van die organisasiestruktuur te evalueer. Hierdie struktuur is daarop gemik om die optimale funksionering van die Institusionele Bestuur te verseker, terwyl dit voorsiening maak vir buigsaamheid in 'n multikampusomgewing. As gevolg van die hersiening sal verskeie klein, maar belangrike strukturele veranderinge in 2007 gemaak word.

Dit sluit die volgende in:

- 'n Nuwe posisie sal geskep word, naamlik dié van Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling vir die koördinerende en ondersteuning van die ontwikkeling van mensekapitaal onder personeel en studente.
- Die verantwoordelikheid vir alumnikoördinerende en die Kantoor vir Institusionele Bevordering sal gevoeg word by die portefeulje van die Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge.
- Die Direkteur: Projekte in die Kantoor van die Visekanselier sal voortaan verantwoordelik wees vir die koördinerende van strategiese beplanning. Die bestuursinligtingskomponent van hierdie funksie was voorheen deel van die portefeulje van Finansies en Fasiliteite.
- Die bemerking van kundigheid op drie kampusse sowel as die koördinerende van gemeenskapsbetrokkenheid sal as bykomende verantwoordelikheid aan die Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie opgedra word.
- Die kapasiteit ten opsigte van regs- en voldoeningsaspekte sal uitgebou word deur dit – saam met die oorsig van internasionale ooreenkomste – by die portefeulje van die Institusionele Registrateur in te sluit.

Die NWU het gedurende 2006 oor die algemeen 'n hoë mate van stabiliteit en harmonieuse werksverhoudinge ervaar. Op die Mafikengkampus was daar wel 'n voorval waar 'n klein aantal personelede hul tot onbeskermdede arbeidsoptrede gewend het. Hierdie saak is op 'n ferm dog sensitiewe wyse hanteer en die uiteinde van die saak is dat die personeelvereniging wat die arbeidsoptrede gelei het, nie meer deur die universiteit erken word nie. Dit het ook gelei tot die ontslag van drie werknemers. Die Bestuur het ook voortgegaan om aandag te gee aan kwessies wat personeel en studente na aan die hart lê – soos die delikate balans tussen sentralisering en desentralisering – en om kommunikasiekanale

uit te bou. Die Bestuur het ook sy bereidwilligheid verklaar om oor 'n nuwe erkenningsooreenkoms met die personeelvereniging te onderhandel.

Die NWU het sy rekord van fiskale dissipline gehandhaaf. Die universiteit se finansiële posisie bly gesond danksy gedissiplineerde spandering en verhoogde inkomste, ten spyte van die koste van die omvattende infrastruktuurontwikkeling.

Institusionele Korporatiewe Kommunikasie

Kommunikasie en bemarking is van strategiese waarde vir die NWU wat betref sy posisionering in die mark, uitreik na eksterne belanghebbendes en die bevordering van wedersydse begrip in 'n multikampusomgewing. Die rol van kommunikasie, intern sowel as ekstern, is baie belangrik – veral gegewe die doelstelling om die NWU se vestig as 'n lewenskragtige, innoverende, goed bestuurde en entrepreneuriese universiteit wat getrou bly aan sy visie, missie en waardes. Vanuit 'n kommunikasieperspektief was die hooftemas van 2006 strategiese kommunikasie, bou van verhoudinge, asook handelsmerkvestiging en korporatiewe identiteit.

Bou van verhoudinge

Die NWU streef daarna om wedersydse voordelige verhoudinge met oudstudee en met belanghebbendes in die regering, die sakewêreld en die nieregeringsektor op te bou. Die feit dat die universiteit net soveel het om by te dra as om te wen uit hierdie verhoudinge het duidelik geblyk toe die NWU in Augustus 2006 vereer is met die PMR Golden Arrow-toekenning in die kategorie Besigheidsektor: Hoërondewysinstellings. Hierdie toekenning, wat vir die tweede agtereenvolgende jaar deur die NWU gewen is, is gemaak op grond van die universiteit se bydrae tot die ekonomiese groei en ontwikkeling van die Noordwes-provinsie.

Om verhoudinge met belanghebbendes verder te verstewig, het die Visekanselier 15 sake-etes vir meningsvormers in die korporatiewe, regering- en nieregeringsektors aangebied in Mafikeng, Johannesburg, Vereeniging en Kaapstad. Die dinees het aan hulle doel beantwoord, naamlik om verhoudinge met belanghebbendes te bou en te versterk.

In Augustus 2006 het die Visekanselier as deel van Vrouedagvieringe 'n sake-ete vir vroue in Johannesburg aangebied. Die geleentheid is bygewoon deur invloedryke vroueleiers soos Regter Yvonne Mokgoro.

Die NWU is ook genooi om die 2007-Unitech-kongres vir bemarkings-, kommunikasie- en ontwikkelingspraktisyns van universiteite en kolleges vir verdere onderrig en opleiding van regoor Suid-Afrika aan te bied. Hierdie gebeurtenis sal 'n waardevolle geleentheid bied aan die NWU se verteenwoordigers om interaksie te hê met hul eweknieë by ander instellings en om 'n bydrae te lewer tot die opbou van die bemarkings-, kommunikasie- en ontwikkelingskundigheid binne die hoërondewyssektor.

Strategiese kommunikasie

By die NWU is die rol van strategiese kommunikasie om die NWU-handelsmerk te ontwikkel en behoorlik te vestig en om sy visie en missie bekend te stel aan interne en eksterne belanghebbendes. Die klem is daarop om proaktief op soek te wees na geleenthede om die universiteit se sleutelboodskappe oor te dra en om gebruik te maak van kommunikasiekanale wat betekenisvolle dialoog en interaksie bevorder. 'n Voorbeeld hiervan is die NWU se jaarverslag wat in Augustus 2006 aangewys is as een van die top vyf finaliste in die jaarverslag-kategorie van die Suid-Afrikaanse Publikasieforum se kompetisie.

Om uit te reik na NWU-personeel het die Visekanselier 16 ontbyt-vergaderings gehou – wat baie goed gewerk het om een-tot-een-verhoudings te bou. Ontbyt-vergaderings is in Augustus, September en November op die Mafikeng-, Potchefstroom- en Vaaldriehoekskampus gehou, wat 'n geleentheid geskep het vir nuut aangestelde lektore, senior lektore en ander kampuspersoneel om met mekaar onderling sowel as met die topbestuur interaksie te hê. Ander hoogs doeltreffende interne kommunikasiehelp-middele sluit in die elektroniese (webgebaseerde) brief van die Visekanselier, wat maandeliks aan alle personeel versprei word en ook op die NWU se webblad gepubliseer word.

Wat die eksterne media betref, het die NWU toonaangewende sake- en nywerheidspublikasies aktief geteiken om homself proaktief as nuwegenerasie-universiteit op die voorpunt van onderwys te posisioneer. In Julie 2006 het Leadership Magazine 'n uitgebreide korporatiewe profiel van die NWU as stabiele, lewenskragtige, entrepreneuriese universiteit gepubliseer, met baie positiewe resultate. Die South African Journal of Science het onder andere belangstelling uitgespreek om verskeie artikels te publiseer oor innoverende projekte wat tans by die NWU aan die gang is.

Daarbenewens het 'n wye verskeidenheid algemene en spesialisnuusmedia uitgebreide dekking verleen aan NWU-gebeure soos die opening van die ENB-Hoëprestasie-instituut vir Sport en NWU-studente se goeie prestasie in die jaarlikse eksamens van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooierde Rekenmeesters.

Ter wille van interne en eksterne belanghebbendes het die NWU in Oktober 2006 'n korporatiewe-profielboekie en 'n statistiekboekie gepubliseer met kitsinligting oor die universiteit, studente, navorsing en innovasie, gemeenskapsontwikkeling en fondsinsameling.

Handelsmerkvestiging en korporatiewe identiteit

Ná die samesmelting-inkorporasie in Januarie 2004 het die NWU 'n tussentydse handelsmerk aanvaar hangende die ontwikkeling van 'n nuwe handelsmerkstrategie wat die universiteit 'n onmiddellik herkenbare handelsmerk sou maak. Aangesien simbole soos die logo en die korporatiewe identiteit aangeleenthede is wat alle belanghebbende na aan die hart lê, is 'n inklusiewe deelnemende benadering gevolg om alle belanghebbendes die geleentheid te gee om die ontwikkeling van die handelsmerk te beïnvloed. Om hierdie rede is 'n handelsmerk- en persepsie-oudit in Oktober 2006 gedoen.

Die oudit is gedoen deur onafhanklike handelsmerkspecialiste deur middel van 'n opname onder personeel en studente by al drie kampusse, sowel as onder kampus- en institusionele bestuur, Raads- en Senaatslede, skenkers, oudstudee en voornemende studente. 'n Kombinasie van fokusgroepe, persoonlike onderhoude en webopnametegniese gebruik en op hierdie manier het die opname 'n deelnamekoers van net meer as 2 000 respondente behaal. Die bevindinge van hierdie oudit sal verreken word tydens die ontwikkeling van die nuwe handelsmerkvestiging-strategie wat in 2007 ontwikkel en geïmplementeer sal word.

As deel van die voorbereidings vir die nuwe handelsmerkvestiging-strategie het die NWU begin werk aan 'n aantal verwante projekte, insluitende die herstrukturering en stroomlyning van die universiteit se webwerf. 'n Taakspan is in die lewe geroep om toesig te hou oor die ontwikkeling van 'n nuwe personeel-intranet sowel as 'n nuwe, meer tegnologies gevorderde studenteportaal.

Normeringsprestasie

Gedurende 2006 het die NWU tot die gevolgtrekking gekom dat sy eie prestasie genormeer sou moes word met die oog op volgehoue verbetering. Hierdie proses is in 2006 afgeskop en sal voltooi word in 2007. Die onderstaande tabel gee 'n selektiewe opsomming van die NWU se kort geskiedenis. Die meeste van hierdie prestasies (indien nie almal nie) sou ook nasionaal en internasionaal genormeer kon word.



	2004	2005	2006
Totale studente-inskrywings	40 145	38 596	38 736
Voorgraadse slaagsyfer (kontak en afstand)	75,2%	78,8%	78,5%
Grade en diplomas toegeken (totaal)	9 657	7 746	9 821
Meestersgrade toegeken	626	700	765
PhD's toegeken	87	82	110
Artikelekwivalente gepubliseer (totaal)	275	326	371
NNS-gegradeerde navorsers	73	85	85
Inkomste uit eie intellektuele eiendom	R1,52m	R2,23m	R4,26m
Finansiële surplus/tekort	R14,7m	R68,7m	R71,2m

Slotwoord

Soos wat duidelik uit die bostaande tabel – trouens uit die hele jaarverslag – blyk, is die NWU se kernbesigheid stabiel en besig om uit te brei, en is 'n soliede grondslag gelê vir die oorkoepelende transformasie van die instelling. Dit vind plaas in die konteks van die dinamiese multikulturele en veeltalige omgewing waarbinne die universiteit funksioneer en wat bydra tot sy aansien as 'n nuwegenerasie-instelling.

Noudat die oorgangsfase ná die samesmelting suksesvol agter die rug is, is die NWU besig om voor te berei vir die finale element van sy evolusie: die ontwikkeling van 'n nuwe handelsmerkvestiging-strategie. Sedert sy totstandkoming het die NWU 'n tussentydse strategie vir korporatiewe identiteit gehad, 'n benadering wat goed gewerk het tydens die samesmelting-integrasiefasie. Die NWU is nou gereed om 'n nuwe handelsmerkvestiging-model en -strategie te ontwikkel – een wat pas by sy lewenskragtige, entrepreneuriese karakter. Met hierdie doel voor oë, en om dit vir alle belanghebbendes moontlik te maak om deel te neem aan die ontwikkeling van die handelsmerk, is 'n handelsmerkvestiging- en persepsie-oudit gedurende die laaste kwartaal van 2006 gedoen. Die bevindinge en aanbevelings van hierdie oudit sal in gedagte gehou word tydens die ontwikkeling van die nuwe handelsmerkvestiging-strategie wat daarop gemik is om die NWU 'n onmiddellik herkenbare handelsmerk te maak.



DR T ELOFF
VISEKANSIELIER

Verslag van die Adjunkhoof

Dr MN Takalo, Adjunkhoof



Hierdie portefeulje het gedurende 2006 'n duidelike klemverskuiwing ondergaan. Waar die klem in die vorige jaar hoofsaaklik op die stroomlyning van prosesse oor al die kampusse heen was, is daar in 2006 meer gefokus op akademiese transformasie en versnelde eenheid in die organisasie. Die portefeulje het veral goeie vordering gemaak met betrekking tot die NWU se voorbereidings vir die 2008-oudit deur die HOKK, die uitbou van die onderrig-leer-kapasiteit van akademiese personeel en studente, en die bevordering van die NWU se internasionale profiel. Institusionele biblioteekdienste, 'n belangrike bate ten opsigte van die universiteit se kennisbasis, is gestroomlyn vir groter toeganklikheid en kostedoeltreffendheid.

Institusionele Kwaliteitskantoor

Kwaliteitsversekering het in 2006 voorrang geniet by die NWU namate voorbereidings vir 2008 se HOKK-kwaliteitsoudit momentum gekry het. Die Kwaliteitskantoor neem die leiding hierin, en die doel is om te verseker dat kwaliteitsversekering van akademiese en ondersteuningsfunksies ingebed raak in die organisasie – nie net vir die onmiddellike toekoms nie, maar ook in die lang termyn.

'n Gesonde beplannings- en beleidsraamwerk vorm die hoeksteen van volhoubare kwaliteitsversekering. Die Kwaliteitsplan wat gedurende die vorige jaar ontwikkel is, is vroeg in 2006 'n stappie verder geneem toe dit deur die Raad goedgekeur is. Dit is opgevolg deur 'n hersiening van die Kwaliteitsbeleid, wat aan die einde van die jaar op 'n Institusionele Bestuursvergadering ter tafel gelê is en wat goedgekeur behoort te word aan die begin van 2007.

Al drie kampusse het kwaliteitskoördineerders aangestel, wat onder andere gehelp het met die fasilitering van die interne programmevaluering. Die Potchefstroomkampus het verder gegaan deur 'n kwaliteitsbestuurder vir elke fakulteit aan te stel. 'n Beperkte aantal kritieke eksterne programmevaluering is uitgevoer. Die Potchefstroomkampus het 16 interne evalueringe gedoen, die Mafikengkampus drie en die Vaaldriehoekkampus ook drie. Die universiteit het in totaal vier eksterne evalueringe gedoen. Met hierdie kwaliteitsversekeringsinfrastruktuur in plek, kon die NWU voortgaan met die eerste fase van die selfevaluering vir die HOKK-kwaliteitsoudit.

Daar is begin met die stroomlyning van die bestaande kernreëlingskomitee, wat hernoem is na die HOKK-kwaliteitsoudit-projekspan. Vervolgens is die 19 ouditkriteria aan 14 taakspanne met 10



sameroepers toegewys, en 'n interne situasie-ontleding is gedoen aan die hand van die HOKK-kriteria. Die ontleding het verskeie gapings en gepaardgaande risiko's uitgewys, en sal vroeg in 2007 by 'n Institusionele Bestuursvergadering ter tafel gelê word. Die uitslae word ook gebruik om die NWU se Kwaliteitskontrolestelsel te herontwerp in samewerking met die HOKK-projek vir saamgesmelte instellings.

Met die oog op die kwaliteitsversekering van ondersteuningsdienste het die Kwaliteitskantoor met sekere ondersteuningsdiens-bestuurders van die NWU in gesprek getree oor die herontwikkeling en bywerking van die kwaliteitshandleiding vir ondersteuningsdienste. Dit sal die weg baan vir beter belyning ten opsigte van die prosesse en prosedures wat deur die verskillende kampusse gevolg word. Die onderskeie kampusse se ondersteuningsdienspersoneel sal ook 'n selfevalueringsoefening deurgaang in 2007.

Voorts word die kwaliteitsversekeringskapasiteit op die kampusse uitgebou deur die omskepping van die bestaande webwerf in 'n intranet waarin dokumentasie toeganklik gemaak word vir personeel. Dit sal deurgevoer word sodra die toepaslike tegnologie beskikbaar is.

Institusionele Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning

Aangesien die stroomlyning van Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning (AOO) reeds in 2005 aandag geniet het, kon hierdie direktoraat fokus op die belyning van strategiese AOO-aktiwiteite. Die Institusionele en Kampus-AOO-kantore het in Februarie 2006 'n gesamentlike beplanningsvergadering gehou om toe te sien dat die institusionele prioriteite, soos vervat in die Institusionele Plan, op alle kampusse aangespreek word. Die beplanning en koördinerings van die werk van kampus- en institusionele AOO-eenhede kan die bereiking van die AOO-doelwitte versnel.

Ontwikkeling van akademiese personeel

Twee belangrike ontwikkelingsaktiwiteite het plaasgevind in 2006: die bekendstelling van die institusionele toekenning vir uitnemende onderrig vir akademiese personeel, en die aanbied van die hersiene institusionele kursus vir nuwe dosente ná die geslaagde loodsaanbieding in September 2005.

Institusionele Toekenning vir Uitnemende Onderrig (ITUO)

Hierdie toekenning is 'n meganisme wat ontwerp is om as aansporing te dien vir dosente wat hul onderrigvaardighede verbeter en onderrigpraktyke beoefen wat getuig van gesonde uitkomsgebaseerde onderrigbeginsels en wat doeltreffende leer tot gevolg het. Die beleid en prosedure vir die ITUO is in Mei 2006 goedgekeur deur die Institusionele Senaat. Kandidate in die topkategorie van die gesogte ITUO-toekenning ontvang 'n bedrag van R18 000, en dié wat aan 75 tot 79 persent van die kriteria voldoen, ontvang R12 000. Die suksesvolle kandidate ontvang hul toekennings by 'n funksie wat aangebied word deur die Adjunkhoof en die Visekanselier.

Die ITUO vervang die voormalige PU vir CHO se VERKA-toekennings. Akademiese personeel van al drie kampusse kan vir die nuwe toekennings in aanmerking kom, wat dui op die mate van integrasie wat reeds aan die NWU behaal is.

Gedurende 2006 het 38 akademici van die Potchefstroomkampus en ses van die Vaaldriehoekskampus ITUO-toekennings ontvang. Twee personeellede van die Mafikengkampus sal in die loop van 2007 geëvalueer word.

Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente (IKND)

Die nuwe verpligte institusionele kursus vir nuwe dosente is in September 2005 beproef, in Januarie 2006 geïmplementeer, en goedgekeur op die Senaatsvergadering van 10 Mei 2006. Gedurende die jaar is die IKND deur 54 personeellede bygewoon. Twaalf van hulle was van die Mafikengkampus, 27 van die Potchefstroomkampus en 15 van die Vaaldriehoekskampus.

Die kursus stel personeel bekend aan beste praktyk en tendense in hoër onderwys, en dra by tot die sukses van die samesmelting deur geleenthede te skep vir personeel van al drie kampusse om hul ervarings met mekaar te deel. Ná voltooiing van die kursus behoort dosente goed toegerus te wees om doeltreffende leeromgewings te skep, betroubare assesserings te doen, die navorsingstrukture van die NWU te verstaan en te weet waar om ondersteuningsdienste te vind vir onderrig, leer en navorsing en om begrip te ontwikkel vir grondslag- en etiese kwessies in die wetenskap.

Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS)

Die werksaamhede van die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS) het toegeneem in die loop van 2006 as gevolg van die implementering van die IKAS-beleid en prosedures op al die kampusse. IKAS het 141 aansoeke vir akademiese programme en 229 aansoeke vir kortkursusse ontvang. Die groot aantal aansoeke vir kortkursusse hou verband met die goedkeuring van die NWU se kortkursusbeleid en prosedures in 2005 en die gevolglike implementering daarvan gedurende 2006.

Akademiese programbelyning

Die beplanning en koördinerings van die proses van akademiese programbelyning het in 2006 afgeskop. Die beleidsraamwerk vir die proses is in Mei vasgestel toe die Senaat die Witskrif oor Akademiese Programbelyning sowel as die Handleiding vir Akademiese Programbelyning goedgekeur het. Daarna is werksinkels vir akademiese programbelyning op al die kampusse aangebied. Hierdie voorbereidende werksinkels is bygewoon deur 137 akademici.

Akademiese ontwikkeling van studente

Gedurende 2006 het die akademiese ontwikkeling van studente gefokus op die implementering van Aanvullingsonderwys (AO) op al die kampusse.

Aanvullingsonderwys is 'n internasionale akademiese ontwikkelings- en ondersteuningsprogram wat reeds op meer as 700 kampusse in Amerika, die Verenigde Koninkryk, Swede, Australië en Suid-Afrika geïmplementeer is. Navorsing toon dat studente wat daaraan deelneem meestal beter presteer as hul eweknieë wat nie daaraan deelneem nie. Aangesien verbeterde deurvloeiysfers vir studente 'n strategiese imperatief van die NWU is, was die implementering van die AO-program op al drie kampusse een van die prioriteite in 2006.

Die breë beleid en prosedures vir die implementering van Aanvullingsonderwys is in Mei 2006 deur die Senaat goedgekeur. Studentefasiliteerders is opgelei en akademiese ontwikkelaars in kampus-AOO-eenhede is bygestaan met die implementering van die program op die verskillende kampusse.

Gedurende 2006 is opleiding verskaf aan 486 fasiliteerders, en nagenoeg 40 000 studente is bygestaan in 288 verskillende modules waar Aanvullingsonderwys aangebied is.

Die Institusionele Kantoor het kwaliteitsversekeringsaktiwiteite van stapel gestuur om 'n gestandaardiseerde benadering tot die program te verseker. In die eerste semester van 2006 het 21 241 studente baat gevind by Aanvullingsonderwys, en amper 18 000 in die tweede semester.

Opgradering van klaskamers

Gedurende 2006 is R500 000 toegewys aan die Institusionele Direkteur: Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning vir die aanskaf van tegnologies gevorderde onderrig-leer-hulpmiddels om kwaliteit-onderrig op al die kampusse te ondersteun.

Om die regverdige verspreiding van befondsing te verseker is 'n institusionele projekspan saamgestel om 'n kampusoudit te doen oor die huidige status van klaskamers. Daar is bevind dat klaskamers op die Mafikengkampus die meeste aandag nodig het aangesien geen klasse daar oor permanent geïnstalleerde multimediategnologie beskik nie. Een-en-dertig klaskamers op daardie kampus is geormerk vir opgradering in die nabye toekoms. Ses klaskamers op die Potchefstroomkampus en vier op die Vaaldriehoekkampus sal ook opgegradeer word.

Internasionale skakeling

In 2006 was die Internasionale Kantoor deel van 'n NWU-afvaardiging na die VK wat besoek gebring het aan London South Bank University, die Universiteit van Liverpool en Open University met die doel om vennootskappe te sluit. 'n Ooreenkoms is met London South Bank University (LSBU) onderteken vir implementering in 2007. Verskeie innoverende projekte is geïdentifiseer; één van hierdie projekte behels die ontwikkeling van 'n gesamentlike program oor universiteitsonderrig. 'n Soortgelyke projek word in die vooruitsig gestel met Brock University in Kanada – deur 'n ooreenkoms wat in 2005 onderteken is.

Die NWU se internasionale kontakte is ook uitgebrei deur sy aktiewe lidmaatskap van die International Education Association of South Africa (IEASA). Die NWU se Adjunkhoof dien op hierdie organisasie se uitvoerende komitee.

Die Internasionale Kantoor het ook hulp verleen aan die kampusse met die bestuur van hul internasionalekantoor-sake.

Internasionale studente

Die Internasionale Kantoor het voortgegaan om navrae van internasionale studente te hanteer en om aandag te gee aan versoeke van voornemende studente vir inligting oor toelatingsprosedures, verblyf, toekennings en beurse, en studiepermitte. Die Kantoor het ook bystand verleen met die oriëntering van internasionale studente – van die aanvanklike navrae tot by hul aankoms op die kampus. Hierdie diens sluit in dat die studente afgehaal word by die lughawe en gehelp word om hul bank-, mediese en ander sake uit te sorteer. Verder het die Kantoor plaaslik studente van inligting oor buitelandse studiegeleenthede voorsien, en briewe vir visumaansoeke aan personeel uitgereik.

'n Verwelkomingsfunksie is aangebied vir die internasionale studente, 'n nuwe uitgawe van die handleiding vir internasionale studente is gepubliseer, en besoeke is gereël vir oorsese afvaardigings na die NWU.

Institusionele Biblioteekdienste

Hoewel die biblioteke op die drie NWU-kampusse onder die beheer van die onderskeie kampusbesture staan, is die bibliotekaris, saam met die bestuurders wat verantwoordelik is vir ander akademiese funksies, deel van die akademiese afdeling wat deur die Adjunkhoof gekoördineer word. Gedurende 2006 het Institusionele Biblioteekdienste aandag gegee aan die volgende:

- Die biblioteek op die Vaaldriehoekkampus, voorheen 'n satellietbiblioteek van die Ferdinand Postma-biblioteek op die Potchefstroomkampus, word tans opgegradeer tot 'n volwaardige kampusbiblioteek. Daar is in 2006 begin met die uitbreiding en opknapping.
- Die integrasie van die verskillende stelsels wat deur die kampusbiblioteke gebruik word vir aanskaffing, katalogisering en uitleendienstes tot 'n enkele stelsel. Hierdie proses is in 2006 van stapel gestuur; wanneer dit voltooi is, sal alle kampusse oor dieselfde gevorderde tegnologie vir kernbiblioteekfunksies beskik.



- Standaardisering van die drie biblioteke se webwerwe om dieselfde basiese templaar te gebruik – wat toeganklikheid sal bevorder, maar ook voorsiening sal maak vir plaaslike behoeftes.
- Gesamentlike inskrywings met die oog op inligtingsdeling en kostedoeltreffendheid.
- Betrokkenheid by biblioteekliggame op nasionale sowel as streeksvlak, soos die Gauteng and Environs Library and Information Consortium (die Mafikengkampus-biblioteke is tans voorsitter van hul beheerraad).

Slotwoord

Die Kantoer van die Adjunkhoof se funksies is suksesvol gekonsolideer in 2006. Die uitdagings wat ontstaan het weens die implementering van nuwe beleide en prosesse is ook suksesvol die hoof gebied. Bevredigende transformasie is behaal ten opsigte van akademiese ontwikkeling, kwaliteitsversekering en biblioteekdienste, en ook wat betref die belyning van prosesse, prosedures en stelsels.

DR MN TAKALO
ADJUNKHOOF

Verslag van die Institusionele Registrateur

Prof CFC van der Walt, Institusionele Registrateur



Die Institusionele Registrateur, synde die persoon aanspreeklik vir die administratiewe ruggraat van die universiteit, bestuur die beleide, prosesse en strukture wat dienslewering aan studente ten grondslag lê en wat dit vir die NWU moontlik maak om sy statutêre verpligtinge na te kom. In die samesmeltingsfase het hierdie rol uitgebrei wat betref omvang en gesofistikeerdheid, in ooreenstemming met die fokus op die verwesenliking van integrasie op alle vlakke van die NWU se bedrywighede.

Met betrekking tot dienslewering was die hoogtepunte van 2006 die suksesvolle implementering van 'n enkele studentestelsel, die standaardisering van studentekalenders en -roosters en die implementering van meganismes om die eenvormige en konsekwente toepassing van beleide, prosesse en prosedures op alle kampusse van die NWU te verseker.

Wat die NWU se statutêre verpligtinge betref, het die Institusionele Registrateur toesig gehou oor die implementering van die NWU se Statuut, en begin met die aanvoerwerk vir 'n nuwe elektroniese rekordbestuurstelsel. Die Kantoor het terselfdertyd die ontwikkeling en belyning van alle nuwe en bestaande NWU-beleide, -reëls, -planne en -prosesse gekoördineer.

Behalwe vir hierdie aktiwiteite het die Institusionele Registrateur voortgegaan om toesig te hou oor die museum en argief, rekordbestuur, regs-, taal- en sekretariaatdienste waarvoor die Kantoor van die Institusionele Registrateur verantwoordelik is.

Aangeleenthede met betrekking tot voldoening

Die NWU se Statuut

Sedert die ondertekening van die NWU se Statuut deur die Minister van Onderwys op 29 Julie 2005 het dit 'n baie belangrike bousteen geword in die universiteit se ontwikkeling ná die samesmelting aangesien dit voorsiening maak vir ten volle geïntegreerde, verteenwoordigende korporatiewebeheerstrukture, insluitende die Raad, die Senaat, die Konvokasie en die Raad van Skenkers. Die Statuut is op 8 Augustus 2005 in die Staatskoerant afgekondig vir implementering teen 8 Augustus 2006, wat beteken dat die betrokke korporatiewebeheerstrukture reeds op hierdie datum in plek moes wees.

Met die oog hierop het die Institusionele Registrateur die nodige reëls en prosedures ontwikkel, wat die weg gebaan het vir die verkiesing of aanwysing van lede van hierdie strukture. Dit is voor die sperdatum afgehandel, wat voldoening aan die vereistes van die Statuut verseker het.

Beleide, planne, reëls en prosedures

'n Geïntegreerde beleidsraamwerk wat konsekwent oor die hele universiteit toegepas word, is 'n grondliggende element van doeltreffende, stabiele bestuur. Gedurende die jaar het die Institusionele Registrateur die belyning van bykans alle bestaande NWU-beleide, planne, reëls en prosedures gekoördineer, en toesig gehou oor die vestiging van 'n aantal nuwes – vanaf ontwikkeling tot oorlegpleging en goedkeuring. Die paar oorblywende beleide, planne, reëls en prosedures waaraan nog aandag gegee moet word, behoort teen die einde van 2007 voltooi te wees.

Net soos die beleidsraamwerk, het die proses om konsekwente toepassing op institusionele en kampusvlak te verseker ook gaandeweg vorm aangeneem. Ten einde doeltreffende koördinerings te verseker, het hierdie Kantoor kommunikasiekanale geskep deur maandelikse vergaderings met sleutelrolspelers soos registrateurs en ander lede regoor die universiteit te inisieer, en deur die totstandbrenging van 'n Institusionele Toelatingskomitee as 'n vaste komitee van die Senaat. Die Kantoor het ook diensgerigte formele en informele werkgroepe tot stand gebring, en diensvlakoooreenkomste aangegaan vir die lewering van sekretariële, regs-, taal-, administratiewe en rooster-dienste aan die hele universiteit.

NWU-gedragkode

'n Ander sleutelement van die integrasie ná die samesmelting is die universiteitsgemeenskap se aanvaarding van gemeenskaplike standaarde en beginsels van etiese gedrag. Hierdie taak het in 2004 begin toe die NWU-Raad 'n gedragkode vir Raadslede aanvaar het. In 2005 is 'n dieper dimensie aan hierdie proses verleen met die definiering van die NWU se waardes. In 2006 is die proses 'n stap verder geneem met die ontwikkeling en goedkeuring van 'n implementeringsplan, wat in 2007 uitgerol sal word. Die bedoeling is om uit te kom by 'n beperkte aantal instrumentele waardes wat mense se gedrag kan verander en belyning om gevolg te gee aan die NWU se visie, missie en Institusionele Plan. Sodanige instrumentele waardes sal in die toekoms in die personeellede se prestasiebestuursooreenkomste neerslag vind.

Rekordbestuur

Die gehalte, betroubaarheid en akkuraatheid van die NWU se bestuursrekords ondersteun die universiteit se verpligtinge ten aansien van korporatiewe verslagdoening. Ten einde die universiteit se rekordbestuursvermoë uit te bou, het die Institusionele Registrateur begin met die aanvoerwerk vir 'n nuwe elektroniese rekordbestuurstelsel, wat vanaf 2007 geïmplementeer en getoets sal word. Belangrike stappe wat gedurende die jaar geneem is, sluit die volgende in:

- Die totstandbrenging van 'n loodskomitee vir rekordbestuur in Februarie 2006 om toesig te hou oor die ontwerp en implementering van die rekordbestuursprogram.
- Die instelling van die NWU-sertifikaatkursus, "Rekordbestuur in 'n Tersiëre-onderwysinstelling". Hierdie kursus is in April 2006 goedgekeur deur die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS), gevolg deur die aanvang van rekordbestuursopleiding vir personeel. Sedert Augustus het 164 werknemers die opleiding voltooi.
- Die Raad se goedkeuring van die Rekordbestuursbeleid in September 2006.
- Personeel is versoek om 'n naam voor te stel vir die rekordbestuursprogram. Die naam InsinQ is aanvaar, wat staan vir "Institutionally Sharing Information Quickly".
- Die ontwikkeling van die hoofreks vir die rekordbestuursleerplan, gebaseer op die sakebedrywighede van die NWU.
- Die begin van 'n proses om beskikkingskedules vir belangrike rekords te bepaal.

Dienslewering aan studente

Gedurende 2006 het die Institusionele Registrateur die projekte voltooi wat in die vorige jaar van stapel gestuur is om studentadministrasie in die NWU te stroomlyn en te standaardiseer. Die belangrikste mylpale was:

- Die suksesvolle implementering van die Varsité-studentestelsel (VSS) op die Mafikengkampus teen Augustus 2006, wat beteken dat al drie kampusse nou van dieselfde studentadministrasieselsel gebruik maak.
- Die belyning van alle fakulteitsjaarboeke vir die volgende akademiese jaar. Die nodige voorsorg is getref om seker te maak dat slegs goedgekeurde, geakkrediteerde en geregistreerde kwalifikasies en programme ingesluit word in die jaarboeke en die studentestelsel.
- Die gebruik van die ITS Abacus-sagtewareprogram vir die skedulering van lesings en eksamens en lokale op al die kampusse, en vir alle ander kwessies in verband met die rooster.

- Die publikasie van die institusionele kalender vir 2007, wat sentraal opgestel is en inligting bevat oor belangrike datums soos opedae, intervarsity, semesterdatums en vergaderingdatums vir die institusionele kantoor en kampusse.

Ondersteuningsafdelings

Benewens sy statutêre en dienslewingsverantwoordelikhede het die Institusionele Registrateur se Kantoor ondersteuningsdienste aan die universiteitsgemeenskap gebied deur sy regs-, taal-, sekretariaat- en museum- en argief-afdelings.

Taaldirektoraat

Hierdie direktoraat het 'n groot toename in die vraag na sy vertaaldienste en simultane klaskamer-tolkdienste ervaar.

Die simultane klaskamer-tolkdiens is ontwerp vir onderrig-leerprogramme in skaars of duur studierigtings. In 2006 is daar – hoofsaaklik op die Potchefstroom- en Vaaldriehoek-kampus – vir meer as 400 periodes per week van hierdie diens gebruik gemaak, wat dui op die belangrikheid daarvan vir studente en dosente. In gevalle waar dit prakties uitvoerbaar was, het die Direktoraat ook dienste aan buite-instansies gelever, en terselfdertyd navorsing gedoen wat aanleiding gegee het tot 'n aantal aanbiedings, publikasies en nagraadse studieprojekte.

Daar is voortgegaan met die lewering van vertaaldienste aan alle kampusse en die Institusionele Kantoor, wat getuig van die NWU se verbintenis tot funksionele veeltaligheid.

'n Senaatstaakspan het 'n taalbeleid en implementeringsraamwerk opgestel, wat in November 2006 goedgekeur is deur die Raad.

Afdeling Regsdienste

Hierdie afdeling het voortgegaan met die lewering van regsdiens, gespesialiseerde dienste en waardetoevoegende inisiatiewe ter ondersteuning van die doeltreffende bestuur van die universiteit. Sy verbintenis tot dienslewering van gehalte word gerugsteun deur diensvlak-ooreenkomste en gereelde besoeke aan al die kampusse.

Sekretariaat

Sedert die aanvaarding van nuwe metodologieë in die vorige jaar was daar 'n definitiewe verbetering in die gehalte van sekretariële dienste aan die Raad, Senaat en Bestuur, en aan hul onderskeie komitees.

Argief en Museum

In Februarie 2006 is besluit om die Advieskomitee: Argief en Museum te ontbind. Die doel daarmee was om die drie kampusse verantwoordelik te maak vir hul eie rekordbestuur, argiewe en museumversamelings, en om interkampuskommunikasie deur die Uitgebreide Registrateursforum te kanaliseer.

Hierdie afdeling se personeel het meer as 223 navrae hanteer en rekords van 170 lineêre meter ontvang. Hulle het rekordbestuursopleiding help verskaf, en 350 studente gehelp met die gebruik en bestuur van argiefrekords.

Ongeveer 620 besoekers is by die museums ontvang en twee museumuitstallings is gehou. Die Argief en Museum het voortgegaan met die bywerking van hul goed ontwerpte en informatiewe webwerf.

Kantoor van die Institusionele Registrateur

Hierdie kantoor huisves die algemene sekretariaat van die NWU en het bygedra tot die versekering van die universiteit se wetlike voldoening, doeltreffende en volhoubare administrasie en die gladde funksionering van alle afdelings en prosesse.

Slotwoord

Die Institusionele Registrateur was bevoorreg om in 2006 'n sleutelbydrae te kon lewer tot die NWU se reputasie as 'n goed bestuurde universiteit wat sy kernbesigheid doeltreffend bedryf en terselfdertyd aan wetlike en bestuursverslagdoening-verpligtinge voldoen. Hoewel samesmelting-integrasievereistes hierdie kantoor se verantwoordelikhede meer en meer kompleks gemaak het, veral met betrekking tot die belyning van beleide, implementering van die NWU-statuut en standaardisering van studenteadministrasie, is dit 'n uitdaging wat met entoesiasme deur almal aangepak is.



PROF CFC VAN DER WALT
INSTITUSIONELE REGISTRATEUR

Verslag van die Tussentydse Institusionele Forum (TIF)



Inleiding

Ná die totstandkoming van die Noordwes-Universiteit in Januarie 2004 het die Institusionele Forum as tussentydse liggaam gefunksioneer in afwagting van die formele aanvaarding van die NWU se Statuut. Na die publikasie van die Statuut op 8 Augustus 2005 het die Institusionele Registrateur as fasiliteerder opgetree vir die proses om voor te berei op die totstandbrenging van 'n permanente Institusionele Forum gedurende 2006.

Rol en samestelling van die Tussentydse Institusionele Forum

Die rol van 'n Institusionele Forum is in wese om die Raad te adviseer oor aangeleenthede soos die aanstelling van senior bestuur, beleide wat ras- en geslagsgelykheid bevorder, gedragskodes, die bestuur van kulturele diversiteit en die formulering van beleid oor prosedures vir bemiddeling en dispuutoplossing.

Die TIF het in Februarie 2006 vergader om die reëls vir die Institusionele Forum te finaliseer, soos gestipuleer in die NWU se Statuut. Na die verkiesings in Oktober en November 2006 het die IF 'n permanente liggaam geword, wat in 2007 gekonstitueer sal word.

Lede van die Institusionele Forum vir 2006

In 2006 het die TIF uit 22 lede bestaan, afkomstig van al drie kampusse. Die voorsitterskap is gedeel deur adv Zoleka Sicwebu, 'n NWU-Raadslid wat oudstudente verteenwoordig, en mnr Theo Venter, 'n lid van die NWU se administratiewe personeel.

Die volgende belangegroep is verteenwoordig op die TIF:

Raad:	Dr CJ Smit
Bestuur:	Prof MS Zibi
Senaat:	Proff DJ Malan en C de W van Wyk en dr B Mbenga
Akademies, nie-Senaat:	Mnr LJ Zerwick en mev M Modise, BM Ngakane, T Matshego en PT Mpete

Nie-akademiese personeel:	Mev CL Basson, KL Molosankwe, P Sieberhagen en mnr TP Venter
Unies:	Mnre C Kgoro, MM Pule, LMEM Sehlare en J Tshabalala
VSR:	Mnre K Gouws, MM Tsotsetsi, en W Runeli
Alumni:	Adv ZM Sicwebu en mnr J Monedi
Plaaslike gemeenskappe:	Geen verteenwoordigers

Sake wat hanteer is

Die TIF se belangrikste taak van die jaar was om die reëls neer te lê vir die konstituering van die permanente Institusionele Forum, vir die IF se samestelling, en vir vergaderingprosedure. Die TIF het hierdie reëls op 14 Februarie 2006 gefinaliseer, waarna dit vir oorweging en goedkeuring aan die Raad voorgelê is. Na die Raad se goedkeuring van die IF se reëls op 23 Junie 2006 is begin met voorbereidings vir die konstituering van die nuwe IF ingevolge die NWU se Statuut. Die eerste stap was om lede te verkies om die onderskeie belangegroepes in die IF te verteenwoordig. Verkiesings vir hierdie doel is in Oktober en November 2006 gehou.

Hersamestelling van die IF

Die NWU sien uit na die konstituering van die nuwe IF gedurende 2007; die permanente IF sal oor sowel die mandaat as die vermoë beskik om uitvoering te gee aan die belangrike adviserende rol wat die Wet op Hoër Onderwys en die NWU-Statuut vir dié liggaam in die vooruitsig stel. Hierdie rol sluit in die advisering van die Raad aangaande die implementering van die Wet op Hoër Onderwys en nasionale beleid oor hoër onderwys, die aanstelling van lede van die Institusionele Bestuur, NWU-beleid oor ras- en geslagsgelykheid, gedragskodes, beleid oor bemiddeling en dispuutoplossing, die bestuur van kulturele diversiteit en die bevordering van 'n institusionele kultuur gebaseer op verdraagsaamheid en respek vir basiese menseregte. Die IF sal ook aandag gee aan enige saak wat deur die Raad daarheen verwys word.

Slotwoord

Hoewel die Tussentydse IF aanvanklik ontwerp is om slegs één jaar lank te funksioneer, het dit 'n volle drie jaar lank bly voortbestaan. Om hierdie rede is dit gepas om waardering uit te spreek teenoor die lede van die TIF wat, ten spyte van die druk weens hul verlengde deelname, hul verantwoordelikhede na hul beste vermoë nagekom het. Dit is aan hulle insette te danke dat die NWU eersdaags oor 'n ten volle funksionele IF sal beskik.



MNR TP VENTER
MEDEVOORSITTER: TUSSENTYDSE IF



ADV Z SICWEBU
MEDEVOORSITTER: TUSSENTYDSE IF

Verslag van die Senaat



Die Senaat is verantwoordelik vir die bestuur van die akademiese kernbesigheid van die NWU, wat beteken dat die Senaat alle akademiese, navorsings- en akademieseondersteuning-funksies van die universiteit reguleer. Die Senaat vervul hierdie mandaat ingevolge die Wet op Hoër Onderwys en die Statuut van die NWU.

Rol en samestelling

As die hoogste akademiese beheerstruktuur binne die NWU keur die Senaat alle akademiese programme en akademiese verwante werk goed, wat insluit onderrig-leer, navorsing en implementering van kundigheid (met insluiting van gemeenskapsbetrokkenheidsprogramme). Aangesien die Senaat teenoor die Raad aanspreeklik is, voer hulle ook enige ander funksie uit wat deur die Raad aan hulle opgedra word.

Die Senaat van die NWU is op 10 Mei 2006 goedgekeur ingevolge die Statuut van die NWU wat op 8 Augustus 2005 in die Staatskoerant afgekondig is. Die lidmaatskap daarvan, in ooreenstemming met afdeling 12(1) van die Statuut, het bestaan uit:

- Die Visekanselier (voorsitter)
- Die Adjunkhoof
- Die Kampusrektore
- Die Institusionele Registrateur
- Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie
- Die dekane van alle fakulteite
- Akademiese personeel wat deur akademiese personeel in die fakulteit verkies is (altesaam 33)
- Nie-akademiese personeel wat deur nie-akademiese personeel verkies is (altesaam twee)
- Studente aangewys deur die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR) (altesaam vier)
- Voorsitter van die Raad of 'n gedelegeerde en een ander Raadslid verkies deur die Raad
- Vier persone verantwoordelik vir navorsing, akademiese ondersteuning, biblioteek- en inligtingsdienste
- Akademiese personelede wat deur die Senaat op advies van die Vaste Komitees van die Senaat gekoöpteer is (met spesiale inagneming van ras en geslag, altesaam agt)

Verskillende verkiesingsproesse het gedurende 2006 plaasgevind om die vakatures in die Senaat te vul, sowel as om die Senaat se aangewese lede in die Raad in ooreenstemming met die Statuut te verkies. Gewone vergaderings van die Senaat is vier maal gedurende 2006 gehou, naamlik op 2 Maart,

10 Mei, 16 Augustus en 25 Oktober. 'n Buitengewone vergadering is op 1 Augustus gehou vir die verkiesing van Raadslede uit die Senaat en vir die vulling van vakatures. Die gemiddelde bywoning van senaatsvergaderings was 69 persent.

Die Senaat het toepaslike Vaste Komitees van die Senaat en taakspanne tot stand gebring om aandag te gee aan spesifieke take soos institusionele toelatingsvereistes, 'n institusionele taalbeleid en implementeringsraamwerk, die institusionele navorsings- en innovasie-aktiwiteite en die belyning van akademiese programme en navorsing.

Vaste Komitees van die Senaat

- 'n Kampussenaatskomitee per kampus
- Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie (IKNI)
- Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS)
- Institusionele Toelatingskomitee (ITK)

Senaatstaakspanne

Die Senaat het 'n ad hoc-taaltaakspan tot stand gebring en lede aangestel in 'n Gesamentlike Transformasietaakspan wat met die Raad oor die Institusionele plan saamgewerk het, asook twee taakspanne om beleid oor die aanstelling van senior bestuurders en die toestaan van eretoekennings te ontwikkel.

Doelstellings wat bereik is

Die Senaat se hoofverantwoordelikheid en -doelstellings vir die jaar was om die akademiese sake te beheer deur aktiwiteite soos die ontwikkeling van eenvormige toelatingsvereistes, monitering van die vordering van die akademiese belyningsproses, die aanvaarding van 'n oorkoepelende taalplan en -implementeringsraamwerk en die ontwikkeling van die beleid oor eretoekennings ingevolge die Wet op Hoër Onderwys en die Statuut. Hulle het ook die Raad, as die oorkoepelende korporatiewe-beheerliggaam, oor strategiese aangeleenthede soos die Institusionele Plan, die ontwikkeling van beleid en reëls en die aanstelling van senior bestuurders geadviseer.

Die Senaat het ook, deur hul Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS), tot akademiese programbelyning bygedra. Vir hierdie doel het IKAS vier akademiese klusters tot stand gebring wat al die NWU se leerverdele en fakulteite omvat. Verder het die Senaat hulp verleen met die handhawing van hoë standaarde vir onderrig-leer en navorsing, in ooreenstemming met die stelling in die Samesmeltingsriglyne dat dit "lewensbelangrik is dat (samesmeltende) instellings die akademiese integriteit van hul bedrywighede gedurende die tydperk van verandering beskerm".

Veranderinge in akademiese strukture

Die herbelyning van akademiese strukture oor die drie kampusse sal gepaard gaan met 'n hersieningsoorsig van die NWU se bestek van akademiese programme. Op die Mafikengkampus spesifiek is goeie vordering met die totstandbrenging van skole en die aanstelling van skooldirekteure gemaak.

Die NWU het in 2006 14 fakulteite gehad, wat soos volg versprei was:

- Vyf fakulteite, 14 skole, een Gemeenskapsregsentrum en een deskundigheidsentrum op die Mafikengkampus. Die vyf fakulteite is Landbou, Wetenskap en Tegnologie, Mens- en Sosiale Wetenskappe, Opvoedkunde, Handel en Administrasie, en Regte.
- Agt fakulteite, 32 skole, 21 deskundigheidsentrums, vier institute en 14 navorsingsfokusareas op die Potchefstroomkampus. Die agt fakulteite is Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe, Teologie, Opvoedingswetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Regte, Ingenieurswese en Gesondheidwetenskappe. Die navorsingsfokusareas is:
 - Bedryfswiskunde en Informatika
 - Ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Regstaat
 - Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Ontwikkeling
 - Eenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks
 - Onderrig-leerorganisasies
 - Eenheid vir Energiestelsels
 - Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid Afrikaanse Samelewing
 - Eenheid vir Ruimtefisika
 - Eenheid vir Volhoubare Sosiale Ontwikkeling
 - Eenheid vir Geneesmiddelenavorsing en -ontwikkeling
 - Skeidingswetenskap en Tegnologie
 - *Workwell*: Navorsingseenheid vir mense, beleid en prestasie
 - Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing

- Een fakulteit bekend as die Fakulteit Vaaldriehoek, en ses skole op die Vaaldriehoek-kampus. Die ses skole is Ekonomiese Wetenskappe, Basiese Wetenskappe, Gedragwetenskappe, Modelleringswetenskappe, Opvoedingswetenskappe en Tale.

Onderrig-leer

1. Studente-inskrywings

Toelatingsbeleid

Die NWU het 'n eenvoudige toelatingsbeleid, wat 'n M-telling gebruik en in 2004 aanvaar is. Die beleid is in 2005 en 2006 toegepas (met voorsiening vir infasering van die verhoogde vereistes op die Mafikeng-kampus), en sal ook in 2007 en 2008 van toepassing wees.

Ten spyte van aanvanklike uitdagings het die Institusionele Toelatingskomitee in November 2006 konsensus bereik oor die toelatingspuntetelling-model (TPT-model) wat vanaf 2009 gebruik sal word. Die aanvaarding van die TPT-tellings stem ooreen met die nuwe Nasionale Senior Sertifikaat en die Departement van Onderwys se minimumvereistes vir toelating tot diploma- en graadstudie. Dit impliseer weer institusionele ooreenstemming oor:

- die getal en prestasievlakke waarop Graad 12-vakke getel sal word;
- of Lewensorientasie getel of enigsins in aanmerking geneem sal word;
- of Wiskunde of Wiskundige geletterdheid vereis sal word; en
- wanneer die bereiking van die "vierde uitkoms" van Wiskunde ("Datahantering en Waarskynlikheid") 'n aanbeveling sal wees.

Bykomend by voldoening aan die wetgewende en beleidsvereistes van die Departement van Onderwys is die voorgestelde toelatingsmodel belyd met die sektorale benadering vir hoër onderwys wat deur Hoër Onderwys Suid-Afrika ("HESA") beding is. Die voorgestelde model met TPT-tellings en -vereistes vir toelating tot generiese kwalifikasies is op 10 November 2006 deur die Uitvoerende Komitee van die Senaat (Senaat-UK) en die Uitvoerende Komitee van die Raad goedgekeur. Op 24 November is die TPT-tellings en -vereistes vir gespesialiseerde kwalifikasies aan die Senaat-UK voorgelê en goedgekeur. Wanneer dit eers deur die Uitvoerende Komitee van die Raad goedgekeur is, sal die toelatingsvereistes vir 2009 ingevolge Artikel 37 van die Wet op Hoër Onderwys gepubliseer word.

Studente vir 2006 ingeskryf

	Mafikeng-kampus	Potchefstroom-kampus	Vaaldriehoek-kampus	Totaal
Eerstejaars	1 130	4 111	671	5 912
Seniors	7 357	22 766	2 701	32 824
Totaal	8 487	26 877	3 372	38 736



Rasse- en geslagsamestelling van die studentekorps in 2006

Die onderstaande tabel toon die rasse- en geslagsamestelling van die NWU-studentekorps oor elk van die vyf jaar tot 2007

Jaar	Ras					Geslag		Totaal
	Wit	Afrikaan	Bruin	Asiër	Onbekend	Manlik	Vroulik	
2002	10 300	20 131	791	283	1 611	12 856	20 260	33 116
2003	11 446	21 713	1 052	325	1 860	14 199	22 197	36 396
2004	12 745	25 894	1 269	324	1 038	15 792	25 478	41 270
2005	13 422	23 907	1 207	338	221	15 097	23 998	39 095
2006*	14 292	22 436	1 220	616	172	14 773	23 963	38 736
2006* volgens 2e HEMIS 2006-indiening								

Geografiese oorsprong – Studente-inskrywings 2006 – volgens 2e HEMIS 2006-indiening

Nasie	Provinsie	Kontak	Afstand	Groottotaal
Nie-Suid-Afrikaans	Nie-Suid-Afrikaans	1 649	2 241	3 890
Suid-Afrika	Oos-Kaap	336	623	959
	Vrystaat	1 748	501	2 249
	Gauteng	10 978	1 597	12 575
	Kwazulu-Natal	922	2 880	3 802
	Limpopo	504	821	1 325
	Mpumalanga	510	581	1 091
	Noord-Kaap	1 618	868	2 486
	Noordwes	8 962	496	9 458
	Wes-Kaap	663	238	901
Groottotaal		27 890	10 846	38 736



Registrasie volgens kwalifikasietipe 2006 – volgens 2e HEMIS 2006-indiening

Voorgraadse Diploma (1 & 2 jaar)	2 538	4 484	7 022
Voorgraadse Diploma (3 jaar)	898	2 342	3 240
Algemene Akademiese Eerste Baccalaureusgraad	10 219	11	10 230
Professionele Akademiese Eerste Baccalaureusgraad (3 jaar)	1 079	227	1 306
Professionele Akademiese Eerste Baccalaureusgraad (4 jaar)	6 857	409	7 266
Nagraadse Diploma	614	38	652
Nagraadse Baccalaureusgraad	8	4	12
Honneursgraad	2 196	3 212	5 408
Meestersgraad	2 603	108	2 711
Doktorsgraad	781	9	790
Geleentheidstudent	97	2	99
Groottotaal	27 890	10 846	38 736

Eksamens

Die eksamens het soos volg plaasgevind:

Eerste semester:

Eerste eksamen: 8–9 Junie

Tweede eksamen: 10–22 Julie

Tweede semester:

Eerste eksamen: 3–23 November

Tweede eksamen: 27 November–9 Desember

Inligtings- en Kommunikasietegnologie (IKT) is doeltreffend gebruik om eksamenuitslae vry te stel. Benewens konvensionele kanale is uitslae ook op die NWU se webwerf geplaas en via SMS-boodskappe gestuur. Hierdie innoberings is deur studente verwelkom en het die administratiewe las op die eksamenafdeling verlig.

2. Studentesteun, finansiële hulp en onderriggelede

Studenteberadingsdiens

Die NWU het die omvang en gehalte uitgebrei van beradingsdienste wat tot die beskikking van studente is, met die volgende prestasies wat in 2006 behaal is:

Die Studenteondersteuningstelsel is uitgebrei en 150 opgeleide portuurhelpers (studente) is op die Potchefstroomkampus ontplooi. Die stelsel het baie doeltreffend gewerk en 'n beduidende getal studente is na Studenteberadingsdienste en die Instituut vir Psigoterapie en Berading verwys. 'n Krisislyn vir die hantering van trauma gevalle is in die loop van 2006 geaktiveer. Op die Vaaldriehoekkampus is 35 opgeleide portuurhelpers (studente) ontplooi as deel van die studenteondersteuningstelsel, bekend as Ch@s (Connecting Helpers and Students). Op die Mafikengkampus is opleiding van portuurhelpers deur beroepslui onderneem met die doel om studente as portuurhelpers op te lei, en dit sal in 2007 plaasvind.

Studente met gestremdhede

'n Konsep- institusionele beleid is saamgestel, ingevolge waarvan die Studenteberadingsdiens alle aangeleenthede rakende studente met gestremdhede sal koördineer. Insgelyks is 'n proseduredokument opgestel om doeltreffende samewerking tussen verskillende afdelings te bevorder, soos Akademiese Administrasie, Kommunikasie, die Biblioteek en Inwoning en Voedseldienste.

Leiding en berading

8 414 studente het die voordeel van toetsings-, siftings- en beradingsdienste benut, vergeleke met 6 444 in 2005.

Aanvullingsonderrig

Aanvullingsonderrig (AO) is een van die Akademiese Ontwikkelings- en Steunprogramme wat op meer as 700 kampusse ingestel is, insluitende universiteite en kolleges in Amerika, die Verenigde Koninkryk, Swede, Australië en Suid-Afrika. Navorsing het getoon dat studente wat aan AO-programme deelneem gemiddeld beter akademiese resultate behaal as studente wat versuim om enige ondersteunings- en ontwikkelingsprogramme by te woon. In ooreenstemming met die strategiese ontwikkelingsplan van die NWU om deurvloei koerse van studente te verbeter, het die institusionele en kampusbestuur van Akademiese Ontwikkeling en Steun die implementering van AO op alle kampusse van die NWU as 'n prioriteitstaak vir 2006 geïdentifiseer.

Implementering van AO by die NWU: 2006

Kampus	Getal AO-fasiliteerders opgelei	Getal aktiewe AO-fasiliteerders	Getal modules waar AO voorsien word	Getal dosente wat deur AO ondersteun word	Totale getal AO-sessies wat in 2006 gehou is	Totale getal studente wat deur AO gehelp is
Mafikeng	98	1	1	1	11	0
Potchefstroom	208	175	241	110	2 820	28 200
Vaaldriehoek	85	40	46	50	796	7 960
TOTAAL	391	216	288	161	3 627	36 160

Finansiële hulp

Finansiële Steundienste speel 'n onontbeerlike rol in die hantering van finansiële hulp vir studente. Die hoogtepunt van die jaar was onteenseglik die evaluering van "uitstekend" wat die afdeling van NSFAS ontvang het vir die gehalte en spoed van die NSFAS-administrasie op die kampusse. Dit beteken dat behoeftige studente in staat is om veel vroeër en op meer doeltreffende wyse toegang tot hul fondse te verkry, wat die probleme waarvoor sulke studente te staan kom, uit die weg ruim.

Gedurende die jaar is die Finansiële Steundienste as 'n "eenstopwinkel" vir studente gevestig deur die volgende veranderinge in te voer:

- Verbetering van die NSFAS-uitbetalingstelsel via die nuwe finansiële stelsel, wat 'n vinniger, meer professionele diens aan studente verseker.
- Stroomlyning van kommunikasie met studente ten einde algemene voldoening aan reëls te verhoog, wat minder laat- of onvolledige aansoeke tot gevolg het.

Finansiële bystand aan studente word uit die volgende bronne toegeleed:

- Universiteitsfondse;
- Nasionale en provinsiale befondsingskemas;
- Nasionale Finansiëlehulpkema vir Studente;
- Buitelandse befondsingskemas (Botswana, Lesotho, Swaziland);
- Parastaatsinstellings, maatskappye en NRO's.

Die volgende tabel toon die toedeling van finansiële hulp aan voorgraadse studente uit die NWU se eie hulpbronne in 2006:

Bron	Kampus	Waarde (R miljoen)
Universiteitsfondse	Potchefstroom	27 659 583
Universiteitsfondse	Vaaldriehoek	1 844 943
Universiteitsfondse	Mafikeng	1 139 916
Trustfondse	Potchefstroom	1 346 678
Trustfondse	Vaaldriehoek	69 419
TOTAAL	NWU	32 060 539

Die tabel hieronder toon die toedeling van finansiële hulp aan nagraadse studente uit die NWU se eie hulpbronne in 2006:

Bron	Kampus	Waarde (R miljoen)
Universiteitsfondse	Potchefstroom	19 196 374
Universiteitsfondse	Vaaldriehoek	3 186 700
Universiteitsfondse	Mafikeng	1 952 300
TOTAAL	NWU	24 335 374

Die volgende tabel toon finansiële bystand wat uit eksterne bronne aan voorgraadse studente toegeedeel is:

Bron	Kampus	Waarde (R miljoen)
Buitemondse	Potchefstroom	7 891 500
EBuitemondse	Vaaldriehoek	2 233 298
Buitemondse	Mafikeng	17 783 535
Buitemondse	Telematiese Leersisteme	
TOTAAL	NWU	27 908 333

Klasgelde:

Gedurende 2006 is die klasgeld met 11 persent aangepas (vyf persent inflasie plus 'n premie van ses persent vir die Mafikengkampus).

Die gelde betaalbaar by registrasie vir 2006 was:

Besonderhede	2006 R
Mafikengkampus	
- Registrasiegeld	400
- Klasgeld 1e betaling	2 000
- Koshuisgeld per semester	volle bedrag
Potchefstroomkampus	
- Registrasiegeld	700
- Bykomende heffing voltydse nie-inwonende studente	50
- Klasgeld 1e betaling	3 000
- Etedeposito	800
- Koshuisgeld 1e betaling	2 700
- Koshuisdeposito vir 2007	500
Vaaldriehoekkampus	
- Registrasiegeld	700
- Bykomende heffing voltydse nie-inwonende studente	50
- Klasgeld 1e betaling	3 000
- Etedeposito	800
- Koshuisgeld 1e betaling	2 700
- Koshuisdeposito vir 2007 – Eerstejaarstudente	500
- Koshuisdeposito vir 2007 – Seniorstudente	280



3. Sukseskoerse

Verhoudings van VE tot studentetalle (voorgraads)

Die verhouding tussen die getal voorgraadse studente en die totale voltydse ekwivalente (VE's) het gedurende 2006 gestabiliseer, in die kontak- sowel as die afstandkategorieë. Die tabel hieronder illustreer hierdie tendens:

Sleutelverhoudings van VE's tot inskrywingsgetalle	KONTAK	
	2005	2006*
VE voorgraads as % van voorgraadse getalle	82%	86%
VE nagraads < meesters as % van nagraadse getalle < meesters	94%	83%
VE nagraadse internskappe as % van meestersgetalle	30%	39%
VE hoër nagraads as % van doktrale getalle	68%	58%
TOTALE VE AS % VAN TOTALE GETALLE	78%	81%

Sleutelverhoudings van VE's tot inskrywingsgetalle	AFSTAND	
	2005	2006*
VE voorgraads as % van voorgraadse getalle	32%	51%
VE nagraads < meesters as % van nagraadse getalle < meesters	76%	32%
VE nagraadse internskappe as % van meestersgetalle	38%	52%
VE hoër nagraads as % van doktrale getalle	78%	75%
TOTALE VE AS % VAN TOTALE GETALLE	45%	45%
2006* soos op 1 Mei 2007 (volgens 2e HEMIS 2006-indiening)		

Die 2006-deurvloeiakoerse vir voorgraadse studente was soos volg:

Deurvloeiakoerse van voorgraadse kontakstudente in 2006	Getalle	Gegradueerdes	Deurvloeiakoerse
1e sertifikate en diplomas van 2 jaar of minder	2 540	1 491	59%
1e diplomas en baccalaureusgrade: 3 jaar	11 847	2 491	21%
Professionele 1e baccalaureusgraad: 4 jaar en langer	6 857	1 246	18%

Die rasionalisering van programme en modules is 'n voortgaande proses. Gedurende 2006 is spesiale aandag daaraan geskenk om termyn-/kwartaalmodules te hanteer met die oog op die gladde implementering van die nuwe akademiesejaar-struktuur.

Erkenning is vir onderrigkundigheid verleen deur die stelsel vir die beloning van onderriguitnemendheid, wat ook gebruik word om onderrigprestasie te verbeter, en dit is 'n belangrike maatstaf om normering te bevorder.

Die deurvloeiakoerse word sorgvuldig gemoniteer, met die klem op modules waar problematiese uitslae in die Junie- en Novembereksamens behaal word. Hierdie ingreep sal ook help om die verhouding van VE's tot studentetal te optimaliseer. Die deurvloeiakoerse van nie-kampusstudente behoort wesenlik te verbeter deur die aanstelling van 250 bykomende fasiliteerders by die verskillende fasiliteringsentrums van die Potchefstroomkampus se afstandsonderrigprogram.

Die dekane gee prioriteit aan akademiese personeellede wat nodig het om hul kwalifikasies op te gradeer. Dit word deur die prestasieooreenkomsstelsel hanteer, wat vir verlof vir sulke personeellede voorsiening maak.

Op die Vaaldriehoekskampus is verskeie ingrepe geïnisieer ten einde die voorgraadse onderrig-leer-teikens te verbeter, insluitende:

- bestuur van slaagnorme per module;
- skole wat hoërisiko-modules identifiseer en aksieplanne in reaksie daarop ontwikkel;
- aanstelling van leerfasiliteerders; en
- studentesteundienste, wat studente op risiko identifiseer en akademiese steun voorsien.

Deurvloeiakoerse van voorgraadse afstandstudente in 2006	Getalle	Gegradueerdes	Deurvloeiakoerse
1e sertifikate en diplomas van 2 jaar of minder	4 482	1 160	26%
1e diplomas en baccalaureusgrade: 3 jaar	2 578	393	15%
Professionele 1e baccalaureusgraad: 4 jaar en langer	409	111	27%

Die NWU het die volgende gegradueerdes vir 2006 opgelewer (per seremoniedatum na voldoening aan die eksamenvereistes in 2006) soos op 1 Mei 2007 (volgens die 2e HEMIS-indiening 2006):


Mafikengkampus	September 2006	766
	Maart 2007	2
	April/Mei 2007	1 390
Totaal		2 158
Potchefstroomkampus	September 2006	1 260
	Maart 2007	3 797
	April/Mei 2007	1 821
Totaal		6 878
Vaaldriehoekskampus	September 2006	102
	Maart 2007	1
	April/Mei 2007	682
Totaal		785
Groottotaal		9 821



By hierdie gradeplegtighede is die volgende kategorieë grade en diplomas toegeken:

Grade en diplomas	2002	2003	2004	2005	2006
Eerste grade	2 115	2 281	3 293	3 235	3 722
Diplomas	3 276	3 237	4 431	2 448	3 545
Honneurs	607	920	1 179	1 281	1 679
Meestersgrade	571	606	628	700	765
PhD's	59	92	84	85	110
Totaal	6 628	7 136	9 615	7 749	9 821

Die grade en diplomas volgens kwalifikasietipe wat gedurende 2006 toegeken is, is soos volg:





Navorsing

Algemene oorsig

- Met betrekking tot groter belegging in navorsing gedurende 2006 is R13,9 miljoen by die NWU vir navorsingstoerusting en algemene navorsingskapasiteitsbou geoormerk. Vergeleke met R3 miljoen in 2005 is 'n verdere R10 miljoen vir 2007 begroot.
- Die postdoktorale program groei steeds en die NWU het 17 postdoktorale genote in 2006 gehad.
- 'n Aantal opleidingseminare is vir navorsers oor die skryf van voorstelle en voorleggings aangebied. Waar toepaslik, beklemtoon kampusse die bevordering van kwalifikasies van akademiese personeellede.
- Die behaal van die nodige verdere kwalifikasies het deel geword van die prestasiebestuursoreenkomste van individue en lynbestuurders.

Aansporings vir verbeterde navorsingsuitsette

- Die NNS-graderingsaansporings is hersien en verhoog ten einde dit met die NNS-omsrywings per kategorie in ooreenstemming te bring.
- Die aansporings vir navorsingsartikels is ook hersien, met die oog op motivering van personeel om meer gereeld te publiseer en die gehalte van publikasies te verbeter. Die aansporings is ontwerp om algehele publikasie-eenhede te verhoog sonder om enigsins gehalte in die gedrang te bring.

Ten einde die getal internasionale publikasies te verhoog, is 'n nuwe model goedgekeur, gegrond op 'n gewigtoekenningstelsel vir publikasie in internasionale en plaaslike vaktyskrifte en 'n gewigtoekenningstelsel vir die gereeldheid van die publikasies.

Die volgende ses kategorieë met graderings is deur die Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie goedgekeur:

	Gewig	Rand- waarde	2005- eenhede	Geweegde eenhede	Nuwe Aansporings- waarde (in rand)
Eerste plaaslike artikel	1,5	R 11 250.00	118,69	178,035	R 1,335mil
Eerste internasionale artikel	3	R 22 500.00	67,41	202,23	R 1,517 mil
Tweede plaaslike artikel	2	R 15 000.00	39,66	79,32	R 594 900.00
Tweede internasionale artikel	4	R 30 000.00	17,34	69,36	R 520 200.00
> 2 plaaslike artikels	2,5	R 18 750.00	54,19	135,475	R 1 016 062.50
> 2 internasionale artikels	5	R 37 500.00	23,43	117,15	R 878 625.00
Totaal			320,72	781,57	R 5 861 787.50

- 'n Navorsingsontwikkelingsplan is opgestel om vir die Onderwysdepartement se Navorsingsontwikkelingstoekenning van R4,5 miljoen vir 2007 aansoek te doen. Die doel van die plan is om navorsingskapasiteit deur personeelontwikkeling, mentorskap en opleiding op die Mafikengkampus op te bou.

NNS-graderings

- Agtien personeellede het in 2006 aansoek of heraanzoek om NNS-gradering gedoen.
 - o 13 navorsers het 'n gradering ontvang.
 - o Drie is op B1-vlak en een op B2 gegradeer.
 - o Vier elk het C2- en C3-graderings ontvang.
 - o Een navorser is op Y2-vlak gegradeer.
 - o As gevolg van die jongste aansoeke het die Mafikengkampus nou drie gegradeerde wetenskaplikes, terwyl die Vaaldriehoekskampus vir die eerste keer twee NNS-graderings ontvang het. Die Potchefstroomkampus het altesaam 80 gegradeerde wetenskaplikes.

Artikelekwivalente gepubliseer

Die geakkrediteerde navorsingsartikelekwivalente toon dat die teiken van 'n styging van vyf persent bereik is. Soos hieronder aangedui is, is dit duidelik dat die kernbesigheid waarvoor die senaat medeverantwoordelik is, gedurende 2006 gefloreer het:

	2004	2005	2006
Totale studente-inskrywings	40 145	38 596	38 736
Voorgraadse slaagsyfer (kontak en afstand)	75,2%	78,8%	78,5%
Totale grade en diplomas toegeken	9 657	7 746	9 821
Meestersgrade toegeken	626	700	765
PhD's toegeken	87	82	110
Artikelekwivalente gepubliseer (totaal)	275	326	371
NNS-gegradeerde navorsers	73	85	85

Slotwoord

As opsiener oor die kernbesigheid van die NWU, naamlik onderrig-leer en navorsing, het die Senaat gedurende die jaar 'n belangrike rol gespeel en die weg gebaan vir die NWU om 'n toonaangewende universiteit in Afrika te word.



DR T ELOFF
VOORSITTER VAN DIE SENAAT

Mensehulpbronne (MH)

Prof F van Niekerk, Institusionele Direkteur: Mensehulpbronne, Studente, Innovasie en Navorsing



As die sesde-grootste universiteit in die land gemeet aan studentetalle het die NWU se personeelkomponent die ondersteuning weerspieël wat in hierdie verband nodig is:

NWU	2005	2006
Permanent	2 294	2 607
Tydelik	2 957	2 108
Totaal	5 251	4 715*

* Oracle-stelsel is vir 2006-syfers gebruik, met herdefiniëring van tydelike personeel.

Die kategorieë werknemers was soos volg:

Kategorie	2005	2006
Professionele onderrig/navorsing-personeel	2 181	1 157
Professionele uitvoerende/administratiewe/ bestuurspersoneel	88	98
Professionele gespesialiseerde/ ondersteuningspersoneel	767	752
Tegnies	238	253
Nie-professionele administrasie	1 355	1 837
Ambagte	35	35
Diens	587	583
TOTAAL	5 251	4 715

Die geslags- en rasprofiel van die NWU-personeel sien soos volg daar uit:

Geslag	2005	2006
Vroulik	2 741	2 610
Manlik	2 510	2 105
TOTAAL	5 251	4 715

Ras	2005	2006
Afrikaan	1 748	1 531
Bruin	99	106
Indiër	58	33
Wit	3 345	3 045
Onbekend	1	-
TOTAAL	5 251	4 715

Vir die NWU om 'n verenigde front aan die mark voor te hou, moet sy werknemers 'n gemeenskaplike doelgerigheid deel, ondersteun deur mensehulpbronbeleid, -prosesse en strukture wat billik, konsekvent, inklusief en deursigtig is. Hierdie beginsels is veral belangrik as die samesmelting waardeur die universiteit slegs drie jaar gelede geskep is, in aanmerking geneem word. Gestandaardiseerde beleid en geïntegreerde stelsels is van kernbelang vir die NWU se pogings om as 'n nuwe, unitêre instelling vorentoe te beweeg.

Heelwat van die grondwerk vir 'n geïntegreerde mensehulpbronbenadering is reeds in die vorige jaar voltooi, toe die NWU sy MH-beleid hersien, geïntegreerde strukture vir kollektiewe bedinging ingestel, gestandaardiseerde diensvoorwaardes vir nuwe werknemers geskep en nuwe organisatoriese strukture ontwikkel het. Gedurende 2006 het die afdeling Mensehulpbronne hierdie prosesse verder tot op 'n dieper vlak van integrasie gevoer.

Geharmonieerde MH-beleid geïmplementeer

In die vorige jaar is 'n volle verskeidenheid van MH-beleid en -prosedures ontwikkel, deur die Raad se MH-komitee aanvaar, met georganiseerde arbeid bespreek en daarna deur die Raad goedgekeur en deur die Institusionele Bestuur aanvaar. Dit het die dissiplinêre kode en prosedure, grieweprosedure, onvermoë-onderzoekprosedure, diensvoorwaardes, werwing, vergoeding, bevordering van akademiese personeel, personeelontwikkeling en prestasiebestuur ingesluit.

Die volgende stap, wat in 2006 gedoen is, was om die nuwe beleid en prosedures te implementeer, en om implementering vir konsekwentheid te monitor. Mensehulpbronne het byvoorbeeld 'n

moniteringsmiddel vir alle permanente en vastetermyn-aanstellings bekend gestel, wat 'n meganisme insluit om te verseker dat indiensnemingsgelykheid in die werwings- en keuringsproses ingesluit word.

Hierdie benadering, tesame met verskillende opleidings- en bewusmakingsveldtogte wat op MH-beleid en -prosedures gefokus het, het bygedra tot die gladde implementering van alle MH-beleid en -prosedures, wat goed deur personeel en bestuurders aanvaar is.

Erkenningsooreenkoms verfynd

Geïntegreerde strukture vir kollektiewe bedinging is reeds gedurende 2005 in plek gestel. Hierdie strukture is gedurende die verslagjaar verfynd, wat die skepping van 'n enkele kollektiewe bedingingsliggaam, die Institusionele Bedingingsforum, tot gevolg gehad het. Dit sal die doeltreffendheid en effektiwiteit van oorlegpleging en onderhandeling oor werknemersalarisse, -voordele en diensvoorwaardes aansienlik verbeter.

In ooreenstemming met hierdie veranderinge is wysigings aan die erkenningsooreenkoms gefinaliseer en geïmplementeer.

Enkele MH- en salarisstelsel ingevoer

Op 1 Junie 2006 het die NWU 'n integreringsmylpaal bereik met die suksesvolle implementering van 'n geïntegreerde Mensehulpbronbestuurstelsel (MHBS) vir alle personeel. Onder andere beteken dit dat die salarisse en voordele van alle werknemers, ongeag hul werksplek, nou deur 'n enkele stelsel verwerk en geadministreer word. Benewens dat dit 'n duidelike boodskap stuur dat die NWU 'n unitêre instelling is, het hierdie ontwikkeling salarisstelseladministrasie vereenvoudig en gestroomlyn, en dit sal weer tot groter bedryfs- en kostedoeltreffendhede lei.

Die implementering van die Oracle-MHBS is vergesel deur 'n intensiewe veldtog om die nuwe MH- en salarisstelselprosesse aan werknemers en bestuurders te kommunikeer. Handleidings wat duidelike riglyne bevat, is versprei en inligtingsessies is op al drie kampusse met die dekane van fakulteite, lynbestuurders en administratiewe departemente gehou.

Organisatoriese strukture

Die NWU het 'n tweevlak- organisatoriese model wat by sy bedrywighede aangepas is, en wat oor drie kampusse en 'n aantal leerlokaliteite in twee provinsies strek. Hierdie model bestaan uit 'n institusionele

vlak, wat universiteitswye konsekwentheid in beleid en prosedures verseker, en drie kampusse, wat as duidelik onderskeibare besigheidseenhede funksioneer en elkeen vir sy eie prestasie aanspreeklik is.

Hierdie model kan die beste beskryf word as gedentraliseerde bestuur binne gesentraliseerde parameters. Dit is egter belangrik om nie die konsep van gesentraliseerde bestuursaanspreeklikheid op kampusvlak met die sentralisering of desentralisering van funksies gelyk te stel nie. Besluite en reëlins oor die ligging van funksies is op praktiese, finansiële en bestuursoorwegings gegrond. Met ander woorde, funksies word geplaas waar dit die meeste sin maak.

Byvoorbeeld:

- Sommige funksies is ten volle gesentraliseer, soos Regsdienste, Interne Oudit en MH-aktiwiteite.
- Sekere ander funksies is ten volle op kampusvlakke in bedryf, soos Logistiese en Tegniese Dienste.
- Sommige funksies word tussen die institusionele kantoor en kampusse gedeel, soos Inligtingstegnologie en Finansies.

In 2006 het Mensehulpbronne begin om 'n metodologie vir die voortgesette evaluering van die doeltreffendheid van hierdie reëlins te ontwikkel. Die eerste formele evaluering sal as deel van die institusionele oudit in 2008 deur die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee gedoen word.

Organisasieleer en -ontwikkeling

Die ontwikkeling van leierskap en bestuurskapasiteit is 'n kritieke suksesfaktor vir die NWU, nie net ten einde integrasie en belyning te bereik nie, maar ook om organisatoriese transformasie te ondersteun. Met dit in gedagte het Mensehulpbronne verskeie ingrepe gemaak wat daarop gerig is om 'n gemeenskaplike organisatoriese kultuur en ingesteldheid te bevorder.

In hierdie stadium is hierdie ontwikkelingsingrepe hoofsaaklik op institusionele en kampusbestuur gerig, asook op die dekane van fakulteite en direkteure. Die doelwit is om finansiële, strategiese en bedryfsbestuursbevoegdhede te ontwikkel, tesame met leierskap en mensvaardighede, wat 'n gemeenskaplike organisatoriese woordeskat en verwysingsraamwerk deel. Hierdie ingrepe skep ook geleenthede vir bestuurders om met kollegas van ander kampusse en verskillende werksomgewings interaksie te hê.

Ander MH-prosesverbeterings

Twee ander prosesverbeterings wat gedurende die jaar aangebring is, is die van stapel stuur van die MH-werwerf, wat voorsiening maak vir aanlyn-aansoeke vir NWU-vakatures, en die totstandbrenging van 'n taakspan om personeelomset te monitor.

Hierdie taakspan is tot stand gebring nadat Mensehulpbronne 'n uitdienstredingsonderhoud-verslag vir die tydperk van 1 Julie 2005 tot 30 Junie 2006 opgestel het. Hierdie verslag is aan die Institusionele Bestuur voorgelê, wat daarná versoek het dat 'n taakspan tot stand gebring word om die redes vir personeelbedankings te ondersoek. Die span bestaan uit die direkteure van Mensehulpbronne: Bedryf, Organisasieleer en -ontwikkeling en Indiensnemingsgelykheid, Diversiteit en Menseregte, asook die Arbeidsverhoudingbeampte.

Diversiteit, Menseregte, Indiensnemingsgelykheid, MIV en VIGS

Die NWU is daartoe verbind om 'n organisatoriese klimaat te skep wat indiensnemingsgelykheid ondersteun en respek en verdraagsaamheid vir uiteenlopende kulturele oortuigings en praktyke bevorder. Hierdie verbintenis word duidelik uiteengesit in die beleid wat die Raad oor indiensnemingsgelykheid, diversiteit, menseregte en MIV/VIGS goedgekeur het.

Diversiteitsbestuur

Die NWU moedig robuuste debat oor diversiteit en die deel van idees onder personeel aan, met die oogmerk om onderlinge begrip, respek en verdraagsaamheid te bevorder. Dit is in werking gestel deur informele besprekings wat op al drie kampusse gehou is en deur die Institusionele Bestuur bedag te maak op bekommernisse wat op hierdie vergaderings geopper is. Verder het 'n kundige oor diversiteitsbestuur 'n werkwinkel oor diversiteitsbestuur vir alle senior bestuur gefasiliteer. Voortgesette informele besprekings word vir 2007 beplan, gebaseer op die doeltreffendheid daarvan gedurende die oorsigjaar.

Menseregte

Gedurende 2006 was daar 'n sterk klem op die sensivering van personeel en studente wat betref menseregte-aangeleenthede deur inisiatiewe soos:

- 'n Seminar oor huwelike tussen mense van dieselfde geslag, waar kundiges referate gelewer het.
- Menseregte-opleiding vir studenteleiers op die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampusse.

- Die werk van die Menseregtekomitee, wat twee sake aangehoor het waarby beweerde menseregte-oortredings betrokke was. In een geval moes 'n akademikus voor 'n dissiplinêre komitee verskyn omdat afbrekende taal teenoor homoseksuele gebruik is. Hy is gewaarsku om die menswaardigheid van andere te respekteer, ongeag hul seksuele oriëntasie. In die tweede saak, wat deur bestuur aanhangig gemaak is, was die kwessie 'n beweerde rassisties opruiende brief. Die Menseregtekomitee het bevind dat die inhoud van die brief nie op haatspraak neergekom het nie, maar taal gebesig het wat die NWU nie kon toelaat nie.

Indiensnemingsgelykheid

Die NWU het hom daartoe verbind om gelyke geleenthede vir alle werknemers en voornemende werknemers te skep, terwyl die NWU se benadering tot gelykheid en diversiteit een van verbintenisse is en nie bloot 'n kwessie van voldoening aan die wet nie. Gedurende 2006 het die Raad die Beleid oor Indiensnemingsgelykheid goedgekeur, wat die weg baan vir die ontwikkeling van die strategiese Indiensnemingsgelykheidsplan. Hierdie plan is tans in die finale stadiums van oorlegpleging, met sleutelemente wat reeds van stapel gestuur is en die volgende insluit:

- 'n Bewusmakingsveldtog oor indiensnemingsgelykheid.
- Die ontwikkeling van 'n webwerf oor indiensnemingsgelykheid.
- Nakoming van die nuwe regulasies ingevolge die Wet op Gelyke Indiensneming.
- 'n Gestremdeheidsaudit.
- 'n Omvattende diversiteitsprogram.
- Die ontwikkeling van getallegebaseerde teikens vir indiensnemingsgelykheid in elke sake-eenheid tot op die vlak van departemente/akademiese skole.

Oorlegpleging vind deur die Indiensnemingsgelykheid- en Vaardigheidontwikkelingsforums (IGVOF's) op institusionele en kampusvlak plaas. Hulle funksioneer goed en verseker 'n deursigtige proses van volle deelname en oorlegpleging, met die verbetering van hul kennis by wyse van opleidingsessies wat deur professionele raadplegende instansies aangebied word.

MIV en VIGS

Die NWU erken dat MIV/VIGS 'n ernstige aangeleentheid is wat die hele universiteitsgemeenskap en die gemeenskap in die breë raak en het dus 'n holistiese MIV/VIGS-program waarby studente, personeel en die gemeenskappe wat deur die NWU bedien word, betrokke is. Dit is gegrond op die nuut goedgekeurde MIV/VIGS-beleid en sluit bewusmaking, voorkoming, gemeenskapsuitreiking en die aanbod van geakkrediteerde opleidingsprogramme in.

Hoogtepunte van die program gedurende 2006 het die volgende ingesluit:

- Gereelde vergaderings met alle kampus-MIV/VIGS-advieskomitees, studente en ander belanghebbendes.
- Die totstandbrenging van 'n verkrachtingsondersteuningsdiens deur 'n 24/7-noodlyn.
- Voorkomingsaktiwiteite soos kondoomverspreiding en vrywillige beradings- en toetsdienste en portuuroopvoeding vir studente.
- Induksieprogramme vir eerstejaars en nuwe personeellede.
- Bewusmakingsgeleenthede soos Kondoomweek, Kersliggedenktag en Wêrelddag vir VIGS, asook aktiwiteite soos die video "Dobbelspel", wat deur studente geproduseer is.
- Die aanbod van geakkrediteerde opleidingsprogramme, byvoorbeeld oor MIV/VIGS in die werksplek, aan personeellede.
- Studentebetrokkenheid by gemeenskapsuitreiking, deur nie-regeringsorganisasies, soos Tshepong, die Hospies en die Amaphelo-dagsorgsentrum in Potchefstroom en opleidingsprogramme vir die dorpie Disaneng en Dibate naby Mafikeng.
- Die totstandbrenging van die HOVIGS-Institusionele Koördineringskomitee (HIKK) om Hoër Onderwys Suid-Afrika behulpsaam te wees met die koördinerings van befondsing vanaf die Europese Unie. Die HIKK is deur prof MS Zibi, die Direkteur Diversiteit, Gelykheid en Menseregte, en dr T Eloff, die Visekanselier, geïnisieer.

Werknemerswelstand

In die belang van organisatoriese doeltreffendheid en werknemersmoraal het die NWU 'n goed gestruktureerde Werknemerswelstandprogram in bedryf, wat na die fisiese en emosionele welstand van personeel omsien. Deur die program het werknemers toegang tot 'n verskeidenheid gesondheids- en fiksheidsdienste, insluitende gesondheidsdae, algemene fiksheidsprogramme (bekend as "Wees Aktief"-projekte), gesondheidsifting, stres- en tydsbestuurwerkswinkels en ondersteuningsgroepe.

Dit is goed gedurende 2006 bygewoon, soos die volgende statistiek toon:

- 277 werknemers het griepinspuitings ontvang.
- 4 053 werknemers en hul gades, sowel as pensionarisse, het kontak met personeel van Werknemerwelstand gehad.
- 71 werknemers het aan dae vir kardiovaskulêre gesondheid deelgeneem.
- Ongeveer 200 werknemers het aan Wees Aktief-projekte deelgeneem, spesifiek die personeelgholfdag en 'n rondomtalie-tennisstoernooi.
- 193 werknemers het hul oë laat toets, 205 het osteoporosesifting ondergaan en 75 het die gehoorsiftingstoets ondergaan.
- 74 werknemers het aan werkswinkels oor hanteringsvaardighede deelgeneem.

Werknemers het ook die geleentheid aangegryp om by gemeenskapsdiens betrokke te wees, met 78 werknemers wat altesaam 38 liter bloed geskenk het en andere wat komberse en klerasie aan liefdadigheidsorganisasies soos Winter Hope, die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie en die Abraham Kriel-kinderhuis geskenk het.

Die talle Werknemerswelstandprojekte wat onderneem is, het tasbare voordele vir werknemers en die NWU opgelewer. Deur verskeie tydsbesparings- en stresvermindingsprojekte, soos die bystaan van werknemers met hul aansoeke om ID-dokumente en paspoorte, het die NWU honderde werksure en duisende rande bespaar:

- Ongeveer 126 werksure is bespaar, wat op R21 045 neerkom, deur 96 werknemers te help om hul bestuurderslisensies te verkry.
- 'n Geraamde 768 uur, of R63 611, is bespaar deur 197 werknemers met ID- en paspoortaanoeke behulpsaam te wees.
- 58 werknemers het internasionale bestuurderspermitte van die Welstandskantoor verkry, wat hulle en die NWU tyd en geld bespaar het wat andersins op reise na Johannesburg bestee sou gewees het.

Slotwoord

Belangrike prestasies vir 2006 het die suksesvolle instelling van 'n enkele mensehulpbron- en salarisstelsel ingesluit, asook die verfyning van die NWU se unieke organisatoriese model en die implementering van 'n verskeidenheid werknemersbeleide wat konsekwentheid en billikheid regdeur die universiteit verseker. Die MH-webwerf is vir die eerste keer op 28 November 2006 bekend gestel en gepubliseer. Dit bestaan uit intranet- sowel as internet-komponente. Toegang kan deur die webwerf tot alle beleid, reëls en regulasies sowel as MH-handleidings en die nodige vorms verkry word. Die universiteitsgemeenskap is baie opgewonde oor hierdie nuwe MH-webwerf en het die inisiatief verwelkom.

Hierbenewens het Mensehulpbronne organisatoriese transformasie deur werkswinkels en besprekings oor diversiteitsbestuur en menseregte asook deur leierskapontwikkelingsingrepe vir bestuurders en die dekane van fakulteite ondersteun. Oorlegpleging oor die NWU se Indiensnemingsgelykheidsplan het glad verloop, met personeel op verskillende vlakke wat aktief deur oop forums en opleidingswerksinkels aan die ontwikkeling daarvan deelgeneem het. Daar was ook 'n gesonde reaksie van die kant van personeel op werknemerswelstandaktiwiteite en 'n goeie belangstelling in die MIV/VIGS-program, insluitende kursusse wat oor MIV/VIGS in die werksplek aangebied is.

Mensehulpbronne het 'n beduidende bydrae gelewer tot die NWU se pogings om die toekoms as 'n verenigde, geïntegreerde instelling te verwelkom.

Studente



Met drie kampusse wat oor twee provinsies versprei is, lok die NWU studente vanuit wyd uiteenlopende sosio-ekonomiese, kulturele en taalagtergronde. Hierdie diversiteit verleen 'n mededingende voorsprong aan die universiteit in die sin dat dit studente vanuit verskillende strata van die samelewing in staat stel om te leer en in interaksie met mekaar te wees in 'n omgewing wat 'n redelik noue weerspieëling van die dinamiek van die Suid-Afrikaanse gemeenskap is. Dit bied ook 'n opwindende geleentheid vir die NWU om betrokke te wees by transformasie wat verskille respekteer, terwyl dit 'n gemeenskaplike verwysingsraamwerk bou waarmee bestaande sowel as voornemende studente kan identifiseer.

Studente-inskrywings vir 2006

	Mafikengkampus	Potchefstroomkampus	Vaaldriehoekkampus	Totaal
Eerstejaars	1 130	4 111	671	5 912
Seniors	7 357	22 766	2 701	32 824
Totaal	8 487	26 877	3 372	38 736

Bestuur van studente-inskrywings

In ooreenstemming met die Minister van Onderwys se beroep op universiteite om hul studente-inskrywings op verantwoordelike wyse te hanteer, het die NWU 'n plafonstrategie vir die eerstejaarstudente-inname vir 2006 gevolg. Die plafon, wat op 5 100 gestel is, is daarop gerig om matige groei in studentetalle vergeleke met die vorige jaar toe te laat. Hoewel werklike inskrywings van eerstejaarstudente op al drie kampusse effens laer was as wat geprojekteer is, was die gehalte van studente wat toegelaat is oor die algemeen hoër, wat weer hul deurvloeiopotensiaal verhoog het.

In die geval van nagraadse inskrywings het die NWU 'n siftingsmodel gebruik om die oorrooising van studente te bestuur en te help om die vereiste balans tussen Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie/Handel en Lettere te behaal. Hierdie model is saam met dekane van fakulteite, personeel van akademiese administrasie en kampusbesture ontwikkel.



Werwing

Met die Institusionele Plan as grondslag is bemarkingsaktiwiteite gebaseer op werwing van studente wat 'n goeie deurvloei koers kan verseker, met nagraadse studie kan voortgaan en die demografie van die Suid-Afrikaanse gemeenskap weerspieël.

In die lok van hierdie hoëgehalte-studente is die NWU in 'n hoogs mededingende betreklik klein mark bedrywig. Dit word geïllustreer deur die feit dat slegs 16 persent van Graad 12-leerders in 2006 matriekvrystelling verkry het, en slegs 4,8 persent Wiskunde in die hoër graad geslaag het. Om mededingend in hierdie mark te bly, het die universiteit sy werwingsveldtog verstewig deur individueel op die top 10-leerders by ongeveer 700 skole in die voergebiede te fokus. Dit was die eerste keer dat die NWU regstreekse bemerking gebruik het, wat een-op-een-besoeke en afsprake behels het, en dit het hoogs doeltreffend geblyk te wees.

Van die 700 skole wat besoek is, was 143 deel van die Ikateleng-program, wat daarop gerig is om Graad 12-leerders uit benadeelde gemeenskappe vir tersiêre studie voor te berei. Ongeveer 2 500 leerders uit hierdie skole het in 2006 psigometriese evaluering ondergaan, waarna 801 vir aanvullende onderrig in Wiskunde, Wetenskap, Biologie, Ekonomie en Rekeningkunde gekeur is. Die gemiddelde slaagsyfer van hierdie leerders was 72,60 persent, terwyl 28 persent met vrystelling geslaag het – beduidend hoër as die gemiddelde.

Die Ikateleng-program, wat tot nou toe slegs in die Noordwes-provinsie gefunksioneer het, word nou na skole in die Noord-Kaap-provinsie uitgebrei.

'n Geïntegreerde bemarkingsveldtog wat koördinerende en ontwikkeling van bemarkingsmateriaal vir voornemende studente verseker het, is verlede jaar vir 30 loopbaanuitstallings aanvaar.

Studentebestuur

Die kampusverteenwoordigers van die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR) het in 2006 'n moeilike begin ervaar. 'n Aantal studente wou nie sekere klousules in die IVSR-grondwet aanvaar nie, hoewel daar oor hierdie grondwet beding en ooreengekom is deur lede van die vorige VSR'e van al drie die kampusse en dit deur die NWU-raad goedgekeur is.

Om hierdie struikelblok te oorkom, het die Studentekantoor en Kampusrektore 'n ingryping van stapel gestuur, wat tot gevolg gehad het dat die nuut verkose IVSR-lede daartoe ingestem het om die grondwet te wysig. Gevolglik is die IVSR suksesvol in April 2006 gekonstitueer, en was hulle in staat om hul verbintenisse en verpligtinge vir die res van die jaar na te kom. Dit het deelname aan onderhandelings oor studentegelde en die hou van 'n nuwe IVSR-verkieping ingesluit.



Studentewelstand

Al drie kampusse was besonder aktief op die gebied van MIV/VIGS-voorkoming. Werkskomitees en MIV/VIGS-kantore was in 2006 op al die kampusse aan die gang, met die aktiewe betrokkenheid van studente.

Die Gesondheidsentrum op die Mafikengkampus het steeds 'n kernrol in die welsyn van studente en personeellede gespeel. In die geheel het die gebruikskoers onder studente met net meer as 17 persent toegeneem, wat die waarde wat die Sentrum aan die kampusgemeenskap bied, onderstreep.

Kultuur en sport


Die NWU glo in die algehele ontwikkeling van studente sodat hulle goed voorbereid is om met suksesvolle loopbane te begin, tot die gemeenskap by te dra en gebalanseerde, doelgerigte lewens te lei. Terwyl akademiese uitnemendheid belangrik is, is dit nie die enigste kenmerk wat die universiteit poog om te koester nie. Kampuslewe is gerat vir holistiese groei en ontwikkeling, soos duidelik blyk uit die groot verskeidenheid kultuur- en sportaktiwiteite waaraan studente aangemoedig word om deel te neem.

Vir gedetailleerde oorsigte van hierdie aktiwiteite in 2006, raadpleeg asseblief die Kampusoorsigte op bladsy 87 tot 101 van hierdie verslag.

Slotwoord

Die NWU is toenemend besig om studente te lok wat oor die potensiaal beskik om akademies en op ander gebiede van die kampuslewe suksesvol te wees. Dit is te danke aan die groeiende sterkte van die NWU-handelsmerk en aan ons strategie om studentetalle op 'n verantwoordelik wyse te bestuur en innoverende werwingstegnieke te gebruik om vir toekomstige innames op hoëprestasie-leerders vanaf toevoerskole te fokus. Nog 'n faktor is die geleentheid wat die NWU aan voornemende en bestaande studente bied om vaardighede te ontwikkel wat op die werksmark in aanvraag is, veral organisatoriese, leierskaps- en spanwerkvaardigheid. Gedurende 2006 het die Studentekantoor hierdie geleentheid uitgebrei deur die kapasiteit van die studenteleierskap te verbreed, nouer met die talle studentesport- en kultuurklubs op die kampusse saam te werk en die omvang van gesondheids- en welsynsdienste wat aan studente gebied word, uit te brei.

Navorsing



Navorsingshoogtepunte van 2006

- 'n Navorsingstoekenning van R10 miljoen oor drie jaar is aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe op die Potchefstroomkampus gemaak. Hierdie toekenning uit die Departement van Wetenskap en Tegnologie se Innovasiefonds is gebruik vir die verdere ontwikkeling van NWU-tegnologie wat in die behandeling van malaria, tuberkulose en pediatriese MIV/VIGS aangewend word.
- Die NWU het R72,1 miljoen aan eksterne navorsingsbefondsing verdien, 'n styging van 28 persent vanaf 2005.
- Navorsingsaansporingsmaatreëls van altesaam R6,4 miljoen is gedurende die jaar uitbetaal om toenames in navorsingsuitsette te bevorder. Hiervan is R2,9 miljoen aan fokusareas en R3,5 miljoen aan fakulteite op die drie kampusse uitbetaal.
- Die NWU, tesame met 16 internasionale NRO's en maatskappye, het 'n tender vir die verskaffing van antiretrovirale geneesmiddels vir onder andere 15 lande in Sub-Sahara-Afrika verkry. Die NWU sal verantwoordelik wees vir die kwaliteitstoetsing en kwaliteitsversekering van medisyne wat as deel van die PEPFAR-projek voorsien en deur USAID befonds word.
- Navorsingsuitsette het beduidend op al drie NWU-kampusse gestyg. In die geheel het artikel-ekwivalente van 318 eenhede in 2005 tot 351 artikelekwivalente in 2006 gegroei (boeke en konferensiereferate uitgesluit).

'n Sleutelement van die NWU se Institusionele Plan vir 2006 tot 2008 en daarna is die transformasie vanaf 'n onderriggebaseerde universiteit wat gefokusde navorsing doen na 'n gebalanseerde onderrig-navorsing-instelling. Hierdie transformasie is gegrond op duidelike jaarlikse teikens vir die verhoging van navorsingsuitsette en befondsing, wat die NWU se poel van geakkrediteerde navorsers vergroot en hoër getalle meesters- en doktorsale studente en postdoktorsale genote lok.

In die geheel was die vordering teen die 2006-navorsingsteikens bevredigend:

- Die getal NWU-navorsers wat deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) geakkrediteer is, het in 2005 en 2006 op 85 gestaan. Dit het beteken dat 10,4 persent van alle akademici aan die universiteit oor NNS-graderings beskik het (2005: 10,3 persent).



- NWU-navorsers het gemiddeld 30 persent van hul tyd gedurende die jaar aan navorsing bestee, teenoor 'n geraamde 27 persent in 2005. Die bedoeling is om tyd wat aan navorsing bestee word, inkrementeel tot 40 persent te verhoog, sodat personeel 'n gelyke hoeveelheid tyd aan navorsing en onderrig sal bestee (40 persent elk), met die oorblywende 20 persent wat aan gemeenskapsbetrokkenheid toegewy word.
- Teen die einde van die jaar het 280 NWU-akademici oor meesterskwalifikasies beskik, en 367 het doktorsgrade gehad. Volgens die Institusionele Plan sal hierdie getalle teen drie persent per jaar toeneem.
- Navorsingsuitsette, gemeet in artikelekwivalente vir 2005 het altesaam 326,19 (boeke, vaktydskrifte, verrigtinge) teenoor die teiken van 305 beloop. Hierdie verbetering word toegeskryf aan die klem op navorsing en innovasie en die strategieë om hierdie poging te ondersteun.

Die NWU se navorsingsteikens vir die volgende twee jaar sal selfs veeleisender wees. Die universiteit het sy belegging in navorsingstoerusting en kapasiteitsbou verhoog in die besef dat die bereiking hiervan grootliks sal afhang van die vaardighede en middele wat tot die beskikking van navorsers is.

Belegging in navorsingshulpbronne

Die NWU het gedurende 2006 altesaam R13,9 miljoen vir navorsingstoerusting, opleiding en kapasiteitsbou toegewys, 'n eerste belegging wat die NWU se verbintenis tot die voorsiening van 'n omgewing wat bevorderlik vir navorsing is, onderstreep. 'n Verdere R10 miljoen word vir die 2007- akademiese jaar beplan. Die toerusting is in 'n deursigtige proses toegewys met gebruik van 'n aantal ooreengekome kriteria, soos impak op navorsing en multidisiplinêre gebruik.

Ten einde meer akademiese personeel aan te spoor om vir gradering aansoek te doen en hul navorsingsuitsette te verhoog, is intensiewe navorsingskapasiteitsbou vir navorsers in 2006 gedoen. Opleiding is ontwerp om junior navorsers met die skryf van navorsingsvoorstelle en artikels asook die opstel van opsommings en konferensiereferate behulpsaam te wees. Gevorderde werkswinkels in nagraadse toesighouding, internasionale samewerking en NNS-graderingsaansoeke is vir ervare navorsers aangebied.

Navorsingsaansporingsmaatreëls

Terwyl die NWU in die ontwikkeling van navorsingsvaardighede belê het, het hy ook navorsers gemotiveer om meer gereeld te publiseer deur die aansporingsmaatreëls vir navorsingsartikels te hersien.

Die hersiene aansporingsmaatreëls, wat ontwikkel is om uitset te verhoog sonder om enigsins gehalte in die gedrang te bring, bestaan uit ses kategorieë, elk met 'n spesifieke gewigstoekening. Die kategorieë begin op intreevlak en is gerig op navorsers wat hul eerste plaaslike artikel publiseer, en strek deur tot die topkategorie vir navorsers wat twee of meer internasionale artikels gepubliseer het.

Gedurende 2006 het die NWU navorsingsaansporings ter waarde van R3,5 miljoen aan kwalifiserende navorsers betaal, gegrond op artikels wat in 2004 gepubliseer is. Die Mafikengkampus het R22 344 ontvang, die Potchefstroomkampus R3 297 210 en die Vaaldriehoekkampus R22 6800. Die leidende fakulteit wat betref aansporings wat ontvang is, was Natuurwetenskappe op die Potchefstroomkampus, wat 25 persent van die totaal verdien het, gevolg deur hierdie kampus se fakulteite Gesondheidswetenskappe, Teologie en Regte.

NNS-akkreditering

As deel van sy strategie om 'n gebalanseerde onderrig-navorsing-universiteit te word, het die NWU die teiken gestel om die getal NNS-gegradeerde navorsers teen 2015 tot 15 persent van akademiese personeel te verhoog. Gedurende 2006 het 18 navorsers vir graderings aansoek of heraansoek gedoen. Van die 15 aansoeke wat teen die einde van die jaar verwerk is, was 13 suksesvol, wat 'n sukseskoers van aansienlik meer as 90 persent verteenwoordig.

Die 2006-graderings het die totale getal NWU-navorsers met NNS-akkreditering oor die volgende graderingskategorieë op 85 te staan gebring.

- A-graderings: twee navorsers
- B-graderings: agt navorsers
- C-graderings: 60 navorsers
- P-graderings: een navorsers
- Y-gradering: 11 navorsers
- L-graderings: drie navorsers

Die NWU het voortgegaan om sy poel van navorsingsvaardighede te verbreed deur groter getalle meesters- en doktorsale studente te werf. In 2006 het altesaam 3 501 studente vir meesters- en doktorsale studie geregistreer, 'n styging van 4 persent vergeleke met 2005, en 8 persent teenoor 2004. Hierdie tendens toon dat die NWU goed op koers is om nagraadse inskrywings teen 2015 tot 20 persent van

die studentebevolking te verhoog. Vir 2006 het die NWU 765 meestersgrade en 110 doktorsgrade toegeken.

Die werwing van nagraadse studente het gepaard gegaan met groter ondersteuning wat tot hulle beskikking gestel is, insluitende beurse.

Van 2006 en verder kan meesterstudente by die NWU vir eenmalige beurse ter waarde van R13 300 kwalifiseer, terwyl doktorsale studente vir R20 800 kwalifiseer, wat een maal hernubaar is. Hul deelname is belangrik, aangesien dit die universiteit en Suid-Afrika toelaat om die voordeel uit vars insigte en kundigheid in kritieke dissiplines te put.

Hierbenewens is daar voorbereidings getref om die universiteit se postdoktorsale program te verbeter ten einde meer deelnemers van hoë gehalte te lok. Die program in sy huidige vorm groei teen 'n betreklik stadige tempo, met slegs een nuwe kandidaat wat gedurende 2006 by die bestaande 17 deelnemers aangesluit het. Onder die postdoktorsale studente was daar 12 buitelandse studente uit lande soos die Verenigde State, Rusland, Nederland en Duitsland. Wanneer die hersiene program eers geïmplementeer is, sal dit die NWU in staat stel om sterker groei in postdoktorsale genootskappe te behaal, wat op kritieke dissiplines soos ruimtefisika, energiestelsels en bedryfswiskunde en informatica fokus.

Navorsingsbefondsing

Gedurende 2006 het die NWU R72,1 miljoen in navorsingsbefondsing uit alle eksterne bronne gelok, insluitende die sakewêreld en die nywerheid, wetenskaplike en navorsingsgrade en die gekombineerde program van die regering en die nywerheid, die THRIP-program.

THRIP was die enkele grootste bron van befondsing en het net meer as R31,6 miljoen in totale bydrae vanaf die Departement van Handel en Nywerheid en deelnemende nywerheidsorganisasies gegenereer. Die tweede-grootste bron van befondsing was die sakewêreld en die nywerheid, wat gesamentlik byna R27 miljoen bygedra het, gevolg deur die NNS, wat navorsingstoekennings ter waarde van R14,6 miljoen gemaak het.

Die volgende tabel bied 'n opsomming van die eksterne navorsingsbefondsing wat gedurende 2006 ontvang is, kategorieë volgens befondsingsorganisasies, en die bedrae wat aan elke NWU-kampus toegeken is.



	Mafikeng	Potchefstroom	Vaaldriehoek	Totaal
NNS	R2 172 200	R12 274 832	R460 500	R14 907 532
THRIP		R15 910 314		R15 910 314
MNR		R325 800		R325 800
Bedryf	R60 000	R21 462 378		R21 522 378
WNK	R37 900	R2 469 000		R2 506 900
Ander	R45 000	R2 061 670	R61 165	R2 167 835
Internasionaal	R2 000 000	R938 596		R2 938 596
DHN		R231 052		R231 052
DWT		R2 000 000		R2 000 000
SANPAD		R199 864		R199 864
Innovasiefonds		R10 000 000		R10 000 000
TOTAAL	R4 315 100	R67 873 506	R521 665	R72 710 271

Slotwoord

Na gelang die NWU 2007 binnegaan, sal druk toeneem om die veeleisende navorsingsverwante teikens te behaal wat in die Institusionele Plan gestel is. Hoewel vordering in 2006 in sommige opsigte stadiger was as waarvoor daar gehoop is, sal die positiewe impak van die veranderinge wat gedurende die jaar gemaak is in kwantifiseerbare verbeterings in toekomstige navorsingsuitsette en -kapasiteit manifesteer. Navorsers put reeds voordeel uit groter toegang tot navorsingshulpbronne as gevolg van die NWU se beduidende beleggings in nuwe toerusting, sowel as uit die aandag wat daar aan vaardigheidsontwikkeling van opkomende sowel as gevestigde navorsers geskenk word. Alle aanduidings is dat die universiteit met sukses besig is om 'n lewenskragtige navorsingskultuur te kweek wat die NWU stewig as 'n toonaangewende, gebalanseerde onderrig-navorsing-instansie in Suid-Afrika, op die Afrika-kontinent en in die wêreld sal vestig.

Innovasie



Die lakmoestoets van 'n organisasie se innovasievermoë is sy vermoë om idees in kommersiële, inkomstegenererende toepassings en uitvindings te omskep. Dit is 'n kernsterkte van die NWU, wat beskik oor 'n toegewyde Innovasiekantoor wat gerat is om die intellektuele kapitaal van die universiteit te ontsluit en te help met die kommersialisering van innovasies wat op die drie kampusse gegeneer word. Die algehele sukses van hierdie benadering in 2006 het daartoe gelei dat die NWU die inkomste verdien uit produkverkope op grond van sy intellektuele eiendom feitlik verdubbel het. Totale inkomste gegeneer uit hierdie verkope het van net meer as R2,2 miljoen die vorige jaar tot R4,26 miljoen gestyg, 'n uiters gesonde toename wat geloofwaardigheid verleen aan die NWU se aspirasies as 'n universiteit wat kennis en innovasie aktief nastreef.

Benewens verbetering van sy vermoë om derdegeldstroom-inkomste te gegeneer, streef die NWU daarna om sy kundigheid in die belang van die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Noordwes-provinsie te deel, sowel as op 'n breër grondslag in Suid-Afrika en die res van Afrika. In hierdie konteks was 'n hoogtepunt van 2006 die NWU se betrokkenheid by die voorgestelde Noordwes-Wetenskapsark. Na voltooiing van die bestekbepaling van die projek en die voorlegging van 'n omvattende verslag aan die Suidelike Distriksmunisipaliteite is die projek ingesluit by die provinsie se aansoek by die Suid-Afrikaanse Nasionale Tesourie vir befondsing uit die ASGISA-begroting. Die tweede fase, wat die voorbereiding van die terrein behels, sal binnekort 'n aanvang neem.

In nog 'n belangrike ontwikkeling het die NWU se Innovasiekantoor onderhandelinge oor die kommersialisering van die ontstekingsstelsel wat deur die Eenheid vir Ruimtefisika uitgevind is, bestuur. Hierdie besprekings het uitgeloop op die ondertekening van 'n ondernemingskapitaalooreenkoms om die nuwe stelsel vir die mark voor te berei. Wat hierdie projek so beduidend maak, is dat dit regstreeks uit die NWU se deelname aan die Departement van Wetenskap en Tegnologie se Innovasiefondskompetisie van 2004 voortvloei, toe 11 uitvindings van die NWU, insluitende die ontstekingsstelsel, suksesvol ingeskryf is. Altesaam vyf van die 11 kompetisie-inskrywings word nou vir die mark voorberei, wat die belangrikheid en die impak van die Innovasiefonds se ondersteuning onderstreep. Die NWU se voorbereidings vir die 2007-kompetisie is goed op dreef, met uiters robuuste besigheidsplanne wat ontwikkel word ten einde sterk mededinging te verseker.

Intellektuele-eiendomsportefeulje

Die Innovasiekantoor is die bewaarder van die NWU se intellektuele eiendom en is verantwoordelik vir die bestuur van sy patentportefeulje, insluitende tantiëme- en lisensieringsooreenkomste, sowel as ander kommersialiseringsonderhandelings en -ooreenkomste.

Gedurende 2006 het die NWU die getal aktiewe Suid-Afrikaanse patente tot 29 verhoog en twee finale internasionale registrasies suksesvol afgehandel. Hierdie statistiek, tesame met ander patentverwante hoogtepunte, word in die volgende tabel getoon. Let daarop dat een internasionale patent in talle lande geregistreer kon word, maar hier as 'n enkele patent weerspieël word. Die NWU het tans vyf patente wat in die Verenigde State geregistreer is, met nog vyf hangende.

Indienings en registrasies	2004	2005	2006
Voorlopige SA-aansoeke	2	4	6
SA finaal geregistreer	3	6	2
PSV-aansoeke	4	2	5
Finale internasionale registrasies	4	1	2
Totale getal aktiewe RSA-patente		27	29
Getal modelle geregistreer		1	

'n Uitvinding wat intern via die NWU se Innovasiekantoor befonds word, is die intydse stelsel vir die monitering van elektriese seine wat met die hartwerking van atlete verband hou. Hierdie stelsel, wat deur die Potchefstroomkampus gepatenteer is, is suksesvol in November 2006 by die ingebruikneming van die NWU se nuwe ENB-Hoëprestasie-instituut gedemonstreer.

Patentondersteuning

Patentondersteuning behels skakeling met die Departement van Wetenskap en Tegnologie se Innovasiefonds vir befondsingsbystand met patenteringskoste en die toekenning van aansporings vir individuele uitvindings. Die Innovasiefonds dra tans 50 persent van patenteringskoste by.

Patentondersteuning deur die Innovasiefonds was gedurende 2006 marginaal laer as gedurende die vorige jaar. Die volgende tabel verskaf besonderhede van toekennings wat aan die NWU gemaak is vir finale indienings wat in die vorige jaar voorgelê is.

Jaar ontvang	2004	2005	2006
Bedrag aan NWU toegeken	717 226	763 380	674 202
Getal individue	6	10	2
Totaal aan individue toegeken	120 000	202 000	50 000

Lisensiëring, tantième en produkverkope

Soos voorheen genoem, het die NWU in 2006 'n sterk toename getoon in inkomste uit produkverkope gebaseer op die NWU se eie intellektuele eiendom. Verdere toenames kan in die toekoms verwag word na gelang nuwe lisensie-ooreenkomste in werking tree. Die tabel hieronder weerspieël die status van die NWU se lisensieportefeulje, bruto inkomste en tantième wat aan uitvindings uitgekeer is:

	2004	2005	2006
Nuwe lisensie-ooreenkomste	7	3	2
Ooreenkomste beëindig	1	1	1
Totale aktiewe ooreenkomste	10	12	12
Totale tantième-inkomste (produkverkope uitgesluit)	860 387	1 153 931	1 427 496
Tantième aan uitvindings uitgekeer	160 852	141 440	173 070
Bruto inkomste uit produkverkope gegrond op eie IP	1 523 415	2 228 050	4 262 250

Newemaatskappye

Newemaatskappye is onafhanklike of geassosieerde maatskappye of filiale wat deur die NWU tot stand gebring is om spesifieke produkte te ontwikkel en te bemark. Soos die tabel hieronder toon, het die NWU tans 12 newemaatskappye, waarvan drie gedurende die oorsigjaar tot stand gebring is.

	2004	2005	2006
Nuwe newemaatskappye	1	1	3
Totale newemaatskappye sedert 1999	8	9	12
Nuwe beleggings in maatskappye (insluitende newemaatskappye)	1	1	2
Getal onttrekkings/disinvesterings	1	1	0
NWU-filiale en geassosieerde maatskappye op jaareinde	6	6	8
Inkomste verkry uit disinvesterings	0	250 000	0

Kommersialiseringsooreenkomste

Hierdie ooreenkomste stel die NWU in staat om toegang te verkry tot befondsing om uitvindings te kommersialiseer of vennote te kies wat deur tegnologie of ander kundigheid waarde tot die bemarking van uitvindings kan toevoeg.

Gedurende 2006 het die Innovasiekantoor onderhandelings rakende drie kommersialiseringsprojekte bestuur:

- Die ontstekingstelsel wat deur die Eenheid vir Ruimtetesika uitgevind is: Triumph Venture Capital Fund het ingestem om die projek te befonds, wat slegs die tweede belegging deur Triumph in vyf jaar is.
- Die MeyerZall-ooreenkoms oor die kommersialisering van feroïed-tegnologie: Die bestaande ooreenkoms is suksesvol herbeding om die NWU toe te laat om die tegnologie sonder beperkings te kommersialiseer.
- Die ooreenkoms met Sangari vir die bemarking en verkoop van NWU-chemiestelle vir hoërskole: Hierdie ooreenkoms is in 2006 beëindig, wat die NWU vrygestel het om toepaslike vennote vir elke bemarkingsgeleentheid te kies, terwyl dit Sangari in staat gestel het om voort te gaan om hierdie NWU-tegnologie te vervaardig en te bemark.

Kommersialiseringsondersteuning aan die kampusse

Opleiding insluitende seminare, besprekings en werksinkels, is op die kampusse aangebied vir sover dit die patentering en kommersialisering van produkte betref. Hierbenewens is werksinkels vir studente oor entrepreneurskap ook gehou.

Ander ondersteuning het hulp met tegnologie-oordrag ingesluit, asook bystand met die beskerming van intellektuele eiendom, die ontwikkeling van kommersiële modelle, bystand met befondsingsaansoeke vir projekte en navorsingsleerstoele, bystand met lisensie-ooreenkomste, bemarking van tegnologieë en die bou van netwerke, herbeding van onsuksesvolle lisensie-ooreenkomste en die totstandbrenging van en mentorskap vir newemaatskappye.

Bemarking en netwerking

'n Waardevolle diens wat die Innovasiekantoor aan NWU-kampusse lewer, is die fasilitering van kontak met eksterne maatskappye en rolspelers in die nywerheid wat aan kommersialiseringsprojekte kan meewerk. Gedurende die jaar het die Kantoor netwerkingsgeleenthede met 'n wye verskeidenheid

eksterne agentskappe gereël, insluitende Global Research Alliance, Top Technology 100, Invest North West, die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika en die Gesamentlike Ontwikkelingsforum van die Suidelike Distriksmunisipaliteite. Hierbenewens het die Innovasiekantoor gehelp om eksterne netwerkingsgeleenthede vir individuele afdelings te skep, insluitende Meganiese Ingenieurswese, Elektroniese Ingenieurswese en Biochemie.

Slotwoord

Na gelang die NWU 2007 binnegaan, sal druk toeneem om die veeleisende navorsingsverwante teikens te behaal wat in die Institusionele Plan gestel is. Hoewel vordering in 2006 in sommige opsigte opmerklik langzaam was, sal die positiewe impak van die veranderinge wat gedurende die jaar gemaak is in kwantifiseerbare verbeterings in toekomstige navorsingsuitsette en -kapasiteit manifesteer. Navorsers put reeds voordeel uit groter toegang tot navorsingshulpbronne as gevolg van die NWU se beduidende beleggings in nuwe toerusting, sowel as uit die aandag wat daar aan vaardigheidsontwikkeling van opkomende sowel as gevestigde navorsers geskenk word. Voortgesette groei in navorsingskapasiteit sal op sy beurt die NWU se vermoë verbeter om innoverende, kommersieel lewensvatbare oplossings vir die sakewêreld en die nywerheid te genereer, en om die implementering van sy kundigheid in die belang van sosio-ekonomiese ontwikkeling en gemeenskapopheffing uit te brei.



PROF F VAN NIEKERK
INSTITUSIONELE DIREKTEUR: MENSEHULPBRONNE, STUDENTE, INNOVASIE EN NAVORSING

Inligtingstechnologie

Prof IJ Rost, Institusionele Direkteur: Finansies en Fasiliteite



Die fase na die samesmelting en in besonder die jaar 2006 was 'n tydperk van noemenswaardige prestasie vir die Departement Inligtingstechnologie (IT). Benewens suksesvolle implementering van gestandaardiseerde besigheidstelsels oor al die kampusse het die departement die tendens tot voortgesette verbetering van infrastruktuur en diensvlakke volgehou.

Standaardisering van besigheidstelsels

In die standaardisering van besigheidstelseldienste op al drie kampusse is talle nuwe stelsel-implementeringsprojekte in 2006 voltooi, insluitende 'n geïntegreerde studentestelsel, 'n volgende-generasie-platform vir E-leer en gestandaardiseerde web- en e-posprosesse.

Varsité-studentestelsel

Die Varsité-studentestelsel, wat sedert 2001 ontwikkel is en reeds op die Potchefstroom- en Vaaldriehoekskampus in gebruik was, is in Augustus 2006 op die Mafikengkampus geïmplementeer. Dit was om twee redes 'n mylpaal. Eerstens bevestig dit die geldigheid van die departement se implementeringstrategie in die sin dat die stelsel doeltreffend ontplooi en in 'n verspreide omgewing gebruik is, selfs hoewel dit deur 'n gesentraliseerde ondersteuningspan bedryf en gekonfigureer word. Tweedens demonstreer dit dat 'n gemeenskaplike stelsel suksesvol met 'n veeltalige gebruikerskoppelvlak ontplooi kan word, wat die Mafikengkampus in staat stel om 'n Engelse koppelvlak op dieselfde stelsel te gebruik.

Hoewel verskeie tegniese probleme gedurende die eerste paar maande van implementering voorgekom het, het die stelsel sedertdien gestabiliseer en voorsien dit uitstekende diensvlakke. Dit is in staat om uiterste werksladings in hoëdruktydperke soos tydens studenteregistrasies te hanteer.

Sommige bykomende modules is suksesvol by die Studentestelsel-suite gevoeg, soos die webregistrasiestelsel, ten einde funksionaliteit te verbeter. Die departement is ook besig om die kwaliteitsversekering van die volgende Java-gebaseerde weergawe van die Studentestelsel te finaliseer.



Oracle eBusiness Suite

Hierdie suite is geïmplementeer ten einde die kerntoepassings van die universiteit wat betref finansies, mensehulpbronne en die salarisstelsel te vervang, en dit is op 5 Junie 2006 aan lyn gebring, ten spyte van 'n strawwe implementeringskedule en die verval van die kontrak van die departement se implementeringsvennote. In parallel met die implementering van die eBusiness-suite is dit in alle gedeelde prosesse van ander toepassings herintegreer, soos die Varsité-studentestelsel. Dit het groot verbeterings in diensvlakke aan kliënte, veral aan studente, tot gevolg gehad.

Hoewel die stelsel die meeste van die vereiste funksies verrig, word die departement deur verskeie uitdagings in die volle stabilisering daarvan gekonfronteer. Dit sluit 'n opdamming in van implementeringswerk, voortgesette probleme met stelselfoute en die leerkurwe van interne personeel om by die veranderinge aan te pas. Ongelukkig het hierdie faktore vertraging in die departement se jaareinskedule tot gevolg gehad en, in sommige gevalle, ook substandaard-diensvlakke aan eindgebruikers. Die departement is optimisties dat hierdie kwessies in samewerking met ander gebruikersdepartemente en eksterne kontrakteurs opgelos sal word.

Varsité-kaartadministrasiestelsel

'n Nuwe administrasiestelsel vir voertuigtoegang- en parkeerbeheer, sowel as vir sleutelbestuur, is vir die Departement Beskermingsdienste van die Potchefstroomkampus geïmplementeer, en in 'n

mate ook vir die ander kampusse. Die stelsel voorsien gevorderde sekuriteitsbestuursfasiliteite en het Beskermingsdienste in staat gestel om hul diensvlakke beduidend te verbeter.

Varsité-verkoopstelsel

Die ontwikkeling en implementering van hierdie stelsel is tot 2007 uitgestel as gevolg van beperkings op interne hulpbronne.

Besigheidstelsel en -prosesintegrasie

In die loop van die verskillende stelselopgraderings en -vervangings wat onderneem is, het dit nodig geword om tekortkominge in die NWU se data-insamelings- en besigheidsprosesse te hanteer. As gevolg van die beperkte integrasievermoëns van die vorige generasie finansiële en mensehulpbronsistels is afsonderlike databasisse regdeur die instelling in stand gehou, wat dit uiters moeilik en lomp gemaak het om data te synchroniseer en 'n enkele blik op die waarheid te verkry. Die departement het ook gevind dat besigheidsprosesse dikwels swak geïntegreer of disfunksioneel was, wat botsende weergawes van inligting tot gevolg gehad het.

Teen hierdie agtergrond het die departement besluit om 'n groot opknapping van die NWU se stelselintegrasie-argitektuur te onderneem, terwyl daar terselfdertyd op besigheidsprosesintegrasie en -standaardisasie gefokus is. Nadat die Oracle SOA-suite wat die BPEL-prosesbestuurder bevat as ondersteunende tegnologieplatform gekies is, het die departement ongeveer 28 toepassings met 'n geraamde 30 kernbesigheidsprosesse suksesvol geïntegreer. Hierdie projek, wat vir begin-tot-einde-bestuur van prosesse en diensvlakke voorsiening maak, het die NWU aan die voerpunt van stelselintegrasieprojekte in Suid-Afrika geplaas. Tot op datum het die platform meer as tweemiljoen prosesgevalle suksesvol voltooi.

E-leerinisatiewe

Die NWU se volgendegenerasie-e-leerplatform, eFundi, is suksesvol geïnstalleer en op al drie kampusse in die vorm van minstens een loodsprojek van stapel gestuur. Hierdie stelsel sal mettertyd die universiteit se tuisgemaakte maar hoogs suksesvolle Varsité-leerbestuurstelsel vervang. eFundi is gebaseer op die internasionaal gewilde Sakai-stelsel, wat 'n oopbron-samewerkingsprojek van 'n aantal vooraanstaande internasionale universiteite is. Die van stapel stuur van die platform is dus 'n belangrike mylpaal in die NWU se strategie op die langer termyn om internasionale belyning en mededingendheid te verseker.

Elektroniese Rekordbestuurstelsel

Microsoft Sharepoint is as die platform vir dokument- en rekordbestuur gekies. Na 'n intensiewe bewys-van-konsep-projek is 'n produksieplatform tot stand gebring om die loodsprojekte in die kantoor van die Visekanselier, Institusionele Sekretariaat, Studenterekords, Kwaliteitskantoor en Bestuursinligtingsafdeling te hanteer.

Web- en e-posstandaardisasie

Na die standaardisasie van die NWU se besigheidstelsels, in die besonder die mensehulpbron- en studentestelsels, was die departement in staat om die gebruikersidentifikasieselsel te sinchroniseer en te standaardiseer. Dit was 'n voorvereiste vir die suksesvolle integrasie van die voorheen afsonderlike e-posstelsels wat gebruik is. Gevolglik is die nuwe NWU-domein, nwu.ac.za, vir al die kampusse gestandaardiseer. Insgelyks is die institusionele en kampuswebwerwe herondersoek en gestandaardiseer, wat die NWU in staat stel om 'n eenvormige beeld aan die mark te vertoon.

Interkampuskommunikasie en ondersteuningsprosesse

Die vloeï van elektroniese kommunikasie tussen kampusse onderling en tussen kampusse en die institusionele kantoor is in 'n groot mate deur die volgende ontwikkelings verbeter:

- Gestandaardiseerde e-posstelsel: GroupWise is in 2006 na die Mafikengkampus uitgebrei en is nou die standaard-e-posstelsel vir alle studente op al drie kampusse.
- Gratis regstreekse telefoonskakeling tussen kampusse: Interkampus-oproep kan gratis gemaak word, aangesien hierdie oproep via die NWU se datakommunikasienetwerk in plaas van deur die openbare telekommunikasienetwerk geskied.
- Geïntegreerde probleemoplossingsprosesse: Die Remedy Action Request-stelsel is in 2006 op al die kampusse geïmplementeer, wat dit vir alle gebruikers moontlik maak om dieselfde IT- en stelselverwante probleemoplossingsproses te gebruik. Die stelsel is ook gestroomlyn ten einde naatlose en reëlgebaseerde eskalاسie van onopgeloste probleme moontlik te maak.

Algemene verbeterings van IKT-infrastruktuur

Sentrale institusionele data op SAN

Die NWU het 'n nuwe HP EVA8000 Stoorareanetwerk-stelsel (SAN-stelsel) verkry, wat in die sentrale datasentrum geïmplementeer is. Totale SAN-storingskapasiteit is meer as 16 teragreep, wat oorgenoeg is om alle korporatiewe inligting te akkommodeer.

Benewens verbeterde toeganklikheid en betroubaarheid maak die SAN-argitektuur gevorderde databestuurfunksies moontlik, wat 'n algemene verbetering in diensvlakke tot gevolg het.

Nuwe datasentrum en toerusting vir Mafikengkampus

As deel van die algemene opgraderingstrategie van die Mafikengkampus het die IT-departement 'n nuwe datasentrum vir die kampus se IKT-infrastruktuur gebou. Hierdie sentrum is die ruggraat van die diensomgewingstrategie en is toegerus met die standaardbedieners en SAN wat in alle ander NWU-datasentrums gebruik word, asook gevorderde kragbestuursinfrastruktuur.

Netwerkopgradering en reorganisasie van Mafikengkampus

As 'n uitbreiding van die datasentrum is 'n aansienlike deel van die Mafikengse lokalearea-netwerk (LAN) gestandaardiseer en tot institusionele standarde opgradeer. Dit sal regstreeks in verbeterde stabiliteit, deurvloei en diensvlakke vergestaltung vind.

Terselfdertyd is die WAN-kapasiteit na die Mafikengkampus tot 4 Mb/s opgegradeer ('n opgradering van 100 persent).

10 Gb/s-netwerkruggraat vir Potchefstroomkampus

Om die voortgesette groei in LAN-verkeer op die Potchefstroomkampus te akkommodeer, is die netwerkruggraat tot 'n kapasiteit van 10 Gb/s opgradeer, in 'n getrianguleerde topologie. Terselfdertyd is die netwerk-sterodusse met ononderbrokekragtoevoer-eenhede toegerus om die negatiewe effek van kragonderbrekings teen te werk.

Opgradering van lugversorgingstelsel van hoofdatasentrum

'n Kragtige nuwe lugversorger is by die sentrale datasentrum geïnstalleer om temperatuurstygings en die groeiende getal verwerkers wat verkoeling nodig het, te hanteer.

Uitbreiding van bedienerkluster

In ooreenstemming met die klusterstrategie het die departement bykomende toepassings na hierdie argitektuur gemigreer. 'n Uitstekende voorbeeld is die Oracle 10g RAC-implementering vir die eBusiness-suite se databasisse. Die kluster oorspan met oortollige kapasiteit twee datasentrums in 'n ladingbalanserende falingsvoorkoming-konfigurasie, wat die besigheidsrisiko van datasentrumfaling tot die minimum beperk. Die Oracle ERP-toepassingsbedieners is op dieselfde wyse gekluster.

Hierbenewens is geklusterde argitekture vir die J2EE-gebaseerde weergawes van die Varsité-studentestelsel ontplooi, asook vir die Citrix-bediensers wat gebruik word om kampusse op 'n afstand doeltreffender te bedien.

Alle klusters gebruik standaard HP-bedienerblaaie.

Ander ontwikkelings

ResNet

'n Innoverende toepassing is ontwikkel en geïmplementeer om toenemende getalle persoonlike rekenaars van studente wat aan die LAN gekoppel is te akkommodeer. In die verlede kon hierdie persoonlike

rekenaars LAN-bewerkings versteur indien hulle nie standaardkonfigurasies of virusvatbare toepassings gebruik het, of indien studente ontoereikende sekuriteitsrisikobestuur toegepas het.

ResNet laat 'n student toe om sy of haar persoonlike rekenaar te sertifiseer en "skoon" te maak voordat dit aan die LAN gekoppel word, wat probleemvrye, nie-steurende toegang tot netwerkgebaseerde hulpbronne moontlik maak.


Toerusting van Vaaldriehoekkampus se geboue

Verskeie nuwe geboue op die Vaaldriehoekkampus is met IT- en kommunikasie-infrastruktuur toegerus en die sistematiese opgradering van kommunikasie-infrastruktuur na alle koshuise is voortgesit.

Slotwoord

Die IT-departement het 'n strategiese rol in die suksesvolle samesmelting van die kampusse gespeel, en het 'n soliede grondslag van gemeenskaplike stelsels, standarde en infrastruktuur voorsien. 'n Aantal groot stelselveranderinge is in 'n betreklik kort tyd binne 'n redelike begroting geïmplementeer. Die NWU se IT-departement het nasionaal 'n leierskapsrol op baie gebiede begin speel, en stel nuwe norme in IT-dienslewering.

Fasiliteite



Die NWU gaan voort om in fasiliteite te belê en infrastruktuur te skep wat vir die universiteit se kernonderrig-leer- en navorsingsbedrywighede bevorderlik is. Die departemente wat NWU-fasiliteite hanteer, poog om die instelling se fisiese infrastruktuur in stand te hou en te verbeter, en fokus op makro-instandhouding, groter kapitaalprojekte en geringe opknappings.

Die jaar 2006 was die begin van 'n intensiewe driejaarprogram vir die uitbreiding en verbetering van fasiliteite wat die vorige jaar deur die NWU-raad goedgekeur is. Die Departement het werk ter waarde van altesaam R76,47 miljoen in 2006 onderneem, waarvan die grootste gedeelte in kapitaalprojekte belê is. Wat beduidend is, is dat ongeveer 37 persent van die R64,18 miljoen wat gedurende die jaar aan kapitaalprojekte bestee is, aan swart ekonomiese bemagtigingskontraakteurs en -verskaffers betaal is.

Die Departement Fisiese Infrastruktuur en Beplanning het die NWU se 10-jaarprogram vir makro-instandhouding voortgesit. Benewens die R6 miljoen wat deur die Raad vir makro-instandhouding op al drie kampusse in 2006 toegewys is, is 'n verdere R4 miljoen aan studentekoshuise en akademiese geboue op die Mafikengkampus bestee. Die befondsing hiervoor het uit die Samesmeltingsfonds van die Onderwysdepartement gekom, wat R30 miljoen oor drie jaar vir makro-instandhouding op die Mafikengkampus toegewys het.

Die volgende tabel gee 'n uiteensetting van befondingsstoewysings en besteding aan kapitaal-, makro-instandhoudings- en opknappingsprojekte gedurende 2006.

Projekategorie	Fondse toegewys	Werklike uitgawes
Kapitaalprojekte	R52,375 miljoen	R64,18 miljoen
Kleiner opknappings	R4 miljoen	R3,506 miljoen
Makro-instandhouding (NWU)	R6 miljoen	R4,702 miljoen
Makro-instandhouding (Mafikeng)	R30 miljoen vir drie jaar	R10,069 miljoen

Kapitaalprojekte in 2006

'n Wye verskeidenheid kapitaalprojekte is gedurende 2006 onderneem, gebaseer op die strategiese prioriteite wat gedurende die vorige jaar deur die Raad gestel is. Behalwe vir een institusionele projek, wat die beplanning vir die nuwe institusionele kantoor behels het, is alle kapitaalprojekte op die drie kampusse uitgevoer.

Mafikengkampus

Die Departement Fisiese Infrastruktuur en Beplanning het vier kapitaalprojekte op hierdie kampus voltooi, insluitende die eerste twee fases van die driestadiumplan om nuwe studentekoshuise te bou. Die ander twee projekte wat voltooi is, was die installasie van 'n nuwe POTS-fasiliteit en die opgradering van die Siege Court-koshuis.

Nog vier kapitaalprojekte op die Mafikengkampus was teen die einde van 2006 goed aan die gang, en is op koers vir voltooiing tussen April en Junie 2007. Hierdie projekte behels die oprigting van palissade-omheining, die bou van nuwe Dieregesondheidsfasiliteite en die finale fase van die studentekoshuis-bouprojek.

Daar is ook begin met beplanning vir verskeie groot kapitaalprojekte in 2007, insluitende die oprigting van 'n rekenaaropleidingslaboratorium wat minstens 180 studente op 'n slag kan akkommodeer, die opgradering van lesingfasiliteite en infrastruktuur vir die Sokkerinstituut.

Potchefstroomkampus

Op hierdie kampus het die Departement Fisiese Infrastruktuur en Beplanning 15 kapitaalprojekte voltooi. Een van die belangrikste projekte was die bou van die nuwe laboratorium vir die Hitteoordrag-toetsfasiliteit (HOTF), wat 'n strategiese element van die NWU se kerningenieursweseprogram is. Bouwerk het in Augustus 2005 'n aanvang geneem en is vroeg in 2006 voltooi.

Die Kampus se akademiese infrastruktuur is ook beduidend verbeter deur aanbouings by die Konservatorium, die bou van die nuwe Fisiologielaboratorium, die hermodellering van die Gebruikerswetenskapgebou en bykomende kantore vir die Skool vir Verpleegkunde.

Die volgende kapitaalprojekte is ook voltooi:

- Fase twee van die Noordwes-Sportinstituut.
- Die installing van lugversorgingstelsels in die Selkultuurlaboratorium en die Regsfakulteit.
- Opgradering en opknapping van drie studentekoshuise, 'n eetsaal en die huisouerswoning van een van die koshuise.
- Die voorsiening van addisionele parkering.
- Opgradering van die Beskermingsdienste-opleidingsfasiliteit.

Groot kapitaalprojekte wat 2007 beplan word, sluit verbeterings in aan die fasiliteite van die fakulteite Opvoedkunde, Teologie en Ingenieurswese, asook van die skole vir Verpleegkunde en Farmasie, en die installasie van 'n sentrale kampusgenerator vir noodkragvoorraad.

Vaaldriehoekkampus

Op hierdie kampus was die hoofokus op die verbetering van lesing-, administratiewe en parkeerfasiliteite. Drie administratiewe geboue is opgeknop, die lesingsale in twee geboue is opgegradeer en goeie vordering is gemaak met die hermodellering van die biblioteek, wat vir voltooiing in Februarie 2007 bestem is.

Met die oog op 2007 het die Departement Fisiese Infrastruktuur en Beplanning die beplanning vir die bou van bykomende lesinglokale, die installasie van 'n generator om noodkrag te voorsien en beter akkommodasie vir die Kampusstudenterraad voltooi.

Slotwoord

Die NWU is besig om sy merk te maak as 'n leier wat betref die inspanning van die mag van tegnologie vir onderrig-leer en groter bedryfsdoeltreffendheid. Gedurende 2006 het hierdie departement, benewens standaardisering van studente- en besigheidstelsels regdeur die universiteit, suksesvol 'n e-Leerplatform as 'n loodsprojek van stapel gestuur wat die NWU op die voorpunt van elektroniese onderrig-leer-tegnologie plaas. Die departement het ook een van die mees komplekse besigheidsproses-integrasieprojekte in Suid-Afrikaanse hoër onderwys onderneem en die NWU in staat gestel om koste te bespaar deur innovasies soos gratis regstreekse telefoonskakeling tussen kampusse. Gevolglik het die universiteit sy tegnologiestrategie met internasionale tendense belyn en sy mededingende voorsprong op die hoëronderwysmark verstewig.



PROF IJ ROST
INSTITUSIONELE DIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE

*“As ek aan die **toekoms** dink, stel ek my voor dat die NWU teen 2009 ’n universiteit kan wees wat nie slegs oor die uitnemendheid beskik wat dit ’n model hoërondewysinstelling in die land maak nie, maar dat dit ook ’n prototipe kan wees van hoe gemeenskappe kan saamleef.”*

Dr PS Molefe, Kanselier



Kampusoorsig


2006 - 2008 EN VERDER

- 87** Kampusoorsig: Mafikeng
- 92** Kampusoorsig: Potchefstroom
- 98** Kampusoorsig: Vaaldriehoek



Kampusoorsig: Mafikeng

Prof ND Kgwadi, Kampusrektor: Mafikeng



Studente-inskrywings in 2006

Die getal ingeskrewe studente was:

Eerstejaars	1 130
Seniors	7 357
Totaal	8 487

Diplomas en grade in 2006 toegeken

Gradeplegtighede is op 5–7 April en 5–7 Oktober gehou.

Gegradueerdes per fakulteit in 2006

Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie	320
Fakulteit Handel en Administrasie	423
Fakulteit Opvoedkunde	921
Fakulteit Mens- en Sosiale Wetenskappe	409
Fakulteit Regte	85
Totaal	2 158

Kampushoogtepunte

- Die Minister van Onderwys het R30 miljoen vir die makro-instandhouding en opgradering van die fisiese fasiliteite op die Mafikengkampus toegeken. In 2006 is 'n bedrag van R10,069 miljoen aan die volgende fasiliteite bestee: Die eerste twee fases van 'n driestadiumplan om nuwe studentekoshuise te bou, die installasie van 'n nuwe POTS-fasiliteit, die opgradering van die Siege Court-koshuis, die oprigting van palissade-omheining, die bou van nuwe Dierigesondheidsfasiliteite en die finale fase van die studentekoshuis-bouprojek.



- Die Noordwes-regering het R400 000 vir klasgelde vir behoeftige studente op die kampus geskenk. Die geld sal gebruik word om vir klasgeld en akkommodasie te betaal en hulp met die aflossing van studente se uitstaande klasgeld te verleen.
- Voorstelle vir die totstandbrenging van 'n Sokkerinstituut op die Mafikengkampus het gestalte gekry nadat 'n senior bestuursafvaardiging die Verenigde Koninkryk besoek het. Die oorkoepelende oogmerk sal wees om sokker as katalisator te gebruik vir onderwys- en gemeenskapsontwikkeling.
- Die Raad het die totstandbrenging van skole op die Mafikengkampus goedgekeur en die nodige poste van skooldirekteure is gevul. In die Fakulteit Opvoedkunde het dit gelei tot gefokusde groei, wat die fakulteit in staat gestel het om 'n multimiljoenrand-ooreenkoms met die Onderwysdepartement te sluit om opvoeders in die Noordwes-provinsie op te lei.

Onderrig-leer

In ooreenstemming met die teikens wat in die NWU se Institusionele Plan gestel is, het die Mafikengkampus sterk daarop gefokus om studentedeurvloei- en slaagkoerse te verhoog, die kwalifikasies van akademiese en ondersteuningspersoneel te verbeter en streng kwaliteitsversekering te vestig.

Hoewel sommige van die stappe wat in 2006 gedoen is tyd sal neem om deur te filtreer, het die kampus verskeie noemenswaardige onderrig-leer-suksesse gedurende die jaar behaal. Vordering was veral bemoedigend op die gebied van programkwaliteitsversekering, wat goeie dinge voorspel vir die kampus se bydrae tot die NWU se voorbereidings vir die 2008-kwaliteitsoudit deur die HOKK.

Teen die einde van die akademiese jaar het feitlik al vyf fakulteite kwaliteitsversekeringskomitees op die been gebring, begin om kwaliteitsverwante dokumentasie op te stel en was hulle besig om gestandaardiseerde kwaliteitsversekeringstegnieke te gebruik. Nog 'n mylpaal is behaal toe die kampus se MEd-program voorwaardelike akkreditasie van die HOKK ontvang het.

In sekere fakulteite, soos Handel en Administrasie, was daar merkbare verbeterings in die slaagsyfers in die meeste modules op voorgraadse en nagraadse vlak. Dit kan toegeskryf word aan maatreëls soos die sistematiese monitering van slaagsyfers per module, groter dosentaanspreeklikheid en die ontwikkeling van meer doeltreffende studiemateriaal. Op studiegebiede waar probleme geïdentifiseer is, het fakulteite gereageer deur aanvullende klasse te reël en, waar moontlik, bykomende rekenaartoerusting en programmatuur te verkry.

Die voortgesette poging om die vaardighede en bevoegdhede van akademiese asook ondersteuningspersoneel te verbeter, is gedurende 2006 geïntensiveer. Daar word nou van akademiese werknemers vereis om die evaluerings- en modereringskursus te voltooi, wat die onderrig-leerproses regstreeks sal

verbeter, en daar is met die ontwikkeling van 'n dosentevalueringmiddel begin. Verder het 'n beduidende getal akademiese werknemers vir meesters- of doktorsale studies geregistreer. In die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie alleen is 11 werknemers met doktorsale studie en vier met meestersgraadstudie besig.

Navorsing

Gedurende 2006 het die Mafikengkampus 'n effense toename in navorsingsuitsette getoon, met 13 artikelekwivalente, vergeleke met 7,69 geweege ekwivalente in 2005. Uitset staan egter op die punt om beduidend te groei. Gedurende die jaar is die grondwerk vir groei gelê deur 'n intensiewe fokus op die bou van navorsingskapasiteit wat daarop gerig is om die kampus in staat te stel om betekenisvol tot die NWU se algehele strategiese verskuiwing vanaf 'n onderriggebaseerde universiteit na 'n gebalanseerde onderrig- en navorsingsinstansie by te dra.

Ten einde navorsingskapasiteit te bou, het verskeie fakulteite werkswinkels oor die skryf van navorsingsvoorstelle en artikels gehou, die redakteurs van vaktydskrifte en taalpraktisyns genooi om personeel met hul publikasiestrewes behulpsaam te wees en gesamentlike navorsingsprojekte met nasionale en internasionale vennote onderneem. Navorsers het ook saadgeld ontvang om hul navorsingsprojekte te inisieer en het aansoek om navorsingsfondse gedoen ten einde hul hoër grade te voltooi.

Daar moet ook op gelet word dat die kampus belangrike navorsing genereer oor onderwerpe soos kritieke en skaars vaardighede in die Noordwes-provinsie, die implementering van e-regering in Suid-Afrika en 'n evaluering van die impak van veeldoelige kommunikasiesentrums en telesentrums.

Implementering van kundigheid

'n Belangrike sterkpunt van die Mafikengkampus is 'n diep insig in die behoeftes en uitdagings van die sakewêreld, regering en gemeenskappe in die provinsie. Die belangrikste hiervan is watergehalte en -bewaring, grondtoewysing en eienaarskap, en ontwikkeling van sakevaardighede vir opkomende entrepreneurs. Met die aansienlike korpus van kennis wat op hierdie gebiede ontwikkel is en sterk verhoudings met belanghebbendes is die kampus goed geposisioneer om vennootskappe te sluit wat sy kundigheid inspan.

Hoogtepunte van sulke projekte en vennootskappe in 2006 het die volgende ingesluit:

- **Fakulteit Regte:** Die aanstelling van 'n fakulteitslid as tegniese waarnemer in die 2006 plaaslike-regeringsverkieping in die Noordwes-provinsie; 'n omgewingsbewustheidsveldtog waarby provinsiale departemente en NRO's betrokke was, met 'n fokus op drooglande en verwoesting; bystand aan die Kantoor van die Staatsprokureur en die Noordwes-huis van Tradisionele Leiers met 'n verslag oor grondeienaarskap en -toewysing in die dorpie Mayaeyane en verskaffing van regsadvies aan die gemeenskap deur sy Gemeenskapsregskliniek.
- **Mens- en Sosiale Wetenskappe:** Die aanneem van vyf skole deur die Departement Engels, voortgesette welsynsprojekte deur Maatskaplike Werk en studentebydraes van voedsel en klerasie ná die Taung-ramp.
- **Handel en Administrasie:** Die Sakesentrum het 'n verskeidenheid kortkursusse vir sake- en regeringsleierskap ingestel op gebiede wat wissel van beroepsgesondheid en veiligheid tot klantesorgbestuur en diversiteitsbestuur.
- **Opvoedkunde:** NPOD- en GOS-verwante projekte word onderneem ten einde opvoedkundige vaardighede in die gemeenskap te verbeter.
- **Landbou, Wetenskap en Tegnologie:** Prosesse is ontwikkel vir die instelling van kortkursusse, soos opknappingskursusse vir staatslandbouvoorligtingswerkers. Prosesse is ook ontwikkel vir kontraknavorsing oor bestraling vir die bewaring van graan, sowel as waterbesparende landbou- en nywerheidspraktyke.

Studenteaktiwiteite

Die Mafikengkampus het voortgegaan om 'n omvattende program ten opsigte van welstand, sport en kulturele aktiwiteite te bied, wat 'n wyd omvattende buitemuurse ervaring vir alle studente verseker.

Studentebestuur

Die jaar 2006 sal onthou word vir die verhoogde kampusstabiliteit en samewerkende verhoudings tussen bestuur en die Kampus-Verteenwoordigende Studenteraad, waarvan die verkiesing op 11 September 2006 afgehandel is.



MIV/VIGS

Die Mafikengkampus het 'n aktiewe rol gespeel in die verligting van die impak van MIV en VIGS, wat die kampus se interne gemeenskap van personeel en studente betref, asook die gemeenskap in die breë. Die vertrekpunt was die NWU se nuut aanvaarde MIV- en VIGS-beleid en -program, tesame met voortgesette konsultasie deur vergaderings van die MIV- en VIGS-advieskomitees, studente en ander belanghebbendes om die beleid te implementeer.

Voorkomende aktiwiteite het kondoomverspreiding en vrywillige beradings- en toetsdienste ingesluit, asook bewusmakingsveldtogte soos Kondoomweek, Kerslig-herdenkingsdag en Wêreld-VIGS-dag. MIV- en VIGS-bewusmaking is ingesluit in die induksieprogramme vir eerstejaarstudente en nuwe personeellede, asook in gemeenskapuitreikingsprogramme by die dorpe Dibate en Disaneng.

Die kampus se kliniekdienste het MIV-positiewe studente en personeel ondersteun deur gereeld ondersteuningsgroepsessies aan te bied en verwysings na diensverskaffers te reël. Daar is ook algemene inligting oor MIV en VIGS gebied en studente wat betrokke is by navorsing wat handel met die pandemie is ondersteun.

Sport

Kampussportspanne en atlete het sterk in plaaslike, provinsiale, nasionale en internasionale sportgebeure oor 'n wye spektrum van sportkodes presteer:

- Die Mafikengkampus het die voorreg gehad om die Suid-Afrikaanse Universiteitspersoneel-sportvereniging (SAUPSV) se spele vanaf 11 tot 14 Desember 2006 aan te bied.
- Sewe van die 17 kampusklubs het aan SASSU-kompetisies meegeeding, insluitende die SASSU-somerspele in Desember 2006. Sportkodes wat by die Somerspele verteenwoordig is, was aërobiese oefeninge, liggaamsbou, boks, skaak, krieket, sokker, sagtebal, tennis en tafeltennis.
- Die dame- en mansokkerspanne het in die 2006-SAFA-sokkerligas gespeel en vir die SASSU-klubkampioenskappe gekwalifiseer wat in Desember in Oos-Londen gehou is.
- Tshepo Botipe wat Suid-Afrika by die Verenigde Nasies se Ju-Jitsu-kampioenskap by Sun City verteenwoordig het, het twee goue medaljes en een silwer verwerf. Hy het daarna Suid-Afrika by die ISJA-wêreldkampioenskap in Argentinië in November 2006 verteenwoordig. Kgaugelo Moalosi, wat vir die Presidentspan gekies is, het silwer- en bronsmedaljes verower.
- Mpho Mmualefe het deelgeneem aan die Karate-universiteitswêreldspele wat in die Verenigde State gehou is.
- Tshenolo Selima het SASSU verteenwoordig by die Sagtebal-wêreldkampioenskap, wat deur China aangebied is.

- Galeboe Daniel Mogorosi is genooi om in die Limpopo-rolstoeltenniskompetisie te speel. Sy prestasie het aan hom 'n uitnodiging na die SA Ope Rolstoeltenniskampioenskap in Desember verdien.
- Vier spelers is vir NW-Sentraal se landloopspan gekies en het deelgeneem aan die SA-Landloopkampioenskap wat gedurende September in Witbank gehou is.
- Tydens die Sportgalatoekennings wat op 20 Oktober 2006 gehou is, is Tshenolo Selima as sportvrou van die jaar en Tshepo Botipe as sportman van die jaar bekroon.

Kultuuraangeleenthede

Die Mafikengkampus wag op die uitslag van 'n aansoek om 'n kampusradiolisensie wat deur kampusbestuur by die Onafhanklike Kommunikasieowerheid van Suid-Afrika ingedien is. Indien die aansoek geslaagd is, sal die radiostasie gemeenskapsinhoud vanaf die kampuskommunikasie-ateljêe uitsaai met gebruik van die FM 950 Mhz-frekwensie.

Ander kulturele hoogtepunte op die kampus het die volgende ingesluit:

- Die Kampuskoor het die eerste plek in die provinsiale been van die Ou Mutual Telkom-kompetisie verower en het die NWU en die provinsie by die koormusiekkompetisie in Port Elizabeth verteenwoordig.
- Die jaarlikse Multikulturele Fees vir amateur- en gemeenskapskunstenaars op 13 Oktober 2006, 'n ontvangs vir internasionale studente wat daarop gerig is om hul verskillende kulturele agtergronde te vier, en die Kunste vir Almal-toekennings en Galadinee. By laasgenoemde het studentekunstenaars sertifikate van waardering ontvang wat deur die Bestuurder Studentesake en die Kultuurbeampte onderteken is.
- 'n Huweliks- en verhoudingseminaar is in September 2006 gehou, 'n gesamentlike inisiatief deur die Kultuurkantoor en die Christenstudentebeweging.
- Tydens die Kunste vir Almal-toekennings en Galadinee, wat vir die eerste keer op 10 November 2006 gehou is, is studente in die uitvoerende kunste vir hul uitstaande prestasies beloon.

Slotwoord

Die Mafikengkampus se tema vir 2006 kan beskryf word as "bemagtiging van personeel vir beter diensuitnemendheid". Daar is spesiaal op die ontwikkeling van die vaardighede van akademici en ondersteuningspersoneel gefokus, asook op die verbetering van gehalteonderrig en -leer, en op die opgradering van die kampus se akademiese en navorsingshulpbronne. Hierdie pogings sal voortgesette verbeterings in studentedeurvloei en navorsingsuitsette ondersteun en die kampus se posisie as 'n intellektuele grondslag vir gemeenskapsbemagtiging versterk en voortgaan om vennootskappe met die sakewêreld en die regering in die Noordwes-provinsie te bevorder.



PROF ND KGWADI
KAMPUSREKTOR: MAFIKENG

Kampusoorsig: Potchefstroom

Prof AL Combrink, Kampusrektor: Potchefstroom



Studente-inskrywings in 2006

Eerstejaars	4 111
Seniors	22 766
Totaal	26 877

Diplomas en grade in 2006 toegeken

Die fakulteitsgradeplegtighede is van 22 Maart tot 1 April gehou, die MBA-plegtigheid op 19 Mei, die herfsgradeplegtighede van 22 tot 26 Mei en die lentegradeplegtighede van 11 tot 15 September.

Gegradueerdes per fakulteit in 2006

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte	367
Fakulteit Natuurwetenskappe	326
Fakulteit Teologie	131
Fakulteit Opvoedingswetenskappe	3 466
Fakulteit Regte	162
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	1 342
Fakulteit Ingenieurswese	189
Fakulteit Gesondheidswetenskappe	915
Totaal	6 898



Kampushoogtepunte vir 2006

- Lede van die Eenheid vir Ruimtefisika en die Skool vir Fisika was deel van die internasionale samewerking aan die Hoë-Energie Spektroskopiese Stelsel (HESS), wat 'n finalis was vir die gesogte Descartes-prys vir Navorsing van die Europese Unie. HESS is 'n rangskikking van vier groot Cherenkov-teleskope wat in Namibië deur 'n Europese Konsortium met Afrika-vennote gebou is en bedryf word.
- Die ENB-Hoëprestasie-instituut, wat as uniek beskou word vir die verskeidenheid van hul sportverwante dienste, is op 8 September 2006 in gebruik geneem. Die instituut se sportgimnasium is sonder twyfel die bes toegeruste gimnasium van sy soort in Afrika.
- Die Hitteoordrag-toetsfasiliteitlaboratorium (HOTF-laboratorium) van die Fakulteit Ingenieurswese, wat in samewerking met PBMR gebou is, is voltooi. Navorsing wat vir PBMR by die laboratorium uitgevoer word, is van nasionale belang in die soeke na volhoubare energiebronne.
- Die Atmosferiese Chemie-groep is as 'n vennoot in die ontwikkelende lande gekies in 'n navorsingsprogram ter waarde van 50 miljoen euro wat handel oor die impak van aërosole op wêreldwye klimaatsverandering. Slegs vier van die 45 deelnemende navorsingsgroepe wat genooi is om deel te neem, is van buite Europa.

Onderrig-leer

In die lig van Suid-Afrika se tekort aan vaardighede in die natuurwetenskappe, ingenieurswese en handel het die 2006-studente-inskrywingstendense op die Potchefstroomkampus begin om 'n bemoedigende verskuiwing in die rigting van hierdie dissiplines te toon.

Opvoedingswetenskappe het die dominante dissipline gebly vir sover dit voorgraadse studentetalle betref, met net meer as 53,4 persent inskrywings gedurende die jaar. Van hierdie inskrywings was 10 272 afstandstudente. Daar was egter 'n merkbare toename in voorgraadse inskrywings in die skaarser dissiplines gedurende 2006:

Handels- en administrasie-inskrywings het op 2 996 te staan gekom, wat 'n styging van drie persent vergeleke met 2005 verteenwoordig.

Inskrywings in ingenieurswese het met 989 gestyg, wat nege persent hoër as die vorige jaar is. In die natuurwetenskappe het die kampus 475 studente ingeskryf, 10 persent meer as in 2005.

Navorsing

Volgens die NWU se Strategiese Plan is die universiteit besig om homself te herposisioneer vanaf 'n onderriggebaseerde universiteit wat gefokusde navorsing doen na 'n gebalanseerde onderrig-navorsing-universiteit. Een van die sleuteltekens vir die meet van vordering in hierdie opsig is die verhouding van akademiese personeel tot NNS-graderings.

Die Potchefstroomkampus het aan die einde van die jaar 80 NNS-geëvalueerde navorsers gehad, wat 13,87 persent van sy akademiese personeel verteenwoordig. Dit was slegs effens laer as die teiken van 14,1 persent wat vir 2006 vir die kampus gestel is. Van die agt fakulteite op die kampus is dié met die hoogste verhouding van NNS-gegradeerde personeel die Fakulteit Regte, waar 25,93 persent van akademiese personeel oor NNS-graderings beskik, Natuurwetenskappe, met 24,41 persent, Gesondheidswetenskappe (18,12 persent) en Teologie (16,67 persent).

Wat betref navorsingsuitsette het die kampus 330 artikelekwivalente (boeke en portuurgeëvalueerde referate ingesluit) in 2006 gegenereer, wat 89 persent van die NWU se totale uitset verteenwoordig.

Implementering van kundigheid

Die werklike waarde van navorsing lê in hoe doeltreffend die insigte wat verkry word, gebruik word om knellende sosio-ekonomiese probleme op te los, die lewensgehalte van gemeenskappe te verbeter en die doeltreffendheid en produktiwiteit van die sakewêreld en die nywerheid te verbeter. Die Potchefstroomkampus het 'n goeie rekord wat betref die implementering van kundigheid tot die voordeel van gemeenskappe, die sakewêreld en die regering deur kommersialisering en gemeenskapsontwikkelingsprojekte.

Gedurende 2006 is agt Suid-Afrikaanse voorlopige en finale patentaansoeke by die RSA se Patentekantoor namens die kampus ingedien. Hierbenewens is drie Suid-Afrikaanse finale patente wat voorheen ingedien is, finaal goedgekeur en toegestaan. Die kampus het ook ses internasionale patentaansoeke ooreenkomstig die patentsamewerkingsverdrag (PSV) met die Internasionale Buro van die Wêreldorganisasie vir Intellektuele Eiendom (WOIE) in Genève, Switserland ingedien.

Oor die agt fakulteite het 'n aantal kommersialiserings- en gemeenskapsontwikkelingsprojekte as rolmodelle vir die doeltreffende implementering van kundigheid uitgestaan:

- Die Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT) het speltoetsers in al die ampstale van Suid-Afrika ontwikkel, asook vyf nuwe speltoetsers vir Afrikatale noord van die Limpopo vir 'n internasionale befondsers. Hierbenewens het CTexT deur hul verskeidenheid van rekenaargesteunde taalaanleerprogramme (RGTA-programme) tot veeltaligheid in Suid-Afrika bygedra, en hulle het 'n toekening van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) vir die bevordering van veeltaligheid in Suid-Afrika ontvang.
- Die Fakulteit Ingenieurswese het 'n nuwe JS1-sweeftuig ontwikkel en gebou, wat 'n wêreldtoekening gewen het en waarvoor daar 'n groeiende aantal bestellings geplaas word. Die fakulteit het ook 'n Kadetdosenteprojek geïmplementeer, wat die identifisering van belowende swart studente vir beurse behels.
- Lede van die Fakulteit Regte is deel van 'n internasionale, interuniversitêre navorsingsprojek oor die doeltreffendheid van MIV/VIGS-kommunikasie materiaal. Twee universiteite in Nederland, naamlik die Universiteit Amsterdam en Universiteit Tilburg, asook verskeie ander Suid-Afrikaanse universiteite is by hierdie gesamentlike projek betrokke.
- In 2006 het die Fakulteit Gesondheidswetenskappe 'n innovasietoelae van meer as R10 miljoen oor drie jaar van die Departement van Wetenskap en Tegnologie ontvang. Hierdie toelae is vir die verdere ontwikkeling van die unieke feroïed-tegnologie, wat daarop gerig is om die doeltreffendheid van behandeling vir malaria, tuberkulose en pediatriese MIV/VIGS te verbeter.
- Die HOTF-laboratorium van die Fakulteit Ingenieurswese op die Potchefstroomkampus, wat in samewerking met PBMR gebou is, is voltooi en werk het begin met die navorsing wat vir PBMR gedoen word. Dit is kwessie van nasionale belang in die soeke na volhoubare energiebronne.
- Die Atmosferiese Chemie-groep neem deel aan 'n navorsingsprogram ter waarde van 50 miljoen euro oor die impak van aërosole op wêreldwye klimaatsverandering. Van die 45 lande wat betrokke is, is slegs vier van buite Europa.
- Die Eenheid vir Ruimtefisika en die Skool vir Fisika het deelgeneem aan die internasionale Hoë-energie Spektroskopiese Stelsel (HESS), wat 'n rangskikking is van vier groot Cherenkov-teleskope wat in Namibië deur 'n Europese konsortium met Afrika-vennote gebou is en bedryf word. Die HESS-samewerking was een van die finaliste vir die Europese Unie se Descartes-prys vir Navorsing, wat aan spanne wetenskaplikes toegeken word vir uitstaande wetenskaplike en tegnologiese resultate wat deur transnasionale navorsing in enige wetenskaplike veld behaal word.



Studenteaktiwiteite

Studentebestuur

Die Verteenwoordigende Studenteraad op die kampus het 'n betekenisvolle rol in die verbetering van die gehalte van studentelewe en -aktiwiteite gespeel en doeltreffend met ander kampus-VSR'e saamgewerk en gesonde werksverhoudinge met koshuisbesture, studenteverenigings en die kampusbestuur ontwikkel.

Kampus-VSR-aktiwiteite gedurende die jaar het die volgende ingesluit:

- Totstandbrenging van permanente strukture, asook befondsings- en verslagdoeningsmeganismes vir behoeftige studente.
- Aktiewe betrokkenheid by die ontwikkeling van 'n etiese/gedragskode vir studente, wat met die kodes vir personeel in ooreenstemming gebring sal word.
- Verteenwoordiging in die Uitgebreide Kampusbestuurskomitee, die Kampussenaatskomitee en die onderskeie fakulteitsrade vir doeleindes van oorlegpleging.
- Die herbelyning van die studentelewe, met 'n fokus op kwaliteit eerder as kwantiteit, die bestuur van diversiteit op die kampus en die betrokkenheid van die nuwe "dorpskoshuise" in die georganiseerde studentelewe.

MIV/VIGS

Die MIV/VIGS-kantoor op die kampus is deur een permanente personeellid en 'n aantal tydelike helpers bedryf, in 'n adviserende hoedanigheid bygestaan deur die PUK-MIV/VIGS-advieskomitee, wat vier maal per jaar vergader. Die kantoor werk nou met die Studenteportuurstelsel (SPS) saam, wat uit 'n groep opgeleide portuurhelpers bestaan.

Gedurende 2006 het die MIV/VIGS-kantoor:

- Aan die opleiding van portuurhelpers deelgeneem.
- Weeklikse vrywillige beradings- en toetsessies ingestel.
- Suksesvol verskeie bewusmakingsveldtogte van stapel gestuur en 'n traumalyne en verkragtingsprotokol vir die kampus daargestel.
- 'n Geakkrediteerde kortkursus in MIV/VIGS aangebied.
- Aan die beplanning van die voorgestelde Studentewelstandsentrum vir die kampus deelgeneem.
- Personeel en studente bygestaan met die uitvoering van formele navorsingsprojekte in die Fakulteite Gesondheidswetenskappe, Teologie, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Opvoedingswetenskappe en die Skool vir Kommunikasiestudies in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.



Sport

Die kampus se uitstekende sportrekord en -fasiliteite is van geweldige waarde vir die NWU wat betref studentewerwing en -welstand, asook vir die kampus se betrokkenheid by sportontwikkeling in voorheen benadeelde gemeenskappe. Die jongste toevoeging tot die NWU se sportfasiliteite is die ENB-Hoëprestasie-instituut, wat in September 2006 in gebruik geneem is en een van die beste institute van hierdie soort in Afrika is.

Opleidingskursusse vir deelnemers, beamptes en afrigters is aangebied en die verskillende sportkodes was by akademiese navorsing deur die sportspanne en -klubs betrokke.

Op die sportveld was 2006 een van die beste jare in die kampus se geskiedenis, met prestasies in al die belangrikste sportkodes, insluitende atletiek, hokkie, netbal, krieket, rugby, sokker en tennis.

Rugby: Die kampus het al die kompetisies gewen waaraan hulle deelgeneem het, insluitende die SASSU-toernooi, die FNB Super Bowl, die Nasionale Klubkampioenskap en die Goue Leeus Pirates Groot Uitdaging. Twee studente is vir die nasionale amateurspan gekies, nog twee is in die SASSU-sewesspan ingesluit wat aan die Wêreldsewes-studentetoernooi in Frankryk deelgeneem het, en 'n groot aantal spelers van die Rugbyinstituut het vir verskeie spanne in die Super 14-liga gespeel.



Atletiek: Die kampusspan het die SASSU-atletiektoernooi vir universiteite gewen en 13 van die atlete is vir die Suid-Afrikaanse nasionale span gekies. Hierdie atlete het altesaam 69 medaljes gedurende 2006 gewen en het besonder goed gevaar by die Statebondspele, waar hulle drie van die vyf atletiekmedaljes gewen het. Lede van die span het gedurende die jaar ses Suid-Afrikaanse rekords opgestel. In 2006 was nege atlete onder die voorste 100 atlete ter wêreld in hul onderskeie items, met agt van hulle onder die voorste 40.

Netbal: Vir die sesde opeenvolgende jaar het die kampusspan onder die voorste drie op die SASSU-ranglys geëindig. In 2006 is agt spanlede in die nasionale spanne ingesluit, en drie in die SASSU-span wat aan die Afrika-studentespele deelgeneem het.

Karate: Gedurende 2006 het die kampusspan die SASSU-karatekompetisie vir die sewende jaar agtereenvolgens gewen. Vier lede van die klub het aan die Wêreldstudentekampioenskap in die Verenigde State deelgeneem en die klubafriigter, Johan van Tonder, is as die nasionale afrigter benoem.

Hokkie: Een speler, Leslé-Ann George, was deel van die nasionale vrouespan wat aan die Statebondspele deelgeneem het, asook aan vier toetse teen Indië en aan die Vrouewêreldbeker in Spanje.

Sokker: Die aantal spanne wat in die koshuisliga speel, het gedurende die jaar van vyf tot 34 toegeneem. Die kampus se Tawana-span het die plaaslike Castle-liga gewen en is na die Vodacom-liga bevorder, die derde-hoogste liga in die land ná die PSL en die Muvella-liga.

Krieket: Die eerste span het al vier ligas gewen waarvoor hulle ingeskryf het. Hulle het ook Noordwes by die nasionale kampioenskappe verteenwoordig en het tweede in hul afdeling geëindig.

Tennis: Twee NWU-spanne het aan die SASSU-kampioenskap deelgeneem, wat deur die tweede span gewen is.

Die kampus het ook goed gevaar wat betref sommige van die kleiner sportkodes soos gewigoptel, skopboks, pluimbal, basketbal en liggaamsbou, met talle deelnemers wat vir nasionale spanne gekies is. 'n Lid van die kampus se liggaamsbouspan het die Suid-Afrikaanse onder 21-titel gewen en het aan die Mnr Wêreld-kompetisie in November 2006 in Frankryk deelgeneem, en 'n lid van die skopboksspan het haar afdeling gedurende die Wêreldkampioenskap van die Profi-skopboksvereniging in Athene gewen.

Kultuuraangeleenthede

Die Kultuurkantoor is toegewy aan die persoonlike ontwikkeling van studente deur betrokkenheid by 'n wye verskeidenheid kultuuraktiwiteite van 'n hoë standaard. Gedurende die jaar het 'n aantal kampuskultuurgroepe aan nasionale en internasionale toere deelgeneem, insluitende die Universiteits-koor, die Serenaders ('n tradisionele koor) die Alabama-studentegroep, die Thalia-toneelvereniging en die Boulevard Harmoniste ('n a cappella-groep).

Die kantoor het weer eens 'n aantal uiters gewilde jaarlikse gebeure gereël, soos die Eerstejaarskonsert, die Standard Bank-Talentkompetisie, die Filmfees en die Serenaders-kompetisie. Hierbenewens het die kantoor steeds die Cachet-Kleintheater, die Sanlam-Ouditorium (die enkele mees gewilde byeenkomplek in die stad Potchefstroom), die Amfiteater en verskeie NWU-ontspanningsfasiliteite bestuur, soos die Nootgedacht-fasiliteit, wat gedurende 2005 en 2006 'n groot opgradering ondergaan het. Die kantoor het ook waardevolle ondersteuning aan die organiseerders van die Aardklop-fees gebied.

Die Instituut vir Kunstebestuur en -ontwikkeling (Artéma) het verskeie universiteitsgeakkrediteerde kortkursusse aangebied, praktykgerigte navorsing binne die breë kuns- en kulturomgewing uitgevoer

en ontwikkelingsprojekte op die gebied van kunstebestuur asook 'n kunstebestuursimposium aangebied, waarby 140 kunstebestuurders van dwarsoor die land betrokke was.

Slotwoord

In die lesinglokale, laboratoriums en sportfasiliteite het die personeel en studente van die Potchefstroom-kampus in die geheel prestasies gelewer wat nasionale en internasionale erkenning waardig is. Die kampus het 'n aantal prestigetoekennings en kontrakte vir pionierswerk ontvang op gebiede wat wissel vanaf veeltalige rekenaartegnologie tot ruimtefisika en atmosferiese chemie. Die kampus het ook verdienste uit patente op uitvindings beduidend verhoog, verskeie nuwe patente geregistreer en die aantal gegradeerde navorsers tot 'n rekordhoogte laat styg. Die gees van innovasie loop steeds hoog op die kampus, wat gretig is om die uitdagings van die komende jaar die hoof te bied.



PROF AL COMBRINK
KAMPUSREKTOR: POTCHEFSTROOM

Kampusoorsig: Vaaldriehoek

Prof PJJ Prinsloo, Kampusrektor: Vaaldriehoek



Studente-inskrywings in 2006

Eerstejaars	671
Seniors	2 701
Totaal	3 372

Gegradueerdes per skool in 2006

Skool vir Basiese Wetenskappe	54
Skool vir Tale	11
Skool vir Gedragwetenskappe	75
Skool vir Ekonomiese Wetenskappe	170
Skool vir Modelleringswetenskappe	46
Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe	271
Fakulteit Vaaldriehoek	158
Totaal	785

Kampushoogtepunte

- Vir die eerste keer in die geskiedenis van die NWU is doktorsgrade tydens seremonies op die Vaaldriehoek-kampus toegeken. Voorheen is doktorsgrade slegs op die Mafikeng- en Potchefstroom-kampus toegeken.
- Altesaam 785 diplomas, sertifikate en grade is by drie gradeplegtighede toegeken. Op 4 en 5 Mei 2006 is 682 kwalifikasies toegeken, terwyl 103 tydens die seremonie op 8 September toegeken is.
- Die plek vir die 2006-gradeplegtighede was die Emfuleni-konferensiesentrum, wat tot die NWU-konferensiesentrum herdoop is.



Onderrig-leer

Die hoofdoel van die Vaaldriehoekampus gedurende 2006 was om die voorgraadse deurvloei tot 'n norm van 1,37 te verbeter. Ingrepe gerig op die ondersteuning hiervan het proaktiewe identifikasie van hoërisikomodule en die bestuur daarvan deur die aanstelling van leerfasiliteerders en die versterking van leerder- en akademiese ondersteuning vir studente op risiko ingesluit. Die kampus het ook alle moduleslaagsyfers gemoniteer, beide die hoërisiko- en bevredigende gevalle, ten einde tendense te volg en daarop te reageer.

Evaluering van werklike prestasie teen die deurvloei-teikens was egter problematies as gevolg van 'n gebrek aan duidelikheid oor die omskrywing van deurvloei en die onbeskikbaarheid van toepaslike en bestuurs-inligting. Die regstelling van hierdie beperkings is 'n dringende prioriteit vir die 2007- akademiese jaar.

Goeie vordering is gemaak met aandag aan kwaliteitsversekeringsaangeleenthede, wat 'n universiteitswye prioriteit in die lig van die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee (HOKK) se 2008-oudit. Ten einde te verseker dat kwaliteitsversekering op gekoördineerde wyse hanteer word, het die kampus 'n deeltidse akademiese kwaliteitsbeampte aangestel om met die NWU-kwaliteitsprojekspan, die Kwaliteitskantoor en Akademiese Steundienste te skakel. Hierdie beampte is ook daarvoor verantwoordelik om interne en eksterne oorsigte van programme te koördineer.

In 'n verbandhoudende ontwikkeling gerig op die versekering van groter eenvormigheid in kwalifikasie-uitkomsteregter die kampus is akademiese personeel aangemoedig om 'n aktiewe rol in die NWU se institusionele programbelyningskomitees te speel. Hierbenewens is personeelontwikkelingswerkswinkels gehou, het die kampus tot die hersamestelling van die Leer- en Leesontwikkelingsmodule (LEER 111) bygedra en het die proses van die herdefiniëring van kruisdissiplinêre uitkomsteregter 'n aanvang geneem.

Oorsigte is van 'n aantal kampusprogramme gedoen en aksieplanne vir verbetering is ontwikkel. Die kwaliteitsbeampte sal die implementering van hierdie plan moniteer en aan die dekaan van die fakulteit verslag doen oor die vordering wat gemaak is.

Die programme waarvan daar 'n interne oorsig gedoen is, was Psigologie, Openbare Bestuur en Administrasie, Teologie en Bybelstudies, Filosofie, Sakebestuur, BSc BWI, Afrikaans, Engels, Sesotho en die BEd.

Portefeuljes is saamgestel vir die eksterne oorsig van die program in Geëksamenreerde Rekenmeesterskap (GR), die Geëksamenreerde Onderwysertifikaat-program (GOS-program) en die Nagraadse Sertifikaat in Opvoedkunde-program (NSO-program). Die HOKK het toe egter 'n besluit geneem om slegs 'n oorsig van die Geëksamenreerde Sertifikaat in Opvoedkunde en die Nagraadse Sertifikaat in Opvoedkunde-programme by die NWU se ander twee kampusse te doen. Die Vaaldriehoekampus het nogtans ingestem om 'n oorsig van die Geëksamenreerde Sertifikaat in Opvoedkunde- en die Nagraadse Sertifikaat in Opvoedkunde-program

intern te doen, in ooreenstemming met HOKK-kriteria en met gebruik van eksterne persone wat die oorsig doen. Programme wat eksterne oorsig ondergaan het, was dié in Geoktrooieerde Rekenmeesterskap, die Gevorderde Sertifikaat in Opvoedkunde en die Nagraadse Sertifikaat in Opvoedkunde.

Navorsing

Die strategiese raamwerk vir die verstewiging van navorsing op die Vaaldriehoekkampus is gedurende 2006 in plek gestel, toe navorsingsprosedures belynd is met dié wat deur die Institusionele Navorsingskantoor voorgestel is. Belyning is ook verbeter deur fokusarea-werkswinkels, wat deur die meerderheid van die kampsutoesighouers en promotors asook die Navorsingskantoor bygewoon is.

Hoewel daar sterk aanduidings is dat navorsingskapasiteit dringend versterk moet word, het die kampus 'n toename van 13,5 persent gerapporteer in die getal meestersgraadstudente wat geregistreer is. In 2006 is 49 meestersgraadstudente geregistreer, vergeleke met 43 gedurende die vorige jaar. Daar was 'n effense afname in doktorsale registrasies, na 14 studente in 2006, vergeleke met 15 in 2005.

Die stremming wat op die kampus se navorsingskapasiteit geplaas is, is ook in navorsingsuitsette vir 2006 gereflekteer, met 31 geakkrediteerde artikelwivalente wat gelewer is, vergeleke met 32,5 in 2005.

Wat betref Nasionale Navorsingstigting-graderings het twee kampusakademici gedurende die jaar aansoek gedoen. Albei was suksesvol, met een wat 'n C3-gradering en die ander wat 'n Y2-gradering ontvang het. Die C3-gradering is toegeken aan die Direkteur in die Kantoor van die Kampusrektor, wat in 2006 vier kongresreferate gelewer het en twee referate, een in 'n geakkrediteerde vaktydskrif en die ander in 'n geakkrediteerde internasionale vaktydskrif, en ook 'n epiese gedig in 'n geakkrediteerde vaktydskrif en 'n hoofstuk in 'n boek gepubliseer het.

Implementering van kundigheid

Skole binne die Vaaldriehoekkampus se enkele fakulteit het aktief by navorsings- en gemeenskapsprojekte betrokke gebly wat daarop gerig was om tot die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Vaalstreek by te dra:

- 'n Aantal nagraadse studente in die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe het studies in die verligting van armoede in die streek uitgevoer, bygestaan deur 'n skenking van Malesela Taihan Electric Cable (Pty)

Ltd, 'n markleier op die gebied van vervaardiging van aluminium- en koperdraad. Deel van die skenking sal ook vir nagraadse beurse vir studente uit voorheen benadeelde gemeenskappe gebruik word.

- Die Vaaldriehoekkampus het sy Ikateleng-projek voortgesit, wat steun aan Graad 12-leerders uit voorheen benadeelde gemeenskappe in die streek lewer. Die projek het weer eens 'n skenking van Ucar South Africa ontvang, wat nog altyd ondersteuning aan die projek gebied het.
- Resilient Educators (RED's) is 'n bemagtigingsprogram vir opvoeders wat deur die MIV- en VIGS-pandemie geaffekteer is wat deur die Skool vir Opvoedingswetenskappe saamgestel en geïmplementeer is. Opvoedersbemagtiging is noodsaaklik ter beveiliging van die gehalte van hul werk en hul sielkundige veerkragtigheid. Programevaluering van RED's sluit 2007-implementering in Noordwes, Mpumalanga en die Vrystaat en samewerking met die NWU se Potchefstroomkampus (Maatskaplike Werk) en Universiteit van Pretoria (Maatskaplike Werk en Opvoedkundige Sielkunde) in.
- 'n Groep studente het die inisiatief geneem om 'n Saterdagsskool by 'n hoërskool in Sharpeville aan te bied, met die instemming van die Gautengse Onderwysdepartement. Die slaagsyfer van die matkulante het van 55 persent gedurende die vorige jaar tot 89 persent gedurende 2006 verbeter.

Studenteaktiwiteite

Studentebestuur

Na 'n verkiesingsveldtog en verkiesing wat glad verloop het, het die nuut verkose studenteleiers gedurende September 2006 leierskapsopleiding ondergaan. Die doel van die opleidingswerkswinkel was om aan studenteleiers insig in die visie, missie, beleid en strukture van die NWU te gee, hul inkoop in die instandhouding en verbetering van die etos van die universiteit te verkry, konstruktiewe konflikthanteringsvaardighede te ontwikkel, spangees te bou en hul Strategiese Plan vir 2006/7 te ontwikkel. Daar is aan al hierdie doelstellings voldoen.

Die hoofprojek van die 2006/7-studenteleiers is Masifunde ('Laat ons studeer'), met monitering en leiding deur die kampusbestuur.

Regdeur hul ampstermyn het die studenteleiers van 2005/6 effektief aan die bestuurstrukture van die kampus en die NWU deelgeneem, sowel as aan die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad.

MIV/VIGS

Die kampus is daartoe verbind om MIV/VIGS met 'n positiewe ondersteunende en nediskriminerende benadering te hanteer, en om hulpbronne en leierskap te voorsien ter implementering van die MIV/VIGS-program. Die bewusmakingsprogram is deur die welstandsbeampte gekoördineer en geïmplementeer met die bystand van gesondheidswerkers van 'n plaaslike kliniek, die studenteorganisasie Information Gap en die studenteportuurhelpergroep, bekend as Ch@s. Vrywillige beradings- en toetsdienste is op 'n weeklikse grondslag gelewer, terwyl steun vir mense wat met MIV saamleef deur 'n vrywillige gesondheidshelper en studenteportuurhelpers voorsien is.

Sport

Op die sportveld het studente van die kampus 'n aktiewe en suksesvolle jaar beleef:

- Die damesnetbalspan het aan SASSU se "B"-afdelingwedstryde deelgeneem en in die tweede plek geëindig.
- Gedurende die 2005/6-seisoen het vier krieketspanne van die kampus aan die plaaslike liga deelgeneem. Die tweede en derde spanne het hul onderskeie ligas gewen, terwyl die twee spanne wat in die eerste liga gespeel het onderskeidelik tweede en vierde geëindig het.
- Die Krieketakademie het 'n suksesvolle toer na die Verenigde Koninkryk onderneem, waar die onder 19-span ses van hul sewe wedstryde gewen het. Drie van die spanlede is genooi om gedurende die volgende seisoen klubkrieket in die Verenigde Koninkryk te speel.
- Vir die eerste keer het 'n krieketontwikkelingspan van die kampus aan die plaaslike eerste liga vir hoërskole deelgeneem. Die ontwikkelingspan was onoorwonne en vier van die lede is vir die SASSU-span gekies, wat aan SASSU se 'B'-toernooi deelgeneem het.
- Die fietsryklub, wat by Suider-Gauteng-fietsry geaffilieer is, het by die aanstelling van 'n voltydse afrigter en 'n skenking van fietse aan die kampus baat gevind. Die 'Kampus-na-Kampus'-fietswedren was 'n groot sukses.
- In die plaaslike sokkerliga het die mansokkerspan vanaf die agste plek gedurende die vorige seisoen na die derde plek verbeter. Die damesokkerspan het die interkampustoernooi gewen en het die Potchefstroomkampus en die Mafikengkampus verslaan. Sewe dames en ses mans het die NWU tydens die jaarlikse intervarsity teen die Universiteit van die Vrystaat verteenwoordig. Die damespan is genooi om aan die NW-Vodacom-liga deel te neem.

Kultuuraangeleenthede

Die Vaaldriehoekkampus is bekend vir hul aktiewe kultuurlewe, in die besonder vir debatvoering, drama en dans.

Gedurende 2006 het die Riverine Toastmasters-studenteliggaam openbare redevoeringskompetisies op die kampus aangebied en 'n werkwinkel in openbare redevoering vir die Gautengse Onderwysdepartement aangebied. As deel van hul gemeenskapsuitreikprogram het hulle senior skoolleerders met openbare redevoeringsvaardighede bygestaan.

'n Kuns- en Kulturfees is op die kampus gehou en is goed bygewoon. Dit het uit twee afdelings bestaan, naamlik uitvoerende kunste in die vorm van drama en digkuns, en in die vorm van dans, wat op Zoeloe- en Tswana-danse gefokus het.

Die Kampusrektor se 2006-toekenning vir Uitnemendheid in die studentelewe is aan Ephraim Mbipha toegeken.

Slotwoord

In verskeie opsigte was 2006 'n waterskeidingsjaar vir die Vaaldriehoekkampus. Nie net is meesters- en doktorsgrade vir die eerste keer plaaslik toegeken nie, maar die kampus het ook die toekenning van die Nasionale Navorsingstigting-akkreditasie (NNS-akkreditasie) aan twee personeellede gevier. Benewens hierdie suksesse het die Vaaldriehoekkampus klein maar beduidende stygings getoon in die getal studente wat meesters- en doktors kwalifikasies voltooi het, en is daar goeie vordering met sy akademiese belyning en kwaliteitsversekeringsprogramme gemaak. Kampusverhoudinge het voordeel uit die hoogs konstruktiewe rol van die nuut verkose studenteierskap geput, asook uit die aktiewe deelname van studente in sport-, kultuur- en gemeenskapsdiensaktiwiteite.



PROF PJJ PRINSLOO
KAMPUSREKTOR: VAALDRIEHOEK

*“Weens beurse en ander vorme van finansiële ondersteuning wat beskikbaar is vir verdienstelike voorheen benadeelde individue wil dit voorkom of die gaping tussen die bevoorregtes en die benadeeldes besig is om te krimp. Die speelveld word gelyk gemaak. Jyself, harde werk en meriete is al wat nou nodig is om **SUKSES** te behaal in tersiêre studies.”*

Dr LK Sebegu, Voorsitter van die Raad



Finansiële Oorsig

- 105** Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite
- 111** Gekonsolideerde balansstaat soos op 31 Desember 2006
- 111** Gekonsolideerde inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2006




Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite

Finansiële oorsig

Die finansiële oorsig vir die jaar geëindig 31 Desember 2006 word onder die volgende opskrifte aangebied:

- **Winsgewendheid en groei**


Die universiteit se opgelope reserwes het in die 2006 finansiële jaar verbeter weens 'n netto surplus van R71,2 miljoen, wat ses persent van die totale inkomste verteenwoordig. Die totale inkomste van die universiteit het met 12,1 persent toegeneem tot 'n totale inkomste van R1 271,8 miljoen, terwyl die totale uitgawes met 12,7 persent tot 'n totale uitgawe van R1 200,6 miljoen vir die 2006 finansiële jaar toegeneem het. Die surplus van die 2006 finansiële jaar is vir spesifieke doeleindes geormerk.



Die NWU se inkomste uit staatsubsidie verteenwoordig 43 persent (2005: 44 persent) van die totale inkomste.

Die studentverwante inkomste het met 7,8 persent vir die 2006-jaar toegeneem. Vir die 2006-jaar was daar 'n vyf persent-styging in klasgelde vir die Potchefstroom- en Vaaldriehoekcampus en 'n 11 persent-styging vir die Mafikengkampus, ten einde die gelde oor 'n tydperk van sewe jaar te harmoniseer.

Die NWU se verklaarde finansiële doelwit, naamlik om sy afhanklikheid van die staat voortdurend te verminder, word dus gehandhaaf, hoofsaaklik weens die volgehoue groei van 20,4 persent in ander inkomste, wat navorsings-, entrepreneuriese en beleggingsaktiwiteite insluit.



Totale uitgawes het met 13 persent gestyg. Personeeluitgawes het met 13 persent gestyg. Die totale koste van personeeluitgawes was 50 persent van die totale inkomste, wat goed binne die norm vir die sektor is.


Bedryfsuitgawes het met 11 persent toegeneem en verteenwoordig 39 persent van die totale inkomste.

Ander uitgawes met betrekking tot depresiasie, amortisasie, finansieringskoste en verswakingsverliese het met 22 persent toegeneem. Die universiteit het 'n rollende tienjaarplan waarvolgens grootskaalse gebou-instandhouding plaasvind en wat jaarliks evalueer word ten einde die geboue behoorlik in stand te hou.

• **Toegevoegde waarde**

Soos in die verlede het die NWU weer wesenlike waarde aan die ekonomie toegevoeg. Met betrekking tot die NWU as 'n tersiêre instelling met die kernbesigheid van onderrig-leer, navorsing en implementering van kundigheid (insluitende gemeenskapsdiens) kan die volgende uitgelig word:

- 9 821 studente het gedurende 2006 grade en diplomas ontvang;
- R58,2 miljoen is as beurse aan studente toegeken.





- **Solvabiliteit en likiditeit**

Die totale laste (R554 miljoen) uitgedruk oor opgehoopte reserwes (R661,9 miljoen) dui aan dat die NWU se verhouding van skuld tenoor fondse afgeneem het tot 0,84 (2005: 0,77).


Die totale laste uitgedruk oor totale bates het vir die 2006 finansiële jaar afgeneem. Die totale laste is 2,20 maal (2005: 2,31 maal) deur totale bates gedek.

Verlaagde studenteleninge: Dit is die beleid van die NWU om studenteleninge aan finansiële instellings te verdiskonteer ten einde op die regstreekse invorderingskoste te bespaar.


Solvabiliteitsverhoudings gee 'n duidelike aanduiding dat die NWU solvent is en in staat om sy verpligtinge op die lang- en die korttermyn na te kom.



Die bedryfskapitaalverhouding dui aan dat die bedryfslaste 2,74 maal (2005: 2,49 maal) deur die bedryfsbates gedek is. Indien die ontleding in randwaarde uitgedruk word, het die bedryfsbates met R96,2 miljoen vir die 2006 finansiële jaar toegeneem, terwyl die bedryfslaste vir dieselfde tydperk met R18,2 miljoen toegeneem het. Die groei in bedryfsbates is hoofsaaklik 'n resultaat van die styging in kontant en kontantekwivalente.




Die universiteit se verhouding van kontant en kontantekwivalente tot bedryfslaste het positief van 2,14 in 2005 tot 2,36 gedurende die 2006 finansiële jaar toegeneem.



- **Kontantvloei**

Surplus gegeneer met betrekking tot kontantvloei

Hoewel die NWU 'n surplus van R71,2 miljoen vir die 2006 finansiële jaar gegeneer het, het die netto kontantvloei vir dieselfde finansiële jaar met R82,3 miljoen toegeneem. Hierdie analise dui daarop dat kontant wat gegeneer is die surplus oortref wat vir die 2006 finansiële jaar erken is. Dus is bedrae ontvang wat nie aan die erkenningskriteria vir inkomste gedurende die 2006 finansiële jaar voldoen het nie en gevolglik daarna tot latere tydperke uitgestel is.



- **Ten slotte**

Die NWU was in staat om die volgende finansiële doelwitte gedurende die 2006 finansiële jaar te verwesenlik:

- Positiewe groei in opgehoopde reserwes met 'n netto surplus van R71,2 miljoen vir die jaar;
- Versekering dat die NWU 'n lopende saak is deur sy solvensiestand te verstewig en goeie likiditeitsvlakke gedurende die 2006 finansiële jaar te handhaaf.

Die Raad is deur middel van goeie korporatiewe beheer en die universiteitsbestuur deur doeltreffende bestuur tot verdere verbetering hiervan verbind.

Prof Johan Rost
Uitvoerende Direkteur:
Finansies en Fasiliteite

Gekonsolideerde Balansstaat

soos op 31 Desember 2006

GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT	2006 R	%	2005 R	%
BATES				
Nie-bedryfsbates	673 186 980	55	583 914 100	57
Eiendom, Aanleg en Toerusting	397 823 478	33	354 569 239	34
Beleggingseiendomme	25 633 187	2	25 662 860	2
Ontasbare bates	31 148 304	2	14 791 299	2
Langtermynbeleggings	218 582 011	18	185 475 624	19
Studentelening	0	0	3 415 078	0
Bedryfsbates	542 748 978	45	446 548 742	43
Voorraad	12 153 108	1	12 587 017	1
Handels- en ander debiteure	64 805 380	6	50 426 727	5
Kontant en kontantekwivalente	465 790 490	38	383 534 998	37
Totale bates	<u>1 215 935 958</u>	<u>100</u>	<u>1 030 462 842</u>	<u>100</u>
FONDSE EN LASTE				
Fondse beskikbaar				
Opgelope fondse	661 908 895	54	583 954 413	57
Totale laste	554 027 063	46	446 508 429	43
Nie-bedryfslaste	355 933 760	29	266 622 150	26
Langtermynlenings	28 405 399	2	17 466 320	2
Na-aftredevoordele	247 950 455	20	229 897 349	22
Uitgestelde staatstoekennings	79 577 906	7	19 258 481	2
Bedryfslaste	198 093 303	17	179 886 279	17
Handels- en ander krediteure	171 861 560	14	154 642 664	15
Huidige inkomstebelastingaanspreeklikheid	69 429	0	0	0
Huidige gedeelte: Langtermynlenings	9 004 286	1	13 272 938	1
Huidige gedeelte: Na-aftredevoordele	8 067 299	1	6 493 919	1
Uitgestelde inkomste	9 090 729	1	5 476 758	0
Totale ekwiteit en laste	<u>1 215 935 958</u>	<u>100</u>	<u>1 030 462 842</u>	<u>100</u>

Gekonsolideerde Inkomstestaat

vir die jaar geëindig 31 Desember 2006

GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT	2006 R	%	2005 R	%
Bedryfsinkomste	1 271 856 919	100	1 134 447 415	100
Staatsubsidies en -toekennings	550 351 075	43	499 681 161	44
Onderrig- en ander gelde	256 634 966	20	238 586 905	21
Inwoning en voedseldienste	110 355 392	9	101 753 959	9
Dienste – entrepreneursaktiwiteite	190 823 002	15	123 024 772	11
Inkomste uit kontrakte (navorsing en ander)	55 488 413	4	64 597 087	6
Rente en dividende	77 573 042	6	73 288 644	6
Private geskenke en toelaes	30 631 029	3	33 514 887	3
Minus: Bedryfsuitgawes	1 200 635 211	94	1 065 706 644	94
Personeelvergoeding	631 723 436	50	558 582 768	49
Bedryfskoste	502 386 239	39	452 495 287	40
Depresiasie, amortisasie en waardedaling	58 019 727	4	45 168 611	4
Finansieringskoste	8 505 809	1	9 459 978	1
Netto surplus voor belasting	71 221 708	6	68 740 771	6
Inkomstebelastinguitgawe	69 429	0	0	0
Netto surplus vir die jaar	<u>71 152 279</u>	<u>6</u>	<u>68 740 771</u>	<u>6</u>

Lys van Afkortings

AO	Aanvullingsonderrig	MHBS	Mensehulpbron-bestuurstelsel
AOO	Institusionele Kantoor Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning	MIV	Menslike Immunitetsgebrekvirus
Artéma	Instituut vir Kunstebestuur en -ontwikkeling	MKBR	Modulêre Korrelbedreaktor
ASGISA	Versnelde en Gedeelde Groei-Inisiatief vir Suid-Afrika	NGOS	Nagraadse Onderwysertifikaat
CARS	Institusionele programbelyningskomitees	NNS	Nasionale Navorsingstigting
CTexT	Sentrum vir Tekstegnologie	NRO	Nieregeringsorganisasies
DvO	Departement van Onderwys	NSFAS	Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente
e-Fundi	Die NWU se volgende generasie e-leerplatform	NWU	Noordwes-Universiteit
ENB	Eerste Nasionale Bank	Oracle-ERP	Oracle Enterprise Resource Planning
Eskom	Elektrisiteitsvoorsieningskommissie	PanSAT	Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad
GOS	Gevorderde Onderwysertifikaat	PEPFAR	US President Emergency Plan for Aids Relief
GR	Geoktrooieerde Rekeningkunde	POTS-fasiliteite	Private Outomatiese Telefoonsentrale-fasiliteite
HEMIS	Hoëronderwys-bestuursinligtingstelsel	PR	Persoonlike rekenaar
HESA	Hoër Onderwys Suid-Afrika	PSV	Patentsamewerkingverdrag
HESS	Hoë-energie Stereoskopiese Stelsel	RED's	Resilient Educators
HIKK	HOVIGS- Institusionele Koördineringskomitee	SAKAI	Hierdie is 'n gemeenskapsbronprojek en honderde universiteite (insluitende die NWU) neem daaraan deel. Dit behels die ontwikkeling van 'n leerderbestuurstelsel.
HOKK	Hoëronderwys-kwaliteitskomitee	SAN	Stoorareanetwerk
HOTF	Hitteoordrag-toetsfasiliteit	Sasol	Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie
ID	Identiteitsdokument	SASSU	Suid-Afrikaanse Studentesportunie
IEASA	Internasionale Onderwysvereniging van Suid-Afrika	SAUPSV	Suid-Afrikaanse Universiteitspersoneel-sportvereniging
IGVOF	Indiensnemingsgelykheid- en Vaardigheidsontwikkelingsforum	Senaat-UK	Uitvoerende Komitee van die Senaat
IKAS	Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde	SOS	Studenteondersteuningstelsel
IKND	Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente	TIF	Tussentydse Institusionele Forum
IKNI	Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie	TPT	Toelatingspuntetelling
IKT	Inligtings- en Kommunikasietegnologie	UNISA	Universiteit van Suid-Afrika
InsinQ	Institutionally Sharing Information Quickly (naam van rekordbestuursprogram)	UP	Universiteit van Pretoria
IT	Inligtingstegnologie	VE	Voltydse ekwivalent
ITUO	Institusionele Toekenning vir Uitnemende Onderrig	VERKA	Verbetering van die kwaliteit van akademiese personeel
IVSR	Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad	VIGS	Verworwe Uminiteitstekortsindroom
J2EE-tegnologie-omskepping	Java 2 Platform Enterprise Edition-tegnologieomskepping	VK	Verenigde Koninkryk
LAN	Lokalearea-netwerk	VSR	Verteenwoordigende Studenteraad
LEER 111	Leer-, lees- en lewensvaardighede-program	VSS	Varsité-studentestelsel
LSBU	London South Bank University	WAN	Wyeareanetwerk
MBA	Meesters in Besigheidsadministrasie	WIPO	Wêreldorganisasie vir Intellektuele Eiendom
MH	Mensehulpbronne		

Erkenning

Navrae en kontakbesonderhede

Institusionele Kantoor

Privaatsak X6001, Potchefstroom, 2520, Republiek van Suid-Afrika

Tel: +27 (18) 299-4931

Faks: +27 (18) 299-4938

E-pos: phumzile.mmope@nwu.ac.za

Webwerf: www.nwu.ac.za

Mafikengkampus

Privaatsak X2046, Mmabatho, 2735, Republiek van Suid-Afrika

Tel: +27 (18) 389-2111

Faks: +27 (18) 392-1198

E-pos: sam.motabogi@nwu.ac.za

Potchefstroomkampus

Privaatsak X6001, Potchefstroom, 2520, Republiek van Suid-Afrika

Tel: +27 (18) 299-2774

Faks: +27 (18) 299-2767

E-pos: theo.cloete@nwu.ac.za

Vaaldriehoekkampus

Privaatsak X1174, Vanderbijlpark 1900, Republiek van Suid-Afrika

Tel: +27 (16) 910-3180

Faks: +27 (16) 910-3326

E-pos: annette.willemse@nwu.ac.za

Jaarverslag-taakspan

Prof CFC van der Walt, mee J Jansen van Vuuren, A van der Merwe, P Mmope, N Engelbrecht, A de Waal en L Wagner, en mnre S Mokoena, M Diedericks en D Walker.

Korrespondensie

Die Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge

Tel: +27 (18) 299-4931

Faks: +27 (18) 299-4938

E-pos: phumzile.mmope@nwu.ac.za

Fotografie

Studio M Design, Maclez Studio

Stock Expert

Big Stock

Redigeerder

Me Clairwyn van der Merwe

Ontwerp en uitleg

eBranding

Ontwerp: Me Nyembezi Phiri

Tel: +27 (11) 504-9812 / www.ebranding.co.za

Drukwerk

Simdall Projects

Die 2006-jaarverslag is deur die Institusionele Kantoor vir Korporatiewe Sake en Verhoudinge gepubliseer. Hierdie publikasie is ook beskikbaar in Engels.